

Verandering in deeltjies: Die ontwikkeling van die deeltjiewerkwoord in Afrikaans

R Boshoff

 **orcid.org/0000-0002-4956-3168**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad [Magister Artium in Afrikaans en Nederlands](#) aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr J Kirsten

Eksaminering: November 2021

Studentenommer: 25629050

Dankbetuigings

Agter elke verhandeling is daar 'n gemeenskap van ondersteuning en bystand, waarvan elke lid 'n unieke en onmisbare bydrae lewer tot die voltooiing van die finale produk. My innige dankbaarheid aan die volgende steunpilare:

My studieleier, Dr Johanita Kirsten. Dit was 'n plesier om leiding te ontvang van iemand wat net so opgewonde kan raak oor deeltjiewerkwoorde as ek. Dankie vir al die ondersteuning en hulp; die entoesiasme wat my die moed gegee het om aan te hou werk selfs toe ek wou tou opgooi.

My ouers, Amanda en Marius Boshoff. Na my hoërskool loopbaan het julle my in die kar geprop en vir my gesê, jy moet universiteit toe gaan. Op daardie stadium het ek nog nie besef wat 'n wonderlike voorreg dit is om verder te studeer nie, en ek sou nooit kon raai dat ek dit soveel sou geniet nie. Dankie vir die hupstoot in die regte rigting, dit was die beste besluit wat ek nog ooit nie vir myself gemaak het nie. En, natuurlik, dankie vir al die ondersteuning en aanmoediging sedertdien.

Die NWU, vir finansiële ondersteuning, en al die dosente en personeellede sonder wie ek dit nooit verder as eerste jaar sou kon maak nie.

Gerben van der Sande (Ecthalmir) and Tomas Martinsson (Bullrich), from The lost realm of Imladris, for answering my seemingly random questions about your home languages, Dutch and Swedish.

Jarred MacEwan, because you keep me (somewhat) sane and never complain about me randomly exclaiming, "that's a particle verb, y'know!" during countless conversations these past two years.

Opsomming

Sleutelwoorde: Taalverandering, korpuslinguistiek, deeltjies, deeltjiewerkwoorde, konstruksiegrammatika, werkwoorde.

Deeltjiewerkwoorde word in verskeie Germaanse tale aangetref. Tog het die deeltjiewerkwoorde uit verskillende tale hul eie unieke eienskappe, afhangende van die deeltjiewerkwoord se ontwikkeling in daardie taal. Verskeie studies ondersoek hierdie ontwikkeling in ander Germaanse tale soos Engels, Nederlands en Sweeds. Met hierdie studie kan die geskiedenis van die Afrikaanse deeltjiewerkwoord ook onder fokus kom.

Ses deeltjiewerkwoordgroepe – dié met die deeltjies *aan* en *oor*, en dié met die werkwoorde *kry*, *van*, *neem* en *maak* – word ondersoek om sodoende verandering in Afrikaanse deeltjiewerkwoorde van 1911 tot 2010 te identifiseer en te beskryf. Die linguistiese raamwerk diachroniese konstruksiegrammatika word met korpuslinguistiek gekombineer om hierdie doel te bereik.

Die Afrikaanse deeltjiewerkwoordkonstruksie ondergaan verandering in drie areas, naamlik skematisiteit, produktiwiteit en vorm. In die studie is daar gevind dat die skematisiteit van die deeltjiewerkwoordkonstruksie toeneem, wat gesien kan word in 'n toename in tipefrekwensie (type frequency): die konstruksie word meer abstrak, wat 'n toenemende aantal deeltjies met werkwoorde laat verbind, en andersom. Die toename in abstraktheid kan ook waargeneem word wanneer daar na die betekenis van individuele deeltjiewerkwoorde in verskillende korpora gekyk word.

Ook die produktiwiteit van die Afrikaanse deeltjiewerkwoordkonstruksie toon 'n toename, wat weerspieël word in 'n toename in beide die tipefrekwensie en tekenfrekwensie (token frequency). Laastens kan 'n verandering in vorm waargeneem word, aangesien frases wat in die verlede as individuele woorde gebruik is, saamsmelt om as 'n deeltjiewerkwoord gebruik te word.

Abstract

Key words: Language change, corpus linguistics, particles, particle verbs, construction grammar, verbs.

Particle verbs is an interesting phenomenon that can be found across various Germanic languages. The particle verbs from different languages show their own distinct characteristics, as a result of their development over time. Various diachronic studies investigate this development in other Germanic languages such as English, Dutch and Swedish. Now, the Afrikaans particle verb will share in the diachronic spotlight.

Six groups of particle verbs – those with the particles *aan* (*in, on*) and *oor* (*over*), and those with the verbs *kry* (*get*), *val* (*fall*), *neem* (*take*) and *maak* (*make*) – are examined in order to identify and describe the changes in Afrikaans particle verbs from 1911 to 2010. This goal is achieved by combining diachronic construction grammar and corpus linguistics.

Three areas are considered when looking at changes in the Afrikaans particle verb construction, namely schematicity, productivity and form. It is found that the particle verb construction increases in schematicity, which is reflected in an increase in type frequency: the construction itself becomes more abstract, allowing a greater variety of particles to bind with verbs, and vice versa. The increase of abstractness can also be seen when considering the meaning of individual particle verbs in different corpora.

There is also an increase in the productivity of the Afrikaans particle verb construction. The increase in type frequency is accompanied by an increase in token frequency – not only is the number of particle verbs increasing, but the amount of particle verbs that are used, also increases. A change in form can also be observed, as phrases that were once used as individual words, combine to be used as a particle verb.

Inhoudsopgawe

1	HOOFSTUK 1	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Kontekstualisering.....	1
1.2.1	Taalverandering	1
1.2.2	Konstruksiegrammatika.....	2
1.2.3	Deeltjiewerkwoorde	5
1.3	Probleemstelling	6
1.4	Navorsingsvrae en -doelstellings.....	7
1.4.1	Navorsingsvrae	7
1.4.2	Navorsingsdoelstellings	7
1.5	Metodologie	7
1.5.1	Korpuslinguistiek.....	7
1.5.2	Diachroniese korpuslinguistiek	8
1.5.3	Korpuslinguistiek en konstruksiegrammatika.....	9
1.5.4	Dataversameling	9
1.6	Bydrae van die studie.....	10
1.7	Hoofstukindeling	11
2	HOOFSTUK 2	12
2.1	Inleiding	12
2.2	Kognitiewe linguistiek.....	12
2.3	Taalgebruik en taalverandering	13
2.4	Konstruksiegrammatika.....	16
2.5	Diachroniese konstruksiegrammatika.....	18
2.6	Konstruksionalisering	19
2.7	Verandering in konstruksies	20
2.7.1	Skematisiteit.....	21
2.7.2	Produktiwiteit.....	24
2.7.3	Komposisionaleiteit	26
2.8	Deeltjiewerkwoorde.....	27
2.9	Deeltjiewerkwoorde in Germaanse tale	32
2.9.1	Sweedse deeltjiewerkwoorde	33
2.9.2	Engelse deeltjiewerkwoorde.....	35

2.9.3	Deeltjiewerkwoorde in Nederlands	36
2.10	Deeltjiewerkwoorde in Afrikaans	39
2.10.1	Opsomming: Kenmerke van deeltjiewerkwoorde in Afrikaans	45
2.11	Navorsingsvrae en hipoteses	47
2.12	Samevatting	50
3	HOOFSTUK 3	51
3.1	Inleiding	51
3.2	Korpuslinguistiek	51
3.3	Diachroniese korpuslinguistiek	53
3.4	Korpuslinguistiek en diachroniese konstruksiegrammatika	54
3.5	Die korpora in hierdie studie	55
3.6	Korpusanalise	56
3.7	Samevatting	59
4	HOOFSTUK 4	60
4.1	Inleiding	60
4.2	Verandering in die konstruksie	60
4.3	Deeltjiewerkwoorde met <i>aan</i> as deeltjie	61
4.3.1	Skematisiteit	62
4.3.2	Produktiwiteit	65
4.4	Deeltjiewerkwoorde met <i>oor</i> as deeltjie	66
4.4.1	Skematisiteit	67
4.4.2	Produktiwiteit	69
4.5	Deeltjiewerkwoorde met <i>kry</i> as werkwoord	69
4.5.1	Skematisiteit	71
4.5.2	Produktiwiteit	72
4.6	Deeltjiewerkwoorde met <i>maak</i> as werkwoord	73
4.6.1	Skematisiteit	74
4.6.2	Produktiwiteit	75
4.7	Deeltjiewerkwoorde met <i>neem</i> as werkwoord	76
4.7.1	Skematisiteit	76
4.7.2	Produktiwiteit	78
4.8	Deeltjiewerkwoorde met <i>val</i> as werkwoord	79
4.8.1	Skematisiteit	79
4.8.2	Produktiwiteit	80
4.9	Deeltjiewerkwoorde, samevattend	81

4.9.1	Skematisiteit.....	81
4.9.2	Produktiwiteit.....	84
4.9.3	Verandering in vorm.....	85
5	HOOFSUK 5.....	88
5.1	Inleiding	88
5.2	Navorsingsvrae beantwoord.....	88
5.3	Gevolgtrekking	90
6	Bronnelys	91
7	Addendum 1.....	97
8	Addendum 2.....	101
9	Addendum 3.....	103
10	Addendum 4	104
11	Addendum 5	106
12	Addendum 6	107

Lys van tabelle

Tabel 1: Tipe- en tekenfrekwensies van deeltjiewerkwoordgroepe	60
Tabel 2: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met <i>aan</i> as deeltjie	61
Tabel 3: Log-waarskynlikheidstoet vir <i>aan</i> -deeltjiewerkwoorde	65
Tabel 4: P-waardes van <i>aan</i> -deeltjiewerkwoorde	65
Tabel 5: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met <i>oor</i> as deeltjie.....	66
Tabel 6: Log-waarskynlikheidstoet vir <i>oor</i> -deeltjiewerkwoorde	69
Tabel 7: P-waardes van <i>oor</i> -deeltjiewerkwoorde	69
Tabel 8: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met <i>kry</i> as deeltjie	70
Tabel 9: Log-waarskynlikheidstoet vir <i>kry</i> -deeltjiewerkwoorde.....	72
Tabel 10: P-waardes van <i>kry</i> -deeltjiewerkwoorde	72
Tabel 11: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met <i>maak</i> as deeltjie	73
Tabel 12: Log-waarskynlikheidstoet vir <i>maak</i> -deeltjiewerkwoorde.....	75
Tabel 13: P-waardes van <i>maak</i> -deeltjiewerkwoorde.....	75
Tabel 14: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met <i>neem</i> as deeltjie	76
Tabel 15: Log-waarskynlikheidstoet vir <i>neem</i> -deeltjiewerkwoorde.....	78
Tabel 16: P-waardes van <i>neem</i> -deeltjiewerkwoorde	78
Tabel 17: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met <i>val</i> as deeltjie	79
Tabel 18: Log-waarskynlikheidstoet vir <i>val</i> -deeltjiewerkwoorde	80
Tabel 19: P-waardes van <i>val</i> -deeltjiewerkwoorde.....	81
Tabel 20: Tipefrekwensie van deeltjiewerkwoorde	83
Tabel 21: Log-waarskynlikheidstoet vir deeltjiewerkwoorde.....	84
Tabel 22: P-waardes van deeltjiewerkwoorde	85

Lys van figure

Figuur 1: 'n Voorstelling van skematisiteit	4
Figuur 2: Visuele voorstelling van skemas.....	23
Figuur 3: Skemas van die deeltjiewerkwoordkonstruksie.....	31

Lys van afkortings

ADJ	Adjektief
NP	Naamwoordstuk
V	Werkwoord
OV	Objek-werkwoord
DWG	Deeltjewerkwoordgroep

HOOFSTUK 1

Inleiding

1.1 Inleiding

In hierdie studie word ondersoek ingestel na die moontlike veranderinge wat in die gebruik van deeltjiewerkwoorde opgemerk kan word. Daar word gesteun op die teorie van diachroniese konstruksiegrammatika om sodoende vas te stel tot watter mate verandering in deeltjiewerkwoorde plaasgevind het. In hierdie hoofstuk word die konteks van die studie verken deur die belangrikste konsepte waarop die studie steun, aan te raak. Die navorsingsvrae en -doelstellings word bespreek, en die metodologie word vlugtig uiteengesit. Aan die einde van die hoofstuk word die hoofstukindeling vir die res van die studie gegee.

1.2 Kontekstualisering

Taal is 'n konvensionele sisteem van assosiasie tussen arbitrêre vorme en hul betekenis wat deur 'n spraakgemeenskap gebruik word as 'n middel van kommunikasie (Labov, 1994:9). Daar is verskeie perspektiewe en raamwerke wat taalgebruik ondersoek, insluitende kognitiewe linguistiek. Binne die raamwerk van kognitiewe linguistiek word die interaksie tussen taalgebruik en menslike kognisie bestudeer met die aanname dat die studie van taal die struktuur en organisasie van die menslike denkwysie ontbloom (Evans & Green, 2006:5). Taal word gesien as 'n middel wat gebruik word om inligting te organiseer, prosesseer en oor te dra. Menslike kognisie is egter nie staties nie en is gedurig aan die ontwikkel, wat beteken dat taal ook voortdurend verander.

1.2.1 Taalverandering

Taalgebruikers volg die konvensies van hul spraakgemeenskap sodat talige uitings verstaan kan word. Croft (2000:99) verduidelik egter dat taalgebruikers

weens verskeie redes kan besluit om die riglyne wat deur konvensies daargestel is, te oorskry, wat dan tot taalverandering kan lei. Sprekers kan byvoorbeeld hul taalgebruik aanpas om by 'n sekere groep in te pas, of om uit te staan van die groep waarvan hulle deel is. Verder kan taalverandering ook aangevuur word deur sprekers se pogings om taal meer ekonomies te gebruik. Woorde soos *dis* vorm byvoorbeeld weens die samesmelting van *dit* en *is*. Taalkontak kan ook taalverandering teweegbring. Wanneer 'n nuwe groep sprekers in 'n gemeenskap inkom, bring hierdie sprekers hul eie kultuur, taal en konsepte na die gemeenskap. Hierdie nuwe taal kan byvoorbeeld nuwe konsepte uitdruk wat dan in die ander taal ingebring word. Die Engelse woord *cool* word byvoorbeeld om hierdie rede in Afrikaans gebruik. Taalverandering is nie die primêre fokus van kognitiewe linguistiek nie, maar verskeie van die teorieë binne die kognitiewe linguistiek, soos byvoorbeeld konstruksiegrammatika, kan toegepas word op taalverandering.

1.2.2 Konstruksiegrammatika

Om 'n taal te kan praat, moet sprekers kennis van daardie taal dra. Konstruksiegrammatika beoog om vas te stel watter kennis sprekers van 'n taal het en om hierdie kennis akkuraat te beskryf (Goldberg, 2003: 219). Vanuit 'n tradisionele perspektief kan kennis van 'n taal gesien word as kennis van die leksikon, grammatika, sinskonstruksie en so meer. Konstruksiegrammatika benader die kwessie egter vanuit 'n ander uitgangspunt en stel dat kennis van 'n taal kennis van die konstruksies van daardie taal is (Goldberg, 2003:219). Dit beteken dat sprekers nie noodwendig 'n stel woorde en sinne individueel aanleer nie, maar eerder ooreenkomste tussen sekere konstruksies sien en dit dan gebruik om 'n skema te formuleer waarvolgens soortgelyke konstruksies geproduseer kan word:

- *So groen soos gras*
- *So bleek soos 'n laken*
- *So dood soos 'n mossie*

- *So vuil soos 'n R5*


Hierdie tipe konstruksies word almal gebaseer op die volgende skema:

So ADJ soos NP

'n Konstruksie is 'n eenheid van linguistiese kennis wat vorm en betekenis met mekaar assosieer (Goldberg. 2013:17). Talige elemente van verskeie groottes kan as konstruksies gesien word, van simplekse woorde tot volledige sinne, solank daar aan sekere vereistes voldoen word. Hierdie vereistes sluit in dat die vorm of funksie van die uiting nie afgelei kan word van die individuele lede van die uiting nie, en ook nie van ander bestaande konstruksies nie (Goldberg, 2013:13). Goldberg (2013:13) verduidelik egter dat linguistiese patrone wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, ook as konstruksies gesien kan word indien dit dikwels genoeg voorkom. Die betekenis van 'n frase soos byvoorbeeld *sout en peper* kan afgelei word van die individuele taalelemente, maar omdat die frase so dikwels gebruik word, tree dit steeds soos 'n konstruksie op.

Konstruksies kan diachronies bekyk word om taalverandering op te merk. Elke generasie se kennis en gebruik van konstruksies verskil, en wanneer hierdie verskille bestudeer word, kan patroonmatigheid in die verandering dikwels waargeneem word. Verandering in konstruksies kan op twee maniere plaasvind: deur 'n proses van konstruksionalisering kan nuwe konstruksies ontstaan wanneer 'n nuwe betekenis en 'n nuwe vorm gebruik word (Traugott en Trousdale, 2013:22), en bestaande konstruksies kan verander in terme van óf vorm óf betekenis. Wanneer die verandering van bestaande konstruksies ondersoek word, is daar drie belangrike konsepte wat volgens Traugott en Trousdale (2013:13) in ag geneem moet word: skematisiteit, produktiwiteit en komposisionaliteit.

Skematisiteit fokus op die mate van abstraksie wat 'n konstruksie het (Traugott en Trousdale, 2013:13). 'n Konstruksie kan deur 'n skema voorgestel word. Die skema vorm deel van 'n hiërargiese sisteem, en die posisie van die skema binne die hiërargie bepaal hoe skematies die skema is. Die volgende figuur illustreer 'n netwerk van skemas vir 'n enkele konstruksie:



Figuur 1: 'n Voorstelling van skematisiteit

Skema A is byvoorbeeld meer skematies as Subskema A1, aangesien daar 6 verskillende skemas onder Skema A inpas, en slegs 1 skema onder Subskema A1. Skema A is minder spesifiek en meer insluitend as Subskema A1. Diachronies bekyk kan 'n konstruksie verander in skematisiteit wanneer dit meer skematies word (indien, byvoorbeeld, 'n nuwe subskema, Subskema A4, ontwikkel) of minder skematies word (indien Subskema A2 byvoorbeeld in onbruik verval).

Produktiwiteit meet die skeppingsvermoë van 'n konstruksie. Indien Skema A 'n Subskema A4 bykry, neem die produktiwiteit van die konstruksie toe. Produktiwiteit is egter nie so eenvoudig nie: daar is verskeie faktore wat produktiwiteit bepaal. Verskeie metodes is al in die literatuur voorgestel om te bepaal of 'n konstruksie produktief is al dan nie. Barðdal (2008) sien produktiwiteit as 'n kombinasie van 'n konstruksie se frekwensie en skematisiteit, terwyl Baayen en Lieber (1991) voorstel dat produktiwiteit gesien kan word in die verhouding tussen 'n konstruksie se frekwensie en die aantal woorde wat slegs een keer in 'n korpus voorkom. Verandering in produktiwiteit vind plaas wanneer die produktiwiteit van 'n konstruksie toeneem of afneem. 'n Konstruksie kan ook onproduktief word.

1.2.3 Deeltjiewerkwoorde

Ponelis (1979:234) definieer deeltjiewerkwoorde as woorde wat 'n sterk verbinding toon tussen 'n werkwoordelike element en 'n deeltjie. Die werkwoordelike element bestaan meestal uit 'n hoofwerkwoord, maar daar is verskeie woordsoorte wat as die deeltjie kan optree. Daar is vyf tipes deeltjies wat in 'n deeltjiewerkwoord gebruik kan word:

- setselagtige deeltjies soos opbou;
- bywoordagtige deeltjies soos terugneem;
- naamwoordelike deeltjies soos feesvier;
- adjektiewe as deeltjies soos leegmaak, en
- voorsetselgroepe soos op grond van (Ponelis, 1979:233-234).

In die huidige studie word daar nie op voorsetselgroepe gefokus nie, aangesien voorsetselgroepe meer soos vaste uitdrukkings optree en nie dieselfde eienskappe as ander deeltjiewerkwoorde toon nie.

'n Kenmerkende eienskap van deeltjiewerkwoorde in Afrikaans is dat die werkwoordelike element en die deeltjie in sommige kontekste een woord vorm (nie-geskeide vorm), en in ander kontekste van mekaar geskei word:

(1.1) *Dis met die aarde dat hulle Lea sal toemaak* (Fiksie, 1971-1980)

(1.2) *Ek maak hulle toe met my hande* (Fiksie, 1971-1980)

Wanneer die spilposisie in 'n sin oop is, sal die werkwoordelike element van die deeltjiewerkwoord die spilposisie beklee, terwyl die deeltjie na die eindposisie skuif. Ponelis (1979:235) beklemtoon egter dat deeltjiewerkwoorde steeds as 'n eenheid gesien moet word, selfs wanneer die deeltjie en werkwoordelike element van mekaar geskei is, aangesien daar steeds 'n hegte band tussen die deeltjie en die werkwoord bestaan.

1.3 Probleemstelling

Deeltjiewerkwoorde in verskillende Germaanse tale toon unieke kenmerke. In Sweeds is daar byvoorbeeld deeltjiewerkwoorde wat nooit geskei kan word nie (*åse* 'om te kyk'), deeltjiewerkwoorde wat nooit as een woord gebruik kan word nie (*ligga i* 'om hard te werk') en deeltjiewerkwoorde wat beide as een woord of twee gebruik kan word (*bjuda in/inbjuda* 'om uit te nooi') (Norde, 2011). Engelse deeltjiewerkwoorde word nooit as een woord geskryf nie (*give in, pick up*) (Elenbaas, 2007), terwyl Nederlandse deeltjiewerkwoorde soos *opzoekt* en *opeten* soortgelyk aan Afrikaanse deeltjiewerkwoorde optree (Blom, 2005).

Verskeie studies ondersoek Germaanse deeltjiewerkwoorde en illustreer hoe die geskiedenis van deeltjiewerkwoorde in die betrokke taal gelei het tot die kenmerke wat vandag in deeltjiewerkwoorde waargeneem kan word. Die Afrikaanse deeltjiewerkwoord het egter veel minder aandag geniet en geen studie is tot dusver daaraan gewy om die Afrikaanse deeltjiewerkwoord diachronies te bekyk nie.

In sy boek *The development of Afrikaans* maak Ponelis die volgende stelling:

It is quite remarkable for the Afrikaans phrasal verb, as one of the most elaborate subsystems of XV order, to have survived the early interlectal onslaught, remaining the most powerful and productive verbal lexical procedure – outstripping verbal compounding and derivation by far. (Ponelis, 1993:579).

Alhoewel Ponelis (1993) nie hierdie stelling met statistiese data ondersteun nie, toon dit aan dat navorsing oor die produktiwiteit van deeltjiewerkwoorde interessante resultate kan lewer.

Die probleem is dus dat daar 'n gaping in die Afrikaanse literatuur is oor die veranderinge wat deeltjiewerkwoorde in Afrikaans ondergaan het. Kwessies soos verandering in die produktiwiteit, skematisiteit en formele aspekte van die Afrikaanse deeltjiewerkwoord is tot dusver nie ondersoek nie.

1.4 Navorsingsvrae en -doelstellings

1.4.1 Navorsingsvrae

1) Watter veranderinge kan in deeltjiewerkwoordkonstruksies, en die gebruik daarvan, waargeneem word in die tydperk 1911 tot 2010?

1.1) Is daar verandering in die skematisiteit van deeltjiewerkwoordkonstruksies?

1.2) Is daar verandering in die produktiwiteit van deeltjiewerkwoordkonstruksies?

1.3) Toon die vorm van deeltjiewerkwoorde enige verandering?

1.4.2 Navorsingsdoelstellings

i) Om vas te stel of daar in die tydperk 1911 tot 2010 verandering plaasgevind het in die gebruik van deeltjiewerkwoorde.

ii) Om vas te stel of daar 'n verandering is in die skematisiteit van deeltjiewerkwoordkonstruksies.

iii) Om vas te stel of deeltjiewerkwoordkonstruksies verandering toon ten opsigte van produktiwiteit.

iv) Om vas te stel of die vorm van deeltjiewerkwoorde enige verandering toon.

1.5 Metodologie

1.5.1 Korpuslinguistiek

Bloomfield (1935:281) merk dat alle tale konstant aan die verander is. Hierdie verandering vind egter so stadig plaas dat dit nie dadelik opgemerk word nie en slegs waargeneem kan word wanneer daar na ouer tekste gekyk word (Bloomfield, 1935:281). Om hierdie rede is dit vir Bloomfield (1935:347) onmoontlik om taalverandering waar te neem, aangesien die fasiliteite van daardie tyd nog nie

ontwikkeld genoeg was om navorsers toe te laat om 'n spesifieke taalverskynsel in 'n groot aantal tekste op te spoor nie. Oor die jare het tegnologie ontwikkel en navorsingsmetodes het ontstaan wat hierdie tegnologie benut, wat navorsers in staat stel om bevindinge te maak wat voorheen onhaalbaar was.

Baker (2010:93) beskryf korpuslinguistiek as 'n metode van teksanalise waar elektroniese tekste gebruik word om afleidings oor taalgebruik te maak. 'n Korpus is 'n versameling van gesproke of geskrewe data wat deur taalgebruikers geproduseer is en bevat voorbeelde van taalvariasie soos wat dit in die werklikheid voorkom. Die navorser word toegang verleen tot hierdie taalvariasies deur die gebruik van korpussagteware. Die sagteware laat die navorser toe om al die realiserings van die taalelement wat bestudeer word, binne konteks te bekijk. Die navorser word egter nie beperk tot die bestudering van die individuele realiserings van die taalelement nie, maar kan ook inligting onttrek oor die korpus as geheel deur te kyk na frekwensie, sleutelwoorde, kollokasie en so meer.

1.5.2 Diachroniese korpuslinguistiek

'n Sinchroniese studie gebruik een of meer korpora om afleidings te maak oor taalgebruik op 'n spesifieke tydstop. Indien korpora egter gebruik word wat bestaan uit tekste vanuit verskillende tydperke, is dit moontlik om 'n diachroniese studie te onderneem. Diachroniese korpora stel die navorser in staat om taalverandering waar te neem deur 'n taalverskynsel soos dit op verskillende tydstoppe gebruik word, met mekaar te vergelyk. Dit is belangrik dat die korpora vergelykbaar moet wees. Leech *et al.* (2009:28) verduidelik dat die korpora in alle opsigte dieselfde moet wees – die enigste verskil sal wees in die tydperk waaruit die tekste kom. Dus, as een korpus 2000 tekste bevat uit die tydperk 1800-1899, moet die korpus waarmee dit vergelyk word ook 2000 tekste bevat, uit byvoorbeeld die tydperk 1900-1999.

Diachroniese korpuslinguistiek stel die navorser in staat om 'n sekere linguistiese patroon oor verskillende tydperke te vergelyk en sodoende vas te stel tot watter

mate verandering in die patroon plaasgevind het. Dit is moontlik om vas te stel in min of meer watter tydperk die verandering plaas gevind het en hoe vinnig die verandering plaasgevind het. Hierdie veranderinge word gesien in 'n verandering in die frekwensie van die patroon (Leech *et al.*, 2009:50).

1.5.3 Korpuslinguistiek en konstruksiegrammatika

Wanneer korpuslinguistiek gebruik word in 'n studie wat met diachroniese konstruksiegrammatika werk, is frekwensie 'n belangrike beginpunt. Hilpert (2013:463) verduidelik dat frekwensie 'n verandering in verhoudings tussen konstruksies kan aandui. Indien 'n woord byvoorbeeld as beide 'n leksikale element en 'n grammatikale element gebruik kan word, dui 'n verandering in die gebruiksfrekwensie van die leksikale element teenoor die gebruiksfrekwensie van die grammatikale element aan dat die konstruksie besig is om te verander. Indien daar egter slegs op byvoorbeeld die frekwensie van die leksikale gebruik van die element gefokus word, kan die volle strekking van verandering in die konstruksie moontlik misgekyk word.

Die verspreiding van 'n konstruksie in 'n korpus kan ook verandering aantoon. Hilpert (2013:465) verduidelik dat 'n toename of afname van 'n konstruksie in 'n gegewe variëteit of tekstipe aandui dat die gebruik van 'n konstruksie verander. Die konstruksie kan byvoorbeeld meer algemeen aanvaar word deur die spraakgemeenskap, wat dan veroorsaak dat dit in nuwe kontekste gebruik word.

1.5.4 Dataversameling

Die korpora vir hierdie studie is saamgestel deur Kirsten (2019) en dek altesaam 'n eeu. Vier korpora word gebruik in intervale van 1911-1920 (korpus 1), 1941-1950 (korpus 2), 1971-1980 (korpus 3) en 2001-2010 (korpus 4). Elke korpus bestaan uit tekste van verskillende genres, wat verseker dat verskeie genrekonvensies verteenwoordig word. Daar is ongeveer 2 000 woorde per teks

in die korpus ingesluit en elke teks in individuele kategorieë is, sover moontlik, deur 'n ander outeur geskryf.

1.6 Bydrae van die studie

Daar is beide sinchroniese en diachroniese studies oor deeltjiewerkwoorde in verskeie Germaanse tale gedoen, soos Booij (2015) wat die nominalisering van deeltjiewerkwoorde in Nederlands ondersoek, en Blom en Booij (2003) wat deeltjiewerkwoorde ondersoek as deel van die grammatikalisering van woorde na prefikse. Vir Engels gee Dehé (2002) 'n beskrywing van die sintaksis van deeltjiewerkwoorde, en Elenbaas (2013) ondersoek die ontwikkeling van vroeë deeltjiewerkwoorde om die woordorde van moderne deeltjiewerkwoorde in Engels te verduidelik. In Afrikaans is daar egter nie studies wat diachronies op deeltjiewerkwoorde fokus nie. Daar is heelwat sinchroniese studies soos byvoorbeeld Bosman (1999), 'n studie wat die abstraktheid van die *om*-deeltjie vergelyk met die abstraktheid van die setsel *om*, en Du Plessis (1972) wat die eienskappe van deeltjiewerkwoorde ondersoek en beskryf. Ponelis (1993) beskryf die ontwikkeling van Afrikaans en raak deeltjiewerkwoorde aan, maar ondersoek nie die diachroniese ontwikkeling van deeltjiewerkwoorde nie. Die eienskappe van deeltjiewerkwoorde word bespreek en die datums wanneer sekere deeltjiewerkwoorde vir die eerste keer waargeneem is, word in die boek gegee. Hierdie studie beoog om die leemte in die diachroniese studie van deeltjiewerkwoorde in Afrikaans tot 'n mate te vul.

Diachroniese studies van talige elemente maak dit moontlik om 'n ryker kennis van die talige element te verkry. Alle sinchroniese konstruksies is 'n resultaat van historiese ontwikkeling van daardie konstruksie en met die diachroniese bestudering van daardie konstruksie kan nuwe elemente daarvan aan die lig gebring word.

1.7 Hoofstukindeling

Hoofstuk 2 bied 'n teoretiese oorsig van die konsepte wat belangrik is in hierdie studie. Kognitiewe linguistiek, konstruksiegrammatika en deeltjiewerkwoorde word in meer besonderhede verken. In hoofstuk 3 word daar aandag geskenk aan die metodologie wat in die studie gebruik word. Die fokus val op korpuslinguistiek, sowel as die korpora wat in hierdie studie gebruik word. Hoofstuk 4 bied die bevindinge aan terwyl hoofstuk 5 die gevolgtrekkings wat in die studie gemaak is, uiteensit.

HOOFSTUK 2

Teoretiese oorsig

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die literatuur wat relevant is tot hierdie studie, bespreek. In afdeling 2 word kognitiewe linguistiek bespreek en verskeie aspekte van taalgebruik en taalverandering word uiteengesit. Afdeling 3 en 4 fokus op konstruksiegrammatika en diachroniese konstruksiegrammatika onderskeidelik. In afdeling 5 verskuif die aandag na deeltjiewerkwoorde deur verskeie kenmerke van deeltjiewerkwoorde te bespreek en uit te wys waarom deeltjiewerkwoorde as konstruksies geklassifiseer kan word.

2.2 Kognitiewe linguistiek

Soos wat Evans en Green (2006:6) uitwys, is taal 'n integrale deel van die menslike bestaan. Alledaagse aktiwiteite en interaksies steun op die mens se vermoë om taal doeltreffend te gebruik en in bykans alle situasies bied taal aan die mens die gereedskap om komplekse idees effektief oor te dra. Maar, wat is taal? Hierdie vraag is al vanuit verskeie perspektiewe en raamwerke aangepak, waaronder ook die kognitiewe linguistiek.

Kognitiewe linguistiek bestudeer die interaksie tussen taal en menslike kognisie. Daar word aangeneem dat denkpatrone in taalgebruik gereflekteer word en daarom kan die studie van taal insig bied tot die struktuur en organisasie van die menslike denkwys (Evans & Green, 2006:5). Dit is belangrik om uit te wys dat kognitiewe linguistiek nie 'n selfstandige taalteorie is nie, maar eerder 'n sambreelterm is vir 'n versameling onderwerpe wat taal vanuit 'n spesifieke perspektief bestudeer (Geeraerts & Cuyckens, 2007:3).

Taal, gesien vanuit 'n kognitiewe linguistiese perspektief, is 'n middel wat gebruik word om inligting te organiseer, prosessee en oor te dra (Geeraerts & Cuyckens,

2007:3). Dit is 'n versameling van kennis wat die mens in staat stel om gebeurtenisse te onthou en om nuwe ondervindinge te verstaan.

Evans en Green (2006:6) verduidelik dat die vermoë om idees uit te druk een van die belangrikste funksies van 'n taal is. Om hierdie doel te bereik, word 'n bepaalde betekenis aan 'n spesifieke vorm geheg om 'n simbool te vorm. Hierdie paring van vorm en betekenis is konvensioneel; 'n spraakgemeenskap heg relatief dieselfde betekenis aan relatief dieselfde vorm. Simbole bestaan nie in isolasie nie, maar vorm deel van 'n netwerk van simbole – kollektief, 'n taal.

Vir Geeraerts (2006:3) speel betekenis 'n sentrale rol in taal, en as gevolg hiervan is daar 'n sterk fokus op betekenis in die kognitiewe linguistiek. Volgens Geeraerts (2006:5) is een van die belangrike aspekte van betekenis die feit dat dit gebaseer word op gebruik en ondervinding. Mense doen kennis op oor 'n taal deur die taal te gebruik, en deur die gebruik van die taal waar te neem.

2.3 Taalgebruik en taalverandering

Kennis van 'n taal is nie beperk tot die kennis van watter betekenis met watter vorm geassosieer word nie, maar soos Evans en Green (2006:108) uitwys is kennis van taal kennis van taalgebruik. Die organisering van ons taalsisteem is intiem verwant aan, en word direk afgelei van, hoe taal gebruik word. Wanneer hierdie standpunt ingeneem word, word dit duidelik dat taalstruktuur nie bestudeer kan word sonder om taalgebruik ook in aanmerking te neem nie (Evans & Green, 2006:108). Croft (2000:87) definieer taalgebruik as 'n sosiale fenomeen wat bestaan uit 'n interaksie tussen 'n spreker en 'n aangesprokene; 'n spreker produseer 'n uiting wat deur die aangesprokene geprosesseer word. Volgens Croft (2000:26) is 'n uiting die werklike voorkoms van menslike kennis van taal in 'n kommunikatiewe situasie; dit is 'n reeks klanke soos dit uitgespreek word, grammatikaal gestruktureerd en wat semanties en pragmaties in konteks verstaan kan word. Met die uiting poog die spreker om 'n kommunikatiewe aksie op 'n redelike koherente manier te bereik (Tomasello, 2006:440).

Die linguistiese vermoëns waaroor 'n persoon beskik is volgens Tomasello (2006:439) die produk van daardie persoon se interaksie met vorige linguistiese uitings. Die betekenis wat 'n persoon aan 'n linguistiese uiting heg, word gebaseer op die persoon se vorige ondervindinge met linguistiese uitings. Croft (2000:99) verduidelik dat alhoewel betekenis konvensioneel is, dit nie staties of vas is nie. Konvensies is nodig sodat lede van 'n spraakgemeenskap mekaar kan verstaan, maar daar is ruimte vir innovasie en verandering in taal. Croft (2000:95) wys uit dat die oorskryding van konvensies en die gebruik van innovasie kan lei tot taalverandering.

Gewoonte en roetine veroorsaak dat sprekers die konvensies van 'n taal volg. Daar is egter gevalle waar sprekers afwyk van die norme en taal op 'n unieke wyse gebruik. Alhoewel die konvensies van 'n taal innovasie teenwerk, is daar 'n verskeidenheid redes waarom sprekers kies om van die konvensies af te wyk. Sprekers mag byvoorbeeld hul taalgebruik aanpas om tot 'n sekere groep te behoort – sprekers mag voel dat hulle met 'n sekere groep geassosieer kan word of in daardie groep aanvaar sal word indien hulle soos die lede van daardie groep praat. Sprekers kan ook op 'n unieke manier praat om sodoende uit te staan en meer merkbaar vir ander lede van die spraakgemeenskap te wees, of om humoristies te wees (Croft, 2000:74). In 'n poging om bedagsaam te wees in hul taalgebruik mag sprekers probeer om kras konsepte op 'n subtiele wyse oor te dra. Dus kan 'n konsep soos *doodgaan* op 'n sagter manier uitgedruk word met woorde soos *beswyk* en *ontslaap*. Soos wat hierdie alternatiewe vorme meer algemeen word in taalgebruik, word dit dan minder bedagsaam deur sprekers ervaar, en moet nuwe woorde gevind word wat weereens beleefd en indirek sal voorkom. Verder kan sprekers ook poog om taal meer ekonomies te gebruik, met ander woorde om konsepte so vinnig as moontlik uit te druk terwyl die hoorder steeds verstaan wat die spreker wil sê. Dit veroorsaak byvoorbeeld dat woorde soos *dit is* na *dis* verander.

Mufwene (2008:64) wys daarop dat sprekers ongemaklik voel om anders te praat as ander sprekers in hul gemeenskap. Dus, wanneer 'n sekere konvensie deur

verskeie sprekers oorskry word, is ander sprekers geneig om die oorskryding na te volg. Dit lei daartoe dat die norme van die spraakgemeenskap aangepas word, en nuwe konvensies gevorm word.

Omdat konvensies verbreek word en omdat taalgebruik afhang van individue se ondervindinge, is taal nie homogeen nie. Elke taal bevat 'n versameling variante. Mufwene (2008:20) verduidelik dat variante in kompetisie met mekaar is. Daar bestaan ongelykheid tussen variante wat veroorsaak dat een variant bo die ander gekies word. Verskeie eienskappe van 'n variant, byvoorbeeld betekenisnuanses of uitspraak, dra by tot die variant se (on)gewildheid in 'n spraakgemeenskap. Variasie kan lei tot verandering aangesien ander variante in onbruik mag verval.

Sprekers speel 'n kardinale rol in taalverandering. Mufwene (2008:61) verduidelik dat dit die gesamentlike, dikwels onbeplande aksies van sprekers is wat tot verandering lei. Taalverandering vind plaas wanneer 'n individu taal op 'n innoverende wyse gebruik, en ander sprekers hierdie innovasie navolg. Soos wat hierdie innovasie nagmaak word, kan nuwe norme in die taal ontwikkel. Die norme ontwikkel nie vanself nie; taalverandering verg aksie van die individu sowel as die spraakgemeenskap as 'n geheel. Die verspreiding van die taalverandering deur die spraakgemeenskap word deur verskeie faktore bepaal, soos byvoorbeeld die vlak van onderrig, ouderdom, geslag en sosio-ekonomiese klas van die sprekers (Mufwene, 2008:67). Sommige veranderinge versprei vinnig en ander neem langer, afhangende van die voordele wat sprekers sien in die gebruik van die veranderlike. Verandering kan ook teengewerk word deur byvoorbeeld sprekers wat die ou konvensies van die taal aanhang en ander sprekers probeer aanmoedig om by die ou konvensies te hou.

Alle variasie in taal lei egter nie noodwendig tot taalverandering nie. Mufwene (2008:66) meen dat daar veel meer veranderlikes is wat glad nie deur ander sprekers aangeneem word nie, of wat slegs vir 'n kort tyd in 'n beperkte netwerk van sprekers gebruik word voordat dit weer in onbruik verval.

'n Verdere faktor in taalverandering is kontak tussen verskillende tale. Mufwene (2008:18) wys daarop dat interaksie tussen sprekers hier 'n belangrike rol speel. Dit is nie genoeg dat twee verskillende tale in 'n sekere geografiese gebied bestaan nie – die sprekers van die verskillende tale moet met mekaar kontak maak vir verandering om moontlik te wees. Croft (2000:145) verduidelik dat taalverandering wat plaasvind weens kontak tussen verskillende tale by individue begin wat meertalig is. Daar moet kennis van die ander taal wees, al is dit ook 'n gebrekkige kennis. Sprekers kan dan ooreenkomste raaksien tussen die klank of betekenis van woorde in die verskillende tale en 'n vorm van die ander taal gebruik om variasie te veroorsaak. Hierdie variasie kan dan ook deur die taal versprei en deur sprekers wat nie die ander taal verstaan nie, gebruik word.

Alhoewel taalverandering nie die primêre fokus van kognitiewe linguistiek is nie, kan kognitiewe linguistiese teorieë toegepas word op taalverandering. Konstruksiegrammatika, byvoorbeeld, bestudeer taal as 'n versameling konstruksies. Hierdie teorie kan ook fokus op taalverandering deur te kyk na die verandering wat in konstruksies waargeneem kan word.

2.4 Konstruksiegrammatika

Konstruksiegrammatika is 'n teorie wat taal sien as 'n inventaris van konstruksies. Vir 'n spreker om 'n taal te kan praat, moet die spreker kennis dra van die konstruksies in daardie taal, en konstruksiegrammatika beoog om vas te stel oor watter kennis die sprekers van 'n taal beskik en om hierdie kennis akkuraat te beskryf (Goldberg, 2003: 219). Vanuit 'n tradisionele perspektief kan kennis van 'n taal gesien word as kennis van die leksikon, grammatika, sinskonstruksie en so meer van 'n taal. Konstruksiegrammatika benader die kwessie egter vanuit 'n ander uitgangspunt. Hilpert (2014:2) verduidelik dat al hierdie kennis – kennis van onder andere die leksikon, van grammatika en van sinskonstruksie – saamgevat word in kennis van konstruksies. Wanneer 'n spreker 'n konstruksie ken, verstaan daardie spreker alle aspekte van daardie konstruksie, insluitende die fonologiese,

morfologiese en sintaktiese eienskappe, die konvensionele betekenis, moontlike variante van die konstruksies en die sosiale konteks waarin die konstruksie gebruik kan word (Hilpert, 2014:2). Sprekers leer nie noodwendig 'n stel woorde en sinne aan nie – hulle leer konstruksies aan.

'n Konstruksie is 'n eenheid van linguistiese kennis wat vorm en betekenis met mekaar assosieer (Goldberg, 2013:17). Wanneer 'n veralgemening oor konstruksies gemaak word, kan 'n skema vir die konstruksie ontstaan. Wanneer daar 'n veralgemening oor die volgende sinne gemaak word, word dit duidelik dat die sinne eenders is in betekenis:

- *Anna gooi vir Chris die bal*
- *Anna bak vir Chris 'n koek*
- *Anna stuur vir Chris 'n brief*

Goldberg (1995:24) wys uit dat konstruksies self betekenis dra, onafhanklik van die woorde wat in die konstruksie voorkom. In die konstruksie 'X VEROORSAAK dat Y Z ONTVANG', dra die konstruksie 'n betekenis dat 'n voorwerp oorgedra word. Goldberg (1995:24) waarsku egter teen die aanname dat die woorde self nie betekenis dra nie en noem dat daar 'n interaksie is tussen die betekenis van die woord en die betekenis van die konstruksie, en daarom moet analyses fokus op beide betekenisse. Die betekenis van die konstruksie 'X VEROORSAAK dat Y Z ONTVANG' maak voorsiening vir sekere woorde wat 'n sekere betekenis dra. X moet byvoorbeeld iets wees wat 'n oordrag kan veroorsaak, terwyl Y iets moet wees wat 'n voorwerp kan ontvang. Verder moet daar ook 'n werkwoord wees wat 'n oordrag aandui.

Talige elemente van verskeie groottes kan as konstruksies gesien word, van simplekse woorde tot volledige sinne, solank daar aan sekere vereistes voldoen word. Volgens Goldberg (2013:13) kan enige linguistiese patroon as 'n konstruksie gesien word indien die vorm of funksie daarvan nie afgelei kan word van die individuele lede van die konstruksie of van ander bestaande konstruksies nie.

Linguistiese patrone wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie kan egter as konstruksies gesien word indien dit dikwels genoeg voorkom (Goldberg, 2013:13).

Konstruksies laat taalgebruikers toe om linguistiese uitdrukkings te verstaan en te produseer wat nie volkome verstaan kan word deur slegs na die komponente van die uitdrukking te kyk nie. Die betekenis van “ewe skielik” kan byvoorbeeld nie korrek afgelei word deur slegs te kyk na die individuele woorde nie: dit beteken nie dat iets dieselfde mate van skielikheid het as iets anders nie, maar eerder dat iets eensklaps of onverwags plaasvind.

Met die verloop van tyd kan konstruksies verandering ondergaan. Hierdie verandering kan raakgesien word deur konstruksies diachronies te bestudeer.

2.5 Diachroniese konstruksiegrammatika

Diachroniese konstruksiegrammatika ondersoek hoe die mens se kennis van ’n taal oor generasies verander; hoe een generasie se kennis van ’n taal verskil van ’n ander generasie se kennis van dieselfde taal. Dit is ’n veld van linguistiek wat ondersoek hoe konstruksies tot stand kom, en hoe hierdie konstruksies dan ontwikkel en verander (Traugott & Trousdale, 2013:39). In die moderne tyd verskil sprekers se taalgebruik van dié van ’n eeu gelede, wat beteken dat hulle kennis van taal, oftewel hulle kennis van konstruksies, verskil. Traugott en Trousdale (2013:21) lê klem op die feit dat taalverandering nie uitsluitlik plaasvind wanneer ’n taal aangeleer word nie, maar ook plaasvind in ’n taalgebruiker se leeftyd – dit is selfs normaal dat ’n spreker se idiolek meermale in sy/haar leeftyd verander. Die rede hiervoor is dat taal nie vanself verander nie, maar eerder deur sprekers verander word wanneer hulle die taal gebruik, aangesien taal nou verwant is aan konteks (Fried, 2013:288).

Variasie is ’n belangrike komponent van taalverandering. Hilpert (2013:2) verduidelik dat elke nuwe genre en elke nuwe spreker meer variasie in ’n taal meebring, en sprekers moet dan tred hou met die variasie wat in konstruksies bestaan. Soos wat sprekers een variant bo die ander kies, vind daar stelselmatig

verandering plaas. Om hierdie verandering volledig te beskryf is dit nodig om diachronies na die ontwikkeling van konstruksies te kyk (Fried, 2013:292). Hilpert (2013:3) beaam hierdie stelling deur te noem dat elke konstruksie sy eie geskiedenis het wat nie volledig veronderstel kan word sonder om daardie konstruksie diachronies te bestudeer nie. In fonologiese veranderinge soos 'n kettingverskuiwing is die verandering sistematies en reëlgebaseerd, maar dieselfde geld nie vir verandering in konstruksies nie. Hilpert (2013:3) gebruik die voorbeeld van die ontwikkeling van die Engelse woord *shall* en die ooreenstemmende Sweedse woord *ska*, en verduidelik dat die ontwikkeling van hierdie twee modale hulpwerkwoorde fundamentele verskille toon, alhoewel hulle sinchronies eenderse betekenis uitdruk.

Traugott en Trousdale (2013:21) meen dat taalverandering begin wanneer daar 'n nuwe idee of voorstelling van die werklikheid in 'n spreker se kennis ontstaan. Die spreker wil óf 'n nuwe konsep uitdruk, óf 'n element van 'n bestaande konstruksie aanpas. Op die basis hiervan onderskei Traugott en Trousdale (2013) tussen konstruksionalisering en verandering in konstruksies.

2.6 Konstruksionalisering

Traugott en Trousdale (2013:22) definieer konstruksionalisering as die assosiasie van 'n nuwe betekenis met 'n nuwe vorm, of met ander woorde, die vorming van 'n nuwe teken. 'n Verandering in slegs die vorm of betekenis van 'n konstruksie is dus nie genoeg om 'n verandering as konstruksionalisering te klassifiseer nie.

Konstruksionalisering kan geleidelik of eensklaps plaasvind. Volgens Fried (2013:291) vind geleidelike konstruksionalisering plaas wanneer 'n nuwe konstruksie tot stand gebring word deur die samesmelting van eenhede wat voorheen onafhanklik was. Hierdie tipe konstruksionalisering word voorafgegaan deur 'n aantal kleiner veranderinge wat dan uiteindelik lei tot die vorming van 'n nuwe konstruksie (Traugott & Trousdale, 2013:22). Fried (2013:291) verduidelik dat hierdie kleiner veranderinge veroorsaak word deur die konteks waarin die

eenhede gebruik word, en kan onder andere pragmaties, semanties en sintagmaties van aard wees. 'n Verskuiwing in betekenis en vorm vind plaas en lei uiteindelik tot die vorming van 'n nuwe konstruksie wat dan in die gemeenskap opgeneem en gekonvensionaliseer word. Fried (2013:293) verduidelik dat die oorspronklike betekenis van die eenhede wat tot 'n nuwe konstruksie saamsmelt, nie noodwendig verlore gaan nie, maar dat dit deel vorm van 'n netwerk van verwante betekenis.

Wanneer konstruksionalisering eensklaps plaasvind, is daar geen reeks van voorafgaande veranderinge nie. Hierdie tipe konstruksionalisering vind plaas wanneer 'n leenwoord in die leksikon ingebring word, of wanneer sprekers nuwe woorde skep wat 'n nuwe betekenis uitdruk, soos byvoorbeeld *wolkpos* vir WhatsApp en ander sosiale platforms. Nadat konstruksionalisering plaasgevind het, of dit nou geleidelik of eensklaps is, hou die nuwe konstruksie aan met verander.

2.7 Verandering in konstruksies

Verandering in konstruksies vind plaas wanneer óf die vorm óf die betekenis van 'n konstruksie verander. Dit is nie die skepping van 'n nuwe teken nie, maar eerder die ontwikkeling van 'n bestaande een. Fried (2013:293) verduidelik dat 'n konstruksie as 'n geheel nie sonder meer verander nie, maar dat dit die interne strukture van die konstruksie is wat individueel verander en aanleiding gee tot verandering in die konstruksie as 'n geheel.

Hilpert (2013:13) onderskei tussen taalverandering en verandering in konstruksies deur uit te wys dat alhoewel alle veranderinge in konstruksies as taalverandering geklassifiseer kan word, nie alle taalveranderinge as veranderinge in konstruksies gesien kan word nie. Wanneer 'n verandering oor 'n taal as geheel plaasvind word hierdie verandering nie as verandering in konstruksies gesien nie, maar 'n verandering in die taal oor die algemeen (Hilpert, 2013:24). Die rede waarom algemene taalverandering, alhoewel dit ook konstruksies beïnvloed, nie as

verandering in konstruksies benader moet word nie, is omdat die verandering op 'n hoër vlak plaasvind. 'n Meer akkurate beskrywing van die verandering kan dus gegee word indien daar nie slegs op konstruksies gefokus word nie. Wanneer verandering selektief in een konstruksie plaasvind, kan dit vanuit die oogpunt van diachroniese konstruksiegrammatika benader word (Hilpert, 2013:16-17). Verandering in een konstruksie kan egter ander konstruksies beïnvloed, maar dit het steeds nie 'n uitwerking so omvangryk soos algemene taalverandering nie.

Traugott en Trousdale (2013:35) ondersoek die redes waarom konstruksies verander, en toon aan dat kognitiewe en kommunikatiewe aspekte verandering motiveer en dat verandering in twee prosesse kan plaasvind, naamlik neoanalise en analogisering. Sommerer (2018:156) definieer neoanalise as 'n proses wat die sintaktiese funksie van 'n linguistiese element verander sonder dat enige verandering in vorm plaasvind. Hierdie veranderinge kan gewoonlik in die fonologie of semantiek van die linguistiese element waargeneem word.

Analogie vind plaas wanneer 'n nuwe konstruksie gevorm word deur dit te baseer op 'n ander konstruksie. Die sintaktiese en paradigmatische eienskappe van een konstruksie word gebruik as 'n templaar om 'n nuwe konstruksie te vorm. Fischer (2001) verduidelik analogie in Engels deur uit te wys dat 'n spreker somtyds die woord *brung* sal gebruik eerder as *brought* as verledetydsvorm, aangesien dit eenders is aan ander verledetydsvorme soos *rung*

Traugott en Trousdale (2013:13) wys uit dat skematisiteit, produktiwiteit en komposisionaaliteit drie belangrike terme in die konstruksiegrammatika is, en dat hierdie terme ook in diachroniese konstruksiegrammatika geld wanneer daar na verandering in konstruksies gekyk word.


2.7.1 Skematisiteit

Volgens Traugott en Trousdale (2013:13) het skematisiteit te make met die vlak van abstraksie in 'n konstruksie. Daar word 'n veralgemening oor 'n konstruksie as

geheel gemaak om 'n skema vir daardie konstruksie te ontwikkel. Wasserscheidt (2019:6) verduidelik dat 'n konstruksie 'n sekere mate van variansie kan toon. In die idioom *van die wal af in die sloot* is daar byvoorbeeld geen ruimte vir variasie nie, maar in die konstruksie [so ADJ soos NP] is daar ruimte vir variasie: dit sal nie altyd dieselfde woord wees wat die ADJ-slot in die konstruksie beklee nie. Sodra 'n konstruksie variasie kan toon, is daardie konstruksie skematies (Wasserscheidt, 2019:7).

Konstruksies toon verskillende grade van skematisiteit wat bepaal word deur die mate van spesifisiteit wat die skema toon (Traugott & Trousdale, 2013:14). Hoe meer spesifiek die skema is, hoe minder skematies is dit. 'n Skema soos byvoorbeeld *NP V NP* is meer insluitend, en dus meer skematies, aangesien daar minder beperkinge gestel word op die spesifieke linguistiese entiteite wat in die skema gebruik kan word. 'n Skema soos *so ADJ soos NP* is minder skematies aangesien die skema meer beperkinge stel: die woorde *so* en *soos* moet gebruik word, en die posisies wat deur die adjektief en naamwoordstuk beklee kan word, is redelik vas. Idiomatiese uitdrukkings, soos *van die wal af in die sloot* is glad nie skematies nie, aangesien daar streng beperkinge is – slegs daardie spesifieke woorde kan gebruik word, en dit moet in daardie spesifieke volgorde voorkom.

Traugott en Trousdale (2013:14) verduidelik dat 'n skema subskemas kan hê; uitbreidings wat gebaseer is op die hoofskema. 'n Voorbeeld hiervan is die hulpwerkwoord *mag*, wat 'n subskema is van modaliteit, wat weer op sy beurt 'n subskema is van hulpwerkwoorde. Die hulpwerkwoord *mag* kan beskryf word as 'n mikro-skema van hulpwerkwoorde. Figuur 2 is 'n visuele voorstelling hiervan:



Figuur 2: Visuele voorstelling van skemas

Perek (2020:144) verduidelik dat 'n konstruksie wat meer skematies is, in 'n groter konteks gebruik word en dus meer moontlikhede vir uitbreiding bied as 'n konstruksie wat minder skematies is. Konstruksies is geneig om meer skematies te word aangesien sprekers kreatiwiteit toon en nuwe kommunikatiewe doelwitte probeer bereik (Perek, 2020:144) Wanneer 'n toename in skematisiteit oorweeg word, is daar twee faktore wat in gedagte gehou moet word. Eerstens kan mikro-skemas meer abstrak en skematies word soos wat dit meer geïntegreerd raak met die hoofskema, en tweedens kan die hoofskema self uitbrei en meer sub- en mikro-skemas bykry (Traugott & Trousdale, 2013:116). Die betekenis van die mikro-skemas vervaag wat dan toelaat dat die kollokasie ('n kombinasie van woorde wat gereeld saam voorkom) van die skema toeneem en die skema word dan in meer kontekste gebruik. Die hoofskema brei uit wanneer die skema as 'n abstrakte patroon gebruik word en nuwe subskemas en mikro-skemas op daardie patroon gebaseer word (Traugott & Trousdale, 2013:118). Perek (2020:145) verduidelik dat 'n toename in skematisiteit dikwels die gevolg het dat 'n konstruksie 'n meer algemene betekenis aanneem en dus meer grammatikaal word.

Hier kan as voorbeeld die perifrastiese progressiewe konstruksie, soos ondersoek deur Breed (2012), gebruik word. Breed (2012:102) verduidelik dat die konstruksie oorspronklik gebruik is met die betekenis “die subjek is êrens in bepaalde liggaamlike posisie terwyl hy (die subjek) besig is om 'n bepaalde aksie uit te voer”. In die sin *ek sit en lees* is die betekenis van *sit* letterlik: die persoon is werklik in 'n sittende posisie, besig om te lees. Die konstruksie het ontwikkel sodat die betekenis daarvan verander het na “die subjek besig is om 'n bepaalde aksie uit te voer” (Breed, 2012:102). In die sin *Kan so 'n vlam vir weke daar in die veld staan en brand?* (Breed, 2012:104) dui *staan* nie meer op 'n liggaamsposisie nie, maar dui daarop dat die vuur *besig* is om te brand. In die sin *Sy moes dus nie op Carl gaan staan en verlief raak nie* (Breed, 2012:104) kan gesien word dat die betekenis van die konstruksie met verloop van tyd selfs meer vervaag het – die oorspronklike betekenis van die postulêre werkwoord ontbreek heeltemal, en die werkwoord word 'n grammatikale merker.

Die betekenis van die perifrastiese progressiewe konstruksie vervaag: die postulêre werkwoord word eers letterlik gebruik en vervaag uiteindelik totdat dit slegs 'n grammatikale merker word. Hierdie proses maak dit moontlik dat die konstruksie in meer kontekste gebruik kan word. Dus neem die kollokasie van die konstruksie toe – waar die konstruksie eens beperk was tot werkwoorde soos *lees* en *slaap*, kan dit nou met 'n groter aantal werkwoorde soos *verlief* en *brand* kombineer. Die beperkinge wat die konstruksie stel op woorde wat gebruik kan word, word minder, en dus word die konstruksie meer skematies.

2.7.2 Produktiwiteit

Volgens Traugott en Trousdale (2013:17) word 'n konstruksie as produktief beskou wanneer ander, minder skematiese konstruksies op die konstruksie gebaseer word. Wanneer 'n sekere konstruksie met nuwe leksikale elemente gebruik word, of die konstruksie word geassosieer met 'n addisionele betekenis, is die konstruksie produktief.

Traugott en Trousdale (2013:18) onderskei tussen tipefrekwensie (*type frequency*) en tekenfrekwensie (*token frequency*) van 'n konstruksie. Die tipefrekwensie is 'n aanduiding van die aantal leksikale items wat in 'n gegewe konstruksie gebruik word en is 'n aanduiding van die aantal subskemas wat op die hoofskema gebaseer is. Die tekenfrekwensie toon aan hoeveel individuele gebruiksvoorbeelde daar van 'n spesifieke konstruksie is en 'n verandering in hierdie frekwensie toon aan dat die konstruksie meer of minder gebruik word. Die progressiewe konstruksie *aan't* word byvoorbeeld minder frekvent gebruik as *aan die*, aangesien dit besig is om argaïes te word (Breed, 2012).

Daar is al verskeie metodes voorgestel om produktiwiteit te meet. Anshen en Aronoff (1989), byvoorbeeld, meet produktiwiteit deur die aantal nuwe woorde wat oor 'n sekere tydperk in 'n taal verskyn, te tel. Met hierdie metode het Anshen en Aronoff (1989) vasgestel dat die agtervoegsel *-iveness* in Engels meer produktief is as die agtervoegsel *-ivity*, aangesien daar meer woorde gevorm is met die agtervoegsel *-iveness* oor vier verskillende tyd periodes. Baayen en Lieber (1991) stel voor dat produktiwiteit gemeet word deur te kyk na die verhouding tussen 'n konstruksie se tekenfrekwensie en die aantal woorde wat slegs een keer in 'n korpus voorkom (*hapaxe*¹). As die verhouding van tekenfrekwensie teenoor hapaxe van woorde met *-iveness* hoër is as die verhouding van tekenfrekwensie teenoor hapaxe van woorde met *-ivity*, kan daar aanvaar word dat die agtervoegsel *-iveness* meer produktief is as *-ivity*. Hierdie metode word gebaseer op die feit dat woorde met 'n hoër tekenfrekwensie reeds in 'n spreker se woordeskat bestaan. 'n Hapax daarteenoor is 'n woord wat nie noodwendig in 'n spreker se woordeskat is nie. Die spreker gebruik sy/haar kennis van 'n spesifieke konstruksie om 'n nuwe woord te gebruik. Baayen en Lieber (1991:809) stel die formule $P=n/N$ voor vir die berekening van produktiwiteit, waar P die koers is waarteen nuwe woorde verwag kan word om voor te kom, n die aantal hapaxe is en N die tekenfrekwensie.

¹ Barðdal (2008) gebruik die woord *hapax*. Hierdie woord kan net so in Afrikaans gebruik word, alhoewel dit nie 'n baie algemene woord is nie. Slegs een studie in Afrikaans (Prinsloo, 2010) gebruik die woord *hapax*.

Beide hierdie metodes meet die produktiwiteit van een konstruksie relatief tot 'n ander konstruksie. Barðdal (2008) daarteenoor stel 'n metode voor wat die produktiwiteit van 'n enkele konstruksie kan meet. Konstruksies het semantiese en sintaktiese beperkinge. Hierdie beperkinge beïnvloed 'n konstruksie se produktiwiteit, aangesien 'n konstruksie met minder beperkinge meer en makliker gebruik kan word. 'n Konstruksie wat minder spesifiek en dus meer skematies is, is dus meer produktief as 'n konstruksie wat minder skematies is (Barðdal, 2008:45).

2.7.3 Komposisionaaliteit

Traugott en Trousdale (2013:19) definieer komposisionaaliteit as die mate waartoe die verband tussen vorm en betekenis in 'n konstruksie duidelik is. Indien die betekenis van die individuele komponente in die konstruksie gelyk is aan die betekenis van die konstruksie as 'n geheel, dan is die konstruksie komposisioneel, maar wanneer die betekenis van die konstruksie as 'n geheel nie alleenlik lê in betekenis van die individuele komponente nie, is die konstruksie nie komposisioneel nie. Die sin *ek skop die bal* is komposisioneel aangesien die betekenis van die geheel direk weerspieël word in die betekenis van die individuele komponente. Die idioom *van die wal af in die sloot* is egter nie komposisioneel nie aangesien daar 'n addisionele betekenis is waarvan sprekers slegs bewus sal wees indien hulle vertrouwd is met die idioom.

Konstruksies toon verskillende grade van komposisionaaliteit. Die leksikale item *skottelgoedwater* kan byvoorbeeld letterlik na water verwys waarin skottelgoed gewas word, in welke geval dit komposisioneel is. Dit kan egter ook figuurlik gebruik word om te verwys na koffie of tee wat baie flou is, en dan is dit nie komposisioneel nie.

Wanneer verandering in konstruksies bestudeer word hoef daar nie noodwendig slegs op langer konstruksies soos *van die wal af in die sloot* en *so groot soos 'n*

reus gefokus te word nie. Daar kan ook gefokus word op konstruksies wat slegs uit een woord bestaan.

2.8 Deeltjiewerkwoorde

Ponelis (1979:234) definieer deeltjiewerkwoorde (ook bekend as samekoppelings, partikelwerkwoorde, skeibare werkwoorde en skeibare saamgestelde werkwoorde) as woorde met 'n hegte verbinding tussen 'n werkwoordelike element en 'n ander element, naamlik die deeltjie. Botha en Van Aardt (1987:189) verduidelik dat die werkwoordelike element van 'n deeltjiewerkwoord meestal uit 'n hoofwerkwoord bestaan. Die deeltjie daarteenoor kan van uiteenlopende aard wees, aangesien verskeie woordsoorte met 'n werkwoordelike element kan heg om 'n deeltjiewerkwoord te vorm. Vyf tipes deeltjies kan geïdentifiseer word:

- setselagtige deeltjies soos aandurf;
- bywoordagtige deeltjies soos neersak;
- naamwoordelike deeltjies soos kleitrap;
- adjektiewe as deeltjies soos grootmaak, en
- voorsetselgroepe soos aan *die hand doen* (Ponelis, 1979:233-234).

Voorsetselgroepe tree egter nie dieselfde as deeltjiewerkwoorde op nie. Om hierdie rede fokus die huidige studie nie op voorsetselgroepe nie.

Alhoewel die werkwoordelike element en die deeltjie heg om een woord te vorm, is dit moontlik om die deeltjiewerkwoord te skei in sekere kontekste. Hierdie skeiding word egter nie lukraak gemaak nie. Ponelis (1979:237) merk dat die deeltjiewerkwoord geskei word wanneer die spilposisie in 'n sin oop is:

(2.1) *Ek skakel die draadloos af en maak die lig dood.* (Fiksie, 2001-2010)

Die werkwoordelike element van die deeltjiewerkwoord word dan in die spilposisie geplaas terwyl die deeltjie gewoonlik na die einde van die klous skuif. Dit is om

hierdie rede dat die deeltjie en die werkwoord altyd in die nie-geskeide vorm in die verledetyd gebruik word, aangesien 'n hulpwerkwoord soos *het*, *kon* of *moes* tipies die spilposisie beklee in verledetydsinne:

(2.2) *"Ek het die slegste daarvan afgekom," sê hy.* (Fiksie, 2001-2010)

Ten spyte daarvan dat die deeltjiewerkwoord somtyds geskei word, beklemtoon Ponelis (1979:235) dat die dele steeds as 'n eenheid gesien moet word. Geskei word die deeltjie nie in 'n analise gesien as 'n setsel, bywoord, naamwoord ensovoorts op sy eie nie, maar word dit steeds as 'n deeltjiewerkwoordpartikel geag. Daar is egter uitsonderings waar die deeltjiewerkwoord nie 'n nie-geskeide vorm het nie. Ponelis (1979:234-235) identifiseer woorde soos *lastig val* en *nodig hê* ook as deeltjiewerkwoorde, maar hierdie deeltjiewerkwoorde verskil in vorm van ander deeltjiewerkwoorde aangesien dit nie as een woord geskryf word nie. Op VivA se korpusportaal het *lastig val* 219 trefslae en *lastigval* slegs 3, terwyl daar 2 179 gebruike van *nodig hê* is en slegs 2 van *nodighê* (nodig het kom 14 527 keer voor terwyl nodighet 10 keer voorkom). In hierdie geval is die deeltjie en die werkwoord steeds afhanklik van mekaar, maar weens spellingkonvensies word hierdie deeltjiewerkwoorde as twee woorde geskryf. Hierdie deeltjiewerkwoorde toon dieselfde sintaktiese kenmerke as ander deeltjiewerkwoorde, waar die deeltjie voor die werkwoord staan in sekere gevalle, maar in ander gevalle van die werkwoord skei:

(2.3) *Niemand val hom lastig, omdat hij niemand hinder nie [...]*
(Fiksie, 1911-1920)

(2.4) *"Dis goed, Pa," antwoord sy en veeg met haar hand oor haar voorhoof, net of sy die verskriklike gedagte wil verdryf, wat haar van gisteraand af kort-kort so lastig val.* (Fiksie, 1941-1950)

Ponelis (1979:235) wys uit dat deeltjies 'n verbaliserende krag het, aangesien sekere woorde wat gewoonlik nie as 'n werkwoord gebruik word nie, as sodanig

kan optree wanneer hulle deel vorm van 'n deeltjiewerkwoord. Naamwoorde soos *saal* en *baken*, of adjektiewe soos *klam* en *kort* tree op hul eie nie as werkwoorde op nie, maar kan met 'n deeltjie saamsmelt om werkwoorde soos *opsaal*, *afbaken*, *aanklam* en *afkort* te vorm. Hier moet in ag geneem word dat konstruksies self betekenis dra: die deeltjiewerkwoordkonstruksie vereis dat 'n deeltjie en 'n werkwoord met mekaar verbind. Dus, wanneer 'n gepaste naamwoord in die posisie van die werkwoord geplaas word, tree die naamwoord as 'n werkwoord op, ten spyte daarvan dat die naamwoord nie buite die konteks van die deeltjiewerkwoordkonstruksie as 'n werkwoord kan optree nie.

Verder het deeltjiewerkwoorde 'n woordvormende krag, aangesien sommige werkwoorde en deeltjies slegs in die konteks van die deeltjiewerkwoord bestaan. In die meerderheid gevalle kan die werkwoordelike element, soos in *opstaan*, selfstandig as 'n woord optree: *Die meisie staan by die venster*. Deeltjies kan ook tipies selfstandig optree: *Die boek lê op die tafel*. Daar is egter gevalle waar die werkwoordelike element, soos in *opkikker*, en die deeltjie, soos in *gadeslaan*, nie as selfstandige woorde in ander kontekste gebruik word nie (Ponelis, 1979:135-136).

Deeltjiewerkwoorde kan as konstruksies geklassifiseer word om twee redes. Eerstens kan deeltjiewerkwoorde as konstruksies gesien word omdat die betekenis van die geheel nie altyd afgelei kan word van die betekenis van die dele nie:

(2.5) [...] en hom nie gesteun het in sy planne om Johannesburg aan te val nie. (Biografies, 2001-2010)

Aan kan optree as 'n voorsetsel of predikatiewe adjektief en druk oor die algemeen 'n posisionele verhouding uit (*rug aan rug*, *aan die wal*). *Val* dui 'n verandering van posisie aan (*die boek val op die grond*). *Aanval* beteken egter dat 'n geveg begin word, 'n betekenis wat nie afgelei kan word van die betekenis van *aan* en *val* individueel nie.

Die tweede rede waarom deeltjiewerkwoorde konstruksies is, is omdat 'n veralgemening moontlik is wat toelaat dat 'n skema vir deeltjiewerkwoorde kan ontstaan:

[[deeltjie][V]]

- (2.6) *Wanneer die temperatuur verder toeneem tot by 'n maksimum wat ook vooraf gestel word, vind verdampingsverkoeling in die toring plaas.* (Informatief, 2001-2010)

In hierdie skema is daar twee posisies wat gevul moet word, die deeltjie en die werkwoord. Die posisie vir die deeltjie kan gevul word deur 'n setsel, bywoord, naamwoord of adjektief wat as 'n deeltjie kan funksioneer. Die werkwoord en deeltjie is afhanklik van mekaar, aangesien nie alle deeltjies met alle werkwoorde kombineer nie.

Deeltjiewerkwoorde het egter meer as een skema aangesien die deeltjie van die werkwoord geskei word wanneer die spilposisie in 'n sin oop is. In 'n prototipiese sin kan die skema vir 'n deeltjiewerkwoord soos volg voorgestel word, waar die posisie [x] gevul kan word deur die woorde wat die res van die sin uitmaak:

[[x]+[V]+[x]+[deeltjie]+[x]]

Nie al die [x] posisies hoef egter gevul te word nie:

- (2.7) *Hy ruk los en pyl op Sylvester af.* (Fiksie, 2001-2010)
- (2.8) *Sit dit af, asseblief.* (Verslaggewing, 2001-2010)
- (2.9) *Marumo neem oor en die ou donner wil niks van ons weet nie.*
(Fiksie, 2001-2010)

In 'n infinitiefskonstruksie kan een van die volgende twee skemas vir deeltjiewerkwoorde voorkom:


[[x]+[deeltjie]+[te]+[werkwoord]+[x]]

- (2.10) *Daarom is dit beter om jou studie af te rond terwyl jy nog in die regte 'ritme' is.* (Formele brief, 2001-2010)

[[x]+[deeltjie]+[x]+[te]+[kan]+[werkwoord]+[x]]

(2.11) [...] *die kruis moes baie mooi pas in die onderste steen om hier in te kan draai sonder om ruimte oor te laat, waar koring in kon val.* (Informatief, 1911-1920)

Die skemas vir deeltjiewerkwoorde kan visueel soos volg voorgestel word:



Figuur 3: Skemas van die deeltjiewerkwoordkonstruksie

In figuur 3 is [deeltjiewerkwoord] die hoofskema. Daar is vier subskemas wat uit hierdie skema vloei ([[deeltjie][V]], [[x]+[V]+[x]+[deeltjie]+[x]], [[x]+[deeltjie]+[te]+[werkwoord]+[x]] en [[x]+[deeltjie]+[te]+[kan]+[werkwoord]+[x]]), en verskeie mikroskemas kan van die subskemas afgelei word ([[oor]+[V], [[deeltjie]+[kry]], ensovoorts). Dit is belangrik om twee dinge rakende die figuur uit te wys. Eerstens is die lys van mikroskemas glad nie voltooid nie: daar is 'n groot aantal mikroskemas en almal van hulle sal nie in die figuur pas nie. Tweedens is die mikroskemas slegs vir een subskema in die figuur voorgestel omdat daar bloot nie plek is om mikroskemas vir al die subskemas aan te dui nie. Al die deeltjies en werkwoorde wat onder een subskema pas, kan onder al die ander subskemas pas:

- [[aan]+[V]]
- [[x]+[V]+[x]+[aan]+[x]]

- [[x][aan]+[te]+[werkwoord]][x]]
- [[x][aan]+[x]+[te]+[kan]+[werkwoord]][x]]

Die konstruksie [deeltjiewerkwoord] is baie skematies: voorbeelde 2.4 tot 2.9 kan onder andere almal in hierdie konstruksie inpas. Die subkonstruksies is elk minder skematies: slegs voorbeeld 2.4 kan byvoorbeeld by die konstruksie [[deeltjie][V]] inpas. Die mikrokonstruksies is selfs minder skematies. Daar is byvoorbeeld 'n beperkte groep deeltjies wat in die konstruksie [[deeltjie]+[kry]] gebruik kan word. Deeltjies soos *aan*, *af*, *bymekaar* en *terug* kan in die konstruksie gebruik word, terwyl deeltjies soos *bekend*, *deurmekaar*, *na* en *staat* nie gebruik kan word nie.

Verskeie aspekte van deeltjiewerkwoorde kan moontlik verandering ondergaan. Deeltjiewerkwoorde kan meer of minder skematies word soos wat die aantal deeltjies en werkwoorde wat in die konstruksie gebruik kan word, verander. Die konstruksie [[deeltjie]+[neem]] kan byvoorbeeld 'n moontlike verandering in skematisiteit ondergaan weens die feit dat deeltjiewerkwoorde soos *beetneem* en *meeneem* moontlik met sinonieme vervang kan word omdat die deeltjiewerkwoorde formeel of hoogdrawend kan voorkom. Hierdie verandering kan ook die tipe- en tekenfrekwensies van deeltjiewerkwoordkonstruksies beïnvloed.

Daar is al verskeie studies gedoen oor verandering in deeltjiewerkwoorde in Germaanse tale.

2.9 Deeltjiewerkwoorde in Germaanse tale

Deeltjiewerkwoorde is kenmerkend van Germaanse tale en kom al vir eeue voor (Dehé, 2015:611). Omdat deeltjiewerkwoorde al vir soveel jare in taal gebruik word, bestaan daar die moontlikheid dat deeltjiewerkwoorde verandering ondergaan. Talle studies is reeds gedoen in verband met die geskiedenis van deeltjiewerkwoorde in verskeie Germaanse tale.

2.9.1 Sweedse deeltjiewerkwoorde

Sweedse deeltjiewerkwoorde is al grondig ondersoek (vergelyk die verwysings na vorige studies in Norde 2011: 186). In 'n studie deur Norde (2011) word die oorsprong en ontwikkeling van die deeltjiewerkwoord in Sweeds ondersoek. Norde (2011:185) verduidelik dat die deeltjiewerkwoord in Sweeds interessante kenmerke toon wat verskil van kenmerke in ander Germaanse tale. Daar is drie groepe deeltjiewerkwoorde wat elk sintakties verskillend optree. Daar is eerstens deeltjiewerkwoorde wat eenders is as die deeltjiewerkwoorde *lastig val* en *nodig hê*, waar die deeltjie en die werkwoord nooit een woord vorm nie. Die deeltjiewerkwoord *plocka upp* (optel) kan byvoorbeeld nie as **uppplocka* geskryf word nie (Norde, 2011:185). Hierdie groep kan frase-deeltjiewerkwoorde (phrasal particle verbs) genoem word (Norde, 2011:186).

Die tweede groep deeltjiewerkwoorde lyk op die oog af soos enige ander deeltjiewerkwoord in Afrikaans. Daar is egter 'n belangrike verskil tussen hierdie groep deeltjiewerkwoorde in Sweeds en die Afrikaanse deeltjiewerkwoorde: die deeltjies in deeltjiewerkwoorde soos *avsluta* (afsluit) kan nie van die werkwoord geskei word nie (Norde, 2011:185). Dit is belangrik om hier in ag te neem dat die klem in deeltjiewerkwoorde altyd op die deeltjie val. Vergelyk die volgende sinne:

(2.12) *Dit wil dus voorkom asof die beskikbaarheid van permanente water een van die vernaamste bepalende faktore vir die aan- of afwesigheid van hierdie spesie in 'n bepaalde habitat mag wees.*
(Natuurwetenskappe, 2001-2010)

(2.13) *Dit het 'n paar dae lang gebrand en nou is daar maatreëls in plek om so 'n voorval te voorkom.* (Natuurwetenskappe, 2001-2010)

In voorbeeld (2.10) val die klem op die deeltjie (vóórkóm) terwyl die klem in (2.11) op die laaste deel van die werkwoord val (voorkóm). Dit is dieselfde konsep – die posisie van die klem – wat die deeltjiewerkwoorde soos *avsluta* in Sweeds van ander werkwoorde onderskei (Norde, 2011:185). Hierdie groep word saamgestelde deeltjiewerkwoorde (compound phrasal verbs) genoem (Norde, 2011:186).

Die laaste groep deeltjiewerkwoorde in Sweeds is deeltjiewerkwoorde waar, net soos die meeste deeltjiewerkwoorde in Afrikaans, die deeltjie en die werkwoord van mekaar geskei kan word, soos gesien kan word in *bjuda in / inbjuda* (uitnooi / nooi uit) (Norde, 2011:186). Daar is egter een belangrike kenmerk van hierdie groep skeibare deeltjiewerkwoorde in Sweeds wat verskil van deeltjiewerkwoorde in Afrikaans: die deeltjiewerkwoord bly nie altyd semanties dieselfde wanneer dit geskei word nie. Norde (2011:187) verduidelik dat die deeltjiewerkwoord *angå* “bekommer” beteken, maar wanneer die deeltjiewerkwoord geskei word (*gå an*) beteken dit “om gepas te wees”. Hierdie groep deeltjiewerkwoorde staan bekend as veranderlike deeltjiewerkwoorde (*variable particle verbs*) (Norde, 2011:186).

Deeltjiewerkwoorde verskyn vir die eerste keer in ca. 800 – ca. 1100 A.D. (Norde, 2011:192). Volgens Norde (2011:193, 205) is daar twee prosesse wat tot die vorming van die deeltjiewerkwoord in Sweeds gelei het: grammatikalisering en taalkontak. 'n Naamwoord grammatikaliseer tot 'n relasionele frase of 'n bywoord, en grammatikaliseer dan nog meer tot 'n setsel. Norde (2011:195) verduidelik dat sommige van hierdie setsels, maar nie almal nie, tot deeltjies in die deeltjiewerkwoord ontwikkel het. Veranderlike deeltjiewerkwoorde en frase-deeltjiewerkwoorde het ontwikkel uit deeltjiewerkwoorde in Oudsweds waar die posisie van die deeltjie relatief vry was. Norde (2011:198) noem dat die deeltjie voor die werkwoord of na die werkwoord kon staan.

'n Klein groep setsels het twee vorme gehad: 'n langer vorm wat as setsel en bywoord kon optree, en 'n korter vorm wat slegs as setsel kon optree, soos *mellan* (tussen), wat 'n korter vorm van *emellan* is (Norde, 2011:196). Hierdie setsels het tot saamgestelde deeltjiewerkwoorde ontwikkel en, omdat die groep setsels waaruit hierdie deeltjiewerkwoorde ontwikkel het so klein was, was saamgestelde deeltjiewerkwoorde nie baie frekwent in Oudsweds nie. In Middelsweds het die frekwensie van saamgestelde deeltjiewerkwoorde egter toegeneem. Norde (2011:205) skryf die hoër frekwensie toe aan taalkontak tussen Middelsweds en beide Latyns en Duits.

2.9.2 Engelse deeltjiewerkwoorde

Elenbaas (2007) ondersoek die historiese sintaktiese ontwikkeling van die Engelse deeltjiewerkwoord. Engelse deeltjiewerkwoorde bestaan, net soos Afrikaanse deeltjiewerkwoorde, uit 'n deeltjie wat soos 'n setsel lyk maar sintakties anders optree, en 'n werkwoord (Elenbaas, 2007:1). Die Engelse deeltjiewerkwoord toon sintaktiese variasie, soos uitgebeeld in die volgende voorbeelde:

(2.14) *Their efforts to cheer up the singer who lost her voice were useless.* (Elenbaas, 2007:9)

(2.15) *The four unmanageable kids chucked their parents right out.*
(Elenbaas, 2007:9)

(2.16) *Off he took his bowler hat.* (Elenbaas, 2007:14)

Voorbeelde (2.12) en (2.13) illustreer die prototipiese sinsposisie van die Engelse deeltjiewerkwoord, waar die deeltjie na die werkwoord verskyn, met of sonder ander sinsdele tussenin. Voorbeeld (2.14) kom minder voor en nie alle deeltjiewerkwoorde kan daardie posisie beklee nie (Elenbaas, 2007:14). Die grootste verskil tussen die Engelse deeltjiewerkwoord en die Afrikaanse deeltjiewerkwoord is dat die Engelse deeltjiewerkwoord nie 'n nie-geskeide vorm het nie. Elenbaas (2007:9) wys uit dat die Engelse deeltjiewerkwoord produktief is en dat daar gereeld nuwe deeltjiewerkwoorde gevorm word.

Elenbaas (2007:131) verduidelik die Engelse deeltjiewerkwoord ontwikkel het uit skeibare komplekse werkwoorde wat in Oudengels voorkom:

(2.17) *ne ic nelle innagan into Godes huse.* (Elenbaas, 2007:141)

'I don't want to enter into God's house'

(2.18) *com Swegn eorl in mid vii scipon to Bosenham.* (Elenbaas, 2007:141)

'earl Swegn came into Bosham with seven ships'

Elenbaas (2007:211) verduidelik dat Engels verskeie groot veranderinge ondergaan het aan die begin van die Middelenagesle periode. Die aantal voorsetsels het verminder en daar was 'n merkwaardige verandering in die posisie van deeltjies:

(2.19) *for he besæt heom til hi aiauen up here castles* (Elenbaas, 2007:218)

'because he surrounded them until they gave up their towns'

(2.20) & *duste him dun riht to þer eorðe* (Elenbaas, 2007:219)

'and threw him right down to the ground'

Die deeltjie skuif na die regterkant van die werkwoord en kan aangrensend wees met die werkwoord of deur ander sinsdele van die werkwoord geskei word. Elenbaas (2007) bevind dat taalkontak 'n rol gespeel het in die woordorde wat vandag in Engelse deeltjiewerkwoorde waargeneem kan word, alhoewel dit nie sterk bewys kan word nie weens die gebrek aan tekste uit daardie periode. Engels het in kontak gekom met Oudnoors as gevolg van Vikingnedersettings aan die einde van die Oudengelse periode. In Oudengels was deeltjies semanties deursigtig en hulle het deurgaans voor die werkwoord verskyn, alhoewel die deeltjie in beperkte kontekste die posisie direk ná die werkwoord beklee het. In Oudnoors daarteenoor het deeltjies 'n meer abstrakte betekenis gehad en hulle het prototipies na die werkwoord gestaan. Elenbaas (2007:273) verduidelik dat daar 'n periode van linguistiese onstabieliteit ontstaan het weens die taalkontak tussen Oudengels en Oudnoors, wat momentum geskep het vir die verskuiwing van die posisie van die deeltjie.

2.9.3 Deeltjiewerkwoorde in Nederlands

Blom (2005) ondersoek komplekse werkwoorde in Nederlands, en fokus op skeibare komplekse werkwoorde (deeltjiewerkwoorde) en onskeibare komplekse werkwoorde. Blom (2005:6) demonstreer dat die Nederlandse deeltjiewerkwoord,

net soos die Afrikaanse deeltjiewerkwoord, skei wanneer die werkwoordelike element in die spilposisie staan:

(2.21) *dat Jan de informasie opsoek* (Blom, 2005:6)

'dat Jan die inligting opsoek'

(2.22) *Jan soek de informasie op*. (Blom, 2005:6)

'Jan soek die inligting op.'

Blom (2005:10) noem dat deeltjiewerkwoorde in sommige aspekte dieselfde optree as ander werkwoorde, soos dat dit gebruik kan word in samestellings en afleidings. Tog kan woorde prototipies nie skei nie, en daarom noem Blom (2005:10) deeltjiewerkwoorde 'n tussenklas: 'n groep wat kenmerke deel met beide woorde en frases. Op grond hiervan formuleer Blom (2005:12) die vraag, wat is 'n deeltjie en wat is 'n deeltjiewerkwoord, en bekijk die saak dan diachronies om agter die kap van die byl te kom.

Volgens Blom (2005:252) kan gewone frases in 'n proses van grammatikalisering met 'n aangrensende werkwoord 'n deeltjiewerkwoord vorm. Die frase, wat gewoonlik aangrensend aan die linkerkant van die werkwoord geplaas word, vorm 'n eenheid met die werkwoord en kan 'n unieke betekenis ontwikkel (Blom, 2005:254). Blom (2005:254) gebruik die deeltjie *af* as voorbeeld:

(2.23) *dat Jan sy huiswerk af maak* (Blom, 2005:254)

'dat Jan sy huiswerk klaar maak'

(2.24) *dat Jan sy huiswerk afmaak* (Blom, 2005:254)

'dat Jan sy huiswerk klaarmaak

(2.25) *alle winkels aflopen* (Blom, 2005:254)

'al die winkels afloop' (let. al die winkels besoek)

In (2.23) kom die setsel *af* voor die werkwoord *maak* voor, en ontwikkel dan tot die deeltjiewerkwoord *afmaak* in (2.24). Blom (2005:252) verduidelik dat *af* as deel van die deeltjiewerkwoord 'n meer abstrakte betekenis bykry: in (2.24) beteken *af*

“klaar”, maar in (2.25) beteken dit “heeltemal gedoen (met behulp van die werkwoord)”.

Deeltjiewerkwoorde vind hul oorsprong in verskeie soorte frases. Oriënterende deeltjies soos *toe* in *toespreken* (toespreek) is semanties verwant aan frases wat 'n sekere gebeurtenis in 'n spesifieke rigting oriënteer (Blom, 2005:264). Blom (2005:264) haal die volgende voorbeeld aan uit 'n Middelnederlandse teks:

(2.26) *Doe hi sach dat si hem voir bi ghinc ende sulke woorden hem
toe seide wert hi seer drovich.*

*‘toe hy sien dat sy by hom verby loop en sulke woorde aan hom
sê, het hy baie hartseer geword’.*

Die frase *toe seide* het deur grammatikalisering ontwikkel tot die deeltjiewerkwoord *toespreken*, wat dan 'n addisionele betekenis bygekry het (Blom, 2005:267):

(2.27) *dat het bestuur Jan de woning toegezegd heeft*

‘dat die rigting aan Jan die woning toegesê/belowe het’

Verder het deeltjiewerkwoorde soos *doorspelen* (deurspeel) ontwikkel uit frases wat 'n weg aandui (Blom, 2005:268):

(2.28) *Ende hi voer alle dlant dore.* (Blom, 2005:269)

‘En hy het die hele land deurgery’

Die subskema [[*deur*]+[*V*]] is gevorm met 'n werkwoord wat beweging impliseer. Die betekenis van die skema is egter uitgebrei sodat ander werkwoorde soos *lezen* (lees) ook in die V-slot gebruik kan word om deeltjiewerkwoorde soos *doorlezen* (deurlees) te vorm, waar daar geen konkrete beweging is nie (Blom, 2005:270).

Deeltjiewerkwoorde soos *doorwerken* (vir ure deurwerk) kan ook ontwikkel uit duratiewe frases wat 'n doellose voortsetting van 'n aksie impliseer (Blom, 2005:273).

(2.29) *Ende si beeden al den nacht dore in der vergaderinghen.* (Blom, 2005:273)

‘En hulle het die hele nag deur gebid in die vergadering’

Volgens Blom (2005:280) kan deeltjiewerkwoorde verder grammatikaliseer tot onskeibare komplekse werkwoorde soos gesien kan word in die volgende voorbeelde:

(2.30) de sonate dóorspelen

‘ die sonate deurspeel’

(2.31) het huis doorzóeken

‘die huis deursoek’

Volgens Blom (2005) ontstaan alle deeltjiewerkwoorde nie noodwendig op hierdie manier nie. Bestaande deeltjiewerkwoorde kan as templaar gebruik word vir die skepping van nuwe deeltjiewerkwoorde: ’n deeltjie wat reeds in ’n deeltjiewerkwoord gebruik word, kan met ’n nuwe werkwoord ’n deeltjiewerkwoord vorm, of andersom.

Blom (2005:282) verduidelik dat die verbinding tussen die deeltjie en die werkwoord hegter word, sodat die komplekse werkwoord holistiese betekenis uitdruk en dus onskeibaar word.

2.10 Deeltjiewerkwoorde in Afrikaans

In Afrikaans is daar verskeie sinchroniese ondersoeke, soos Kempen (1969), Ponelis (1979, 1989, 1993), Botha en Van Aardt (1987), Du Plessis (1972) en Bosman (1999) oor die deeltjiewerkwoord. In hierdie afdeling word daar gefokus op studies deur Ponelis, Du Plessis, Bosman en Kempen.

Ponelis (1989:49) noem dat deeltjiewerkwoorde leksikale uitdrukkings, oftewel meerwoordige leksikale eenhede, is. Deeltjiewerkwoorde is sintakties gelade aangesien die werkwoordelike element (byvoorbeeld *hou*) en die deeltjie (byvoorbeeld *dop*) sintakties verskillend optree: die werkwoordelike element volg dieselfde reëls as ander werkwoorde en gaan na die spilposisie in die sin, terwyl die deeltjie in die sentrumgrens beland, soos gesien kan word in die sin, *sy hou*

hom dop (Ponelis, 1989:49). Alhoewel alle deeltjiewerkwoorde sintakties geled is, is nie alle deeltjiewerkwoorde semanties geled nie. Die deeltjiewerkwoord *dophou* is semanties simpleks en tree semanties dieselfde as ander simplekse op, aangesien die betekenis van die woord nie afgelei kan word van die betekenis van *dop* en *hou* nie (Ponelis, 1989:49). Ander deeltjiewerkwoorde, soos byvoorbeeld *uitgaan* en *afval*, is semanties geled en tree op soos ander samestellings: die werkwoordelike element en die deeltjie dra elk by tot die betekenis van die deeltjiewerkwoord as geheel.

In sy boek *The development of Afrikaans* bespreek Ponelis (1993) die aspekte wat tot die vorming van Afrikaans gelei het. Ponelis (1993) gee 'n kort bespreking van die algemene kenmerke van deeltjiewerkwoorde in Afrikaans, en noem ook in watter jaar sommige van die deeltjiewerkwoorde vir die eerste keer waargeneem is. Vir Ponelis (1993:578) vorm deeltjiewerkwoorde 'n eenheid, aangesien deeltjiewerkwoorde met ander hoofwerkwoorde vervang kan word: aantoon = wys, aantref = vind, doodgaan = sterf, mooipraat = soebat. Verder is die deeltjie en die werkwoord in sommige kontekste semanties afhanklik van mekaar, aangesien die een of die ander nie alleen kan optree nie, soos in die woorde afjak, bydam, afrokkel, dophou, skoorsoek en gadeslaan (Ponelis, 1993:579). Volgens Ponelis (1993:579) ontwikkel die meerderheid generiese deeltjiewerkwoorde uit gewone leksikale items: *kopgee* uit *kop* en *gee*, *spoorsny* uit *spoor* en *sny*, ensovoorts. Hierdie proses kan ook plaasvind met bestaande deeltjiewerkwoorde om komplekse deeltjiewerkwoorde te vorm, soos *handuitruk*, *huisopsit*, *keelafsn* en *kersvashou* (Ponelis. 1993:580)

Du Plessis (1972) doen 'n ondersoek oor die grammatika van Afrikaanse deeltjiewerkwoorde. Die meeste deeltjies in deeltjiewerkwoorde korreleer met selfstandige woorde in die Afrikaanse leksikon. Die deeltjie *op* in die deeltjiewerkwoord *opspring* korreleer byvoorbeeld met die voorsetsel *op*. 'n Groot deel van Du Plessis (1972) se ondersoek word gewy aan die verskil tussen deeltjies en die leksikale element wat daarmee korreleer:

(2.32) *As jy sestig is, betaal jy nog aan die huis.*

(2.33) *Die bende rand die skof werker aan.* (Du Plessis, 1972:11-12).

Du Plessis (1972) stel verskeie toetse voor wat gebruik kan word om te onderskei tussen 'n deeltjiewerkwoord en eenderse leksikale elemente. Die eerste toets wat Du Plessis (1972:11) beskryf, onderskei tussen 'n voorsetsel en 'n deeltjiewerkwoord en bevind dat die voorsetsel altyd 'n voorsetselgroep saam met die naamwoord vorm, terwyl die deeltjie 'n hegte band vorm met die werkwoord.

'n Tweede toets wat kan onderskei tussen 'n setsel en 'n deeltjiewerkwoord kyk na die sinsposisie. Die sinsposisie van 'n setsel is dieselfde as dié van die deeltjie in 'n geskeide deeltjiewerkwoord. Wanneer die toets gedoen word, moet die konstruksie eerstens aangepas word sodat *wat* in die sin gebruik word (Du Plessis, 1972:12). In 'n konstruksie met 'n setsel kan *wat* met *waar* vervang word, terwyl dit nie moontlik is in 'n konstruksie met 'n deeltjiewerkwoord nie:

(2.34) *Die kinders klim die dak maklik op*

(2.35) *Die dak wat die kinders maklik op klim*

(2.36) *Die dak waarop die kinders maklik klim*

Vergelyk hier konstruksies met 'n deeltjiewerkwoord:

(2.37) *Woensdae bel sy gewoonlik haar ma op*

(2.38) *Haar ma wat sy gewoonlik Woensdae opbel*

(2.39) **Haar ma waarop sy Woensdae bel*

Om te onderskei tussen 'n deeltjie en 'n naamwoord stel Du Plessis (1972:17) die volgende toets voor. Indien daar 'n naamwoord in die konstruksie gebruik word, kan 'n betreklike bysin as nabepaling geneem word:

(2.40) *Hy ken die skool wat ons van praat*

Indien daar egter 'n deeltjiewerkwoord in die konstruksie gebruik word, is dit nie moontlik om 'n betreklike bysin as nabepaling te neem nie:

(2.41) *Asem wat 'n mens in ons stede haal, is suiwer

Wanneer 'n adjektief in 'n deeltjiewerkwoord gebruik word, verloor dit eienskappe wat kenmerkend is aan adjektiewe. Du Plessis (1972:23) verduidelik dat hierdie feit gebruik kan word om te toets of 'n adjektief of 'n deeltjiewerkwoord in 'n konstruksie gebruik word:

(2.42) Die goeie atleet lê oop wenpaal toe

(2.43) *Die beste atleet lê die oopste wenpaal toe

Teenoor konstruksies wat adjektiewe bevat:

(2.44) Sit tog stil

(2.45) Sit tog bietjie stiller

Laastens kan daar ook 'n toets gedoen word om te onderskei tussen 'n bywoord en 'n deeltjiewerkwoord. Wanneer 'n bywoord in 'n deeltjiewerkwoord gebruik word, gaan die basiese eienskap van bepaling van tyd of lokaliteit verlore, waar *agter* in voorbeeld (2.44) verwys na 'n ruimtelike posisie terwyl *agter* in voorbeeld (2.45) meer abstrak is:

(2.46) Die juffrou hou die seuntjie agter

Teenoor 'n konstruksie met 'n deeltjiewerkwoord:

(2.47) Die bestuurder kom bedrog agter

Verder beskryf Du Plessis (1972) ook die plasing van die deeltjiewerkwoord in Afrikaanse sinne en bevind dat die plasing van Afrikaanse deeltjies minder vryheid in die sin toon as byvoorbeeld die deeltjie in Engels. In Engels is dit moontlik om die posisie van die deeltjie te verskuif:

(2.48) The chemist shook up the mixture

(2.49) The chemist shook the mixture up (Du Plessis, 1972:33).

Die sinsposisie van die deeltjie teenoor die werkwoord het in Afrikaans 'n verpligte posisie wat bepaal word deur ander sintaktiese faktore. Daar is drie sinsposisies

wat moontlik deur die deeltjie beklee kan word. Eerstens kan die deeltjie in die post-posisie wees wanneer die spil in die sin deur die deeltjiewerkwoord gevul moet word:

(2.50) *Die onderwyser laat die kinders toe om te speel.*

(2.51) **Die onderwyser laat toe die kinders om te speel. (Du Plessis, 1972:33)*

Daar is egter 'n paar uitsonderings hierop, soos *meegee* en *klaarkom*, waar die deeltjie beide voor en na die voorsetselgroep kan staan:

(2.52) *Die plank gee op die laaste oomblik mee.*

(2.53) *Die plank gee mee op die laaste oomblik. (Du Plessis, 1972:37).*

Tweedens kan die deeltjie die pre-posisie inneem wanneer die spil deur 'n ander werkwoord gevul word. In hierdie geval is die deeltjiewerkwoord in die nie-geskeide vorm en die deeltjiewerkwoord kom tipies na die objek voor:

(2.54) *Hy help die kinders visvang.*

(2.55) **Hy help visvang die kinders. (Du Plessis, 1972:35).*

Daar is egter uitsonderings soos *oplaai* en *nakom* waar die deeltjiewerkwoord se plasing meer vryheid toon:

(2.56) *Die spanning sal in die hoofsaal oplaai.*

(2.57) *Die spanning sal oplaai in die hoofsaal. (Du Plessis, 1972:38).*

Die laaste posisie van die deeltjie kom slegs voor in sinne met *te*, waar die deeltjie in 'n geskeide deeltjiewerkwoord voor die werkwoord verskyn:

(2.58) *Jy behoort die verlowing aan te kondig. (Du Plessis, 1972:36).*

Alhoewel daar wel uitsonderings is ten opsigte van die plasing van die deeltjiewerkwoord in Afrikaans, is die posisie van die deeltjie en die werkwoord redelik vas in verskillende kontekste en kan die deeltjie nie so vrylik verskuif word soos in Engels nie.

In 'n ander studie oor deeltjiewerkwoorde kyk Bosman (1999) vanuit die motiveringsteorie na deeltjiewerkwoorde om vas te stel of daar 'n verskil in die verband tussen die letterlike en idiomatiese betekenis van *om* as setsel en as deeltjie bestaan. Die ondersoek bevind dat *om*-deeltjiewerkwoorde verskillende vlakke van abstraksie toon. Sommige deeltjiewerkwoorde is deursigtig, soos *omstamp*, waar die betekenis van die voorsetsel *om* duidelik in die deeltjiewerkwoord figureer. Ander deeltjiewerkwoorde, soos *omkrap*, beweeg verder weg van die prototipiese betekenis en word meer abstrak. Dan is daar deeltjiewerkwoorde soos *omgee* wat figuurlik is en nie meer die betekenis van die voorsetsel *om* duidelik uitbeeld nie. Bosman (1999) noem dat nie al die betekenis van *om*-deeltjiewerkwoorde in verband gebring kan word met 'n enkele prototipiese betekenis nie.

Kempen (1969) ondersoek komposita in Afrikaans. Twee tipes komposita word onderskei in Kempen (1969) se ondersoek, naamlik komposita as naamwoorde en komposita as werkwoorde (deeltjiewerkwoorde). Kempen (1969:298) verduidelik dat die groep komposita in Afrikaans kan uitgebrei, maar dat dit onduidelik is wat die beperkinge is wat op die groep geplaas word. Dit is moontlik om nuwe deeltjiewerkwoorde te vorm, soos Kempen (1969:307, 324) uitwys met die deeltjiewerkwoorde *bydam* en *uitjaag* wat in Afrikaans voorkom maar nie in Nederlands nie. Deeltjiewerkwoorde kan egter nie onbeperk uitgebrei nie: deeltjiewerkwoorde soos **meestalstap* en **dikwelslag* is vir Kempen (1969:298) ondenkbaar. Kempen (1969:298) verduidelik dat dit meer tradisie as taalkundige oorweging is wat hierdie grense bepaal.

Verder bespreek Kempen (1969) die betekenis wat sekere korrelate in komposita het. In komposita met *aan* kan die *aan* korrelaat 5 verskillende betekenis uitdruk, naamlik “vorentoe of verandering” soos in *aanfladder* en *aanboer*, “om in 'n mate soos die werkwoord te word” soos in *aandik* en *aandraai*, “raak of teen iets wees” soos in *aanbons* en *aanvly*, “begin of aanhou” soos in *aanbreek* en *aanbly*, en “by of rondom” soos in *aangord* en *aanweef* (Kempen, 1969:299-300).

In komposita met *oor* identifiseer Kempen (1969:319) 3 verskillende betekenisse, naamlik “nog ’n keer” soos in *oordoën* en *oorleer*, “anderkant toe” soos in *oorwen* en *oorroei*, en “bo-oor” soos in *oorstroom* en *oortree*. Kempen (1969:320) wys uit dat komposita met *oor* meer as 40 woorde bevat wat vormlik identies is, maar semanties en fonologies van mekaar verskil, en noem dat hierdie woorde slegs gedeeltelik aan mekaar verwant is. Woorde soos *oordoën* en *oorvra* beteken as ’n werkwoord “weer” en as ’n naamwoord “te veel”, woorde soos *oorpleister* en *oorpoeier* beteken as ’n werkwoord “weer” en as ’n naamwoord “toe”, en woorde soos *oordryf* en *oorlaai* beteken as ’n werkwoord “anderkant toe” en as ’n naamwoord “te veel”.

2.10.1 Opsomming: Kenmerke van deeltjiewerkwoorde in Afrikaans

Uit die bespreking vooraf is dit moontlik om ’n lys kenmerke van deeltjiewerkwoorde in Afrikaans saam te stel.

1. Deeltjiewerkwoorde is sintakties gelade woorde.

Deeltjies en die werkwoordelike elemente in deeltjiewerkwoorde tree nie sintakties dieselfde op wanneer die deeltjiewerkwoord in die geskeide vorm gebruik word nie. Die werkwoord staan in die spilposisie, terwyl die deeltjie ná die naamwoordstuk in die sin voorkom:

(2.59) *Hy knoop sowaar verlede week 'n argument met die prof aan,
terwyl hy voor sy siel weet hy is verkeerd.* (Fiksie, 1971-1980).

Dit is egter moontlik dat die deeltjie in sekere gevalle voor die naamwoordstuk verskyn. In hierdie gevalle is dit altyd moontlik om die deeltjie te skuif sonder dat ’n betekenisverandering plaasvind:

(2.60) *Dit kom aan oor die haai vlaktes, uit Doornpoort se rigting.*
(Fiksie, 2001-2010)

(2.61) *Dit kom oor die haai vlaktes aan, uit Doornpoort se rigting.*

Die deeltjie en werkwoordelike element kan wel aangrensend wees:

(2.62) *Dit dui aan dat die aktiewe stof klaarblyklik nie vlugtig is nie.*
(Natuurwetenskappe, 1941-1950).

2. Deeltjiewerkwoorde kan semanties simpleks of gelade wees.

Deeltjiewerkwoorde kan soos ander simplekse woorde optree in die sin dat die betekenis van die geheel nie afgelei kan word van die individuele dele van die woord nie (voorbeeld 2.63), of dit kan semanties gelaaid wees soos samestellings waar die betekenis van die geheel 'n som is van die betekenis van die dele van die woord (voorbeeld 2.64):

(2.63) *Wat Ampie opval, is dat die mense so min notisie van hom neem*
(Fiksie, 1941-1950)

(2.64) *Kort na die bliksoldaat van die vensterbank afgeval het, het 'n storm losgebars en die kinders het uit die kamer gehardloop en by hul ouers in die sitkamer gaan sit.* (Fiksie, 2001-2010)

3. Deeltjiewerkwoorde het 'n eenheidstatus.

Die eenheidstatus van deeltjiewerkwoorde kan uitgebeeld word deur 'n deeltjiewerkwoord met 'n sinoniem te vervang:

(2.65) *[...] vanweë die sterk landbou-aard van ons vroeëre lewe het die Afrikaner sku geword vir plekke waar jy moet betaal om oor te bly!* (Informatief, 1979-1980)

(2.66) *vanweë die sterk landbou-aard van ons vroeëre lewe het die Afrikaner sku geword vir plekke waar jy moet betaal om te vertoef.*

4. Komplekse deeltjiewerkwoorde kan gevorm word.

Dit is moontlik dat nog 'n deeltjie by 'n deeltjiewerkwoord aangelas word, sodat 'n komplekse deeltjiewerkwoord gevorm word:

(2.67) *Willie het keelskoongemaak en diplomaties geantwoord: "Ek stel voor jy vra vir Hennie nadat julle getroud is."* (Biografies, 2001-2010).

5. Deeltjies tree sintakties anders op as deeltjie-korrelate.

Deeltjies vorm 'n hegte band met die werkwoord, terwyl die deeltjie-korrelaat gewoonlik met 'n naamwoordstuk verbind. Dit beteken dat die deeltjie in 'n geskeide deeltjiewerkwoord gewoonlik ná die naamwoordstuk gebruik word, en dat die deeltjie-korrelaat gewoonlik voor die werkwoord gebruik word:

(2.68) *As hy die troon beklim, gaan hy om politieke redes tot die Katolieke geloof oor* (Biografies, 2001-2010).

(2.69) *Dit is veeleisend vir 'n perd ook, veral waar die jaagtog deur diep slote, teen skuinstes en oor kranse gaan* (Biografies, 1971-1980)

6. Deeltjies kan verskillende vlakke van abstraksie toon.

Deeltjies kan deursigtig (Voorbeeld 2.70) of figuurlik (voorbeeld 2.71) wees:

(2.70) *Hy laat haar hand los en raak met vriendelike warmte aan haar skouer.* (Fiksie, 2001-2010).

(2.71) *Teen die aand het hulle opnuut aangeval en in die nag daarmee volgehou.* (Biografies, 1941-1950)

7. Dit is nie duidelik watter beperkinge daar op die deeltjiewerkwoordkonstruksie geplaas word nie.

2.11 Navorsingsvrae en hipoteses

Uit afdeling 2.9 word dit duidelik dat die deeltjiewerkwoorde in Germaanse tale weens grammatikalisering en taalkontak ontwikkel het. Norde (2011) gaan ver terug om die eerste gebruike van deeltjiewerkwoorde in Sweeds op te spoor en sodoende vas te stel hoe deeltjiewerkwoorde ontstaan het. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat Sweedse deeltjiewerkwoorde ontstaan het in 'n

grammatikaliseringproses waar naamwoorde eers tot relasionele frases of bywoorde ontwikkel het, en daarna tot setsels. Sommige van hierdie setsels het dan deel van deeltjiewerkwoorde geword. Deeltjiewerkwoorde het dan verder ontwikkel weens 'n kombinasie van grammatikalisering en taalkontak.

Elenbaas (2007) beskryf hoe deeltjiewerkwoorde uit skeibare komplekse werkwoorde ontwikkel het. Die skeibare komplekse werkwoorde, wat sintakties soos Afrikaanse deeltjiewerkwoorde opgetree het, het 'n permanente skeiding ondergaan sodat daar nie meer 'n nie-geskeide vorm van die deeltjiewerkwoord gebruik word nie, en sodat die deeltjie permanent na die regterkant van die werkwoord skuif.

Blom (2005) ondersoek die ontstaan van deeltjiewerkwoorde in Nederlands en bevind dat gewone frases deur grammatikalisering met 'n werkwoord gekombineer het om 'n deeltjiewerkwoord te vorm. Maar Blom (2005) ondersoek nie slegs die historiese ontwikkeling van deeltjiewerkwoorde nie: daar word ook bewys dat deeltjiewerkwoorde verder kan grammatikaliseer en uiteindelik onskeibare komplekse werkwoorde kan word.

Deeltjiewerkwoorde kan aanhou ontwikkel selfs nadat dit gevorm is. In Sweeds word die posisies van deeltjies teenoor die werkwoord vaster en in Nederlands ontwikkel sommige deeltjiewerkwoorde tot onskeibare komplekse werkwoorde. Alhoewel dit nie met die huidige korpus moontlik is om in hierdie studie die eerste gebruike van deeltjiewerkwoorde in Afrikaans na te gaan nie, kan daar wel ondersoek ingestel word na die veranderinge wat meer onlangs in Afrikaanse deeltjiewerkwoorde plaasgevind het. Dus, die vorming van die navorsingsvraag:

1) Watter veranderinge kan in deeltjiewerkwoordkonstruksies, en die gebruik daarvan, waargeneem word in die tydperk 1911 tot 2010?

Hierdie navorsingsvraag is redelik wyd en daarom is dit nodig om drie subvrae te formuleer wat uiteindelik tot die beantwoording van die hoofvraag sal lei. As daar aanvaar word dat deeltjiewerkwoorde 'n konstruksie is, kan verandering vanuit 'n

diachroniese konstruksiegrammatika-perspektief aangedurf word. Verandering in konstruksies kan raakgesien word in die skematisiteit en produktiwiteit van die konstruksies. Daarom kan die volgende vrae gevra word:

1.1) Is daar verandering in die skematisiteit van deeltjiewerkwoordkonstruksies?

1.2) Is daar verandering in die produktiwiteit van deeltjiewerkwoordkonstruksies?

Blom (2005) noem dat nuwe deeltjiewerkwoorde gevorm kan word deur ander deeltjiewerkwoorde as templaar te gebruik. Deeltjiewerkwoorde wat gevorm word deur ander deeltjiewerkwoorde as templaar te gebruik, kan veel vinniger vorm as deeltjiewerkwoorde wat vorm as gevolg van die grammatikalisering van 'n frase en 'n werkwoord. Dit is dus moontlik dat nuwe deeltjiewerkwoorde oor 'n tydperk van 99 jaar kan vorm. Elenbaas (2007:9) meen dat die Engelse deeltjiewerkwoord produktief is aangesien nuwe deeltjiewerkwoorde gedurig ontstaan. Dit is ook moontlik dat die Afrikaanse deeltjiewerkwoord gereeld nuwe toevoegings het. Die hipotese is dat die Afrikaanse deeltjiewerkwoordkonstruksie toeneem in skematisiteit en aanhou om produktief te wees. Dit is tog waarskynlik dat nie al die mikro-skemas dieselfde toename sal toon nie.

Laastens is dit duidelik uit afdeling 2.9 dat 'n verandering in vorm nie onverwags is in deeltjiewerkwoorde nie. Daarom kan die laaste vraag geformuleer word:

1.3) Toon die vorm van deeltjiewerkwoorde enige verandering?

Daar is twee moontlikhede vir 'n vormlike verandering in deeltjiewerkwoorde. Soos wat daar in Elenbaas (2007) se studie gewys word, is dit moontlik dat die deeltjie permanent van die werkwoord kan skei. Dit is egter onwaarskynlik dat so 'n verandering in die Afrikaanse deeltjiewerkwoord sal plaasvind sonder dat daar 'n merkwaardige, grootskaalse verandering in woordorde in Afrikaans geskied.

'n Tweede moontlike verandering wat kan plaasvind is dat frases wat aangrensend met die werkwoord staan, 'n deeltjie in die deeltjiewerkwoord kan word. Dit moet egter in ag geneem word dat hierdie tipe verandering soos deur Blom (2005)

waargeneem, reeds in Middelnederlands plaasgevind het. Dus is dit heel onwaarskynlik dat hierdie tipe verandering steeds produktief sal plaasvind in moderne Afrikaans. Dit is wel moontlik dat die eerste periode wat in hierdie studie ondersoek word (1911 tot 1920) variasie kan toon in terme van die gebruik van die nie-geskeide vorm van die deeltjiewerkwoord: dit is moontlik dat deeltjiewerkwoorde wat vandag as een woord geskryf word, aangrensend as twee woorde geskryf word aangesien standaardisering nog nie plaasgevind het nie. Dit is egter nie moontlik om met die korpus in hierdie studie te bepaal of dit slegs 'n ortografiese aspek is en of dit 'n ontwikkeling is soos dié wat Blom (2005) waarneem nie.

Die hipotese vir vormlike verandering in Afrikaanse deeltjiewerkwoorde is dus dat daar in die vroegste tydperk van die studie (1911 tot 1920) deeltjiewerkwoorde sal wees wat in 'n geskeide vorm gebruik word in kontekste waar dit vandag in 'n nie-geskeide vorm gebruik sal word. Met ander woorde, die aanwesigheid van 'n sin soos “*ek moet die sout aan gee*” waar dit vandag “*ek moet die sout aangee*” sal wees. Daar word verder gehipotetiseer dat daar meer onlangse gevalle sal wees waar frases wat prototipes nie 'n deeltjiewerkwoord is nie, as 'n deeltjiewerkwoord gebruik sal word.

2.12 Samevatting

Daar is ruimte in die Afrikaanse literatuur vir 'n diachroniese ondersoek wat op deeltjiewerkwoorde fokus. Alhoewel hierdie studie nie die oorsprong van Afrikaanse deeltjiewerkwoorde ondersoek nie, kan insigte gelewer word aangaande die verandering wat in deeltjiewerkwoordkonstruksies waargeneem kan word.

HOOFSTUK 3

Metodologie

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk fokus op die metodologie wat gebruik is om die navorsingsvrae te beantwoord. Die eerste drie afdelings fokus daarop om korpuslinguistiek te beskryf en om korpuslinguistiek en diachroniese konstruksiegrammatika met mekaar te vereenselwig. Die laaste twee afdelings gee 'n uiteensetting van die korpora wat in die studie gebruik is en verduidelik die metode wat gebruik is om die data te ontleed.

3.2 Korpuslinguistiek

'n Taal is 'n massiewe inventaris van taalelemente wat tot sprekers se beskikking is. En, weens die kreatiwiteit van die mens, gebruik elke spreker hierdie inventaris op 'n unieke manier. Wanneer 'n taalkundige beoog om taal in gebruik akkuraat te beskryf, is dit nodig dat die taalkundige werklike taalgebruik waarneem – gesproke of geskrewe taalgebruik – en enige afleidings op hierdie waarnemings baseer (Weiser, 2016:4). Omdat daar 'n groot massa taalgebruikers is, elk met hul eie interpretasie en gebruik van die taal, kan 'n taalkundige nie elke individu se omgang met die taal waarneem nie. Daarom is dit nodig om 'n porsie taalgebruik te selekteer vir analise (Baker, 2010:109). Baker (2010:96) noem egter dat hierdie porsie nie té klein moet wees nie, aangesien dit genoeg verskeidenheid moet bevat om as 'n akkurate voorstelling van werklike taalgebruik geag te word. Dus benodig taalkundiges 'n hulpmiddel wat die geselekteerde porsie taalgebruik hanteerbaar kan maak. 'n Korpus is die ideale hulpmiddel, en die res van hierdie afdeling word toegewy aan 'n beskrywing van die fasette van 'n korpus wat daarvan 'n geskikte hulpmiddel in linguistiese studies maak.

'n Korpus is 'n elektroniese versameling van gesproke of geskrewe tekste, saamgestel om 'n sekere doel te bereik of vraag te beantwoord, wat deur

taalkundiges vir linguistiese analise gebruik word (Weiser, 2016:13). Biber en Reppen (1998:4) verduidelik dat 'n korpus die empiriese analise van natuurlike taalgebruik vergemaklik sodat werklike patrone van taalgebruik raakgesien kan word. Rekenaarsagteware stel taalkundiges in staat om redelik vinnig en gemaklik deur 'n groot aantal tekste te soek na die taalelement wat ondersoek word.

Wanneer 'n korpus saamgestel word, is daar drie belangrike konsepte wat voortdurend in gedagte gehou moet word. Hierdie drie konsepte, naamlik steekproefneming (*sampling*), balans en verteenwoordigendheid verseker dat taalkundiges korrekte en akkurate gevolgtrekkings kan maak (Baker, 2010:96). Weiser (2016:30) verduidelik dat dit belangrik is om die tekste wat in die korpus ingesluit word, noukeurig te oorweeg. Verskeie faktore wat telkens buite die taalkundige se beheer is, soos byvoorbeeld die beskikbaarheid van tekste, die aantal mense wat aan die korpus werk en die tyd wat beskikbaar is om die korpus saam te stel, beïnvloed die struktuur van die korpus. Met hierdie beperkinge in ag geneem, moet die taalkundige steeds poog om 'n korpus saam te stel wat gebalanseerd en verteenwoordigend is.

Omdat 'n korpus verteenwoordigend van 'n sekere taal, variëteit of onderwerp moet wees, is dit belangrik dat die tekste in die korpus noukeurig gekies en gebalanseer word, om te verseker dat een tipe teks nie die korpus oorheers nie (Baker, 2010:96). Om hierdie rede word daar dikwels slegs steekproewe van tekste in die korpus ingesluit, eerder as die teks as 'n geheel. Die tekste wat in 'n korpus gebruik word, is dikwels nie ewe lank nie, daarom word steekproewe van die tekste geneem – byvoorbeeld 2,000 woorde uit elke teks – om te verseker dat die korpus gebalanseerd is (Weiser, 2016:32). Dit is egter belangrik dat steekproewe uit verskillende dele van die teks geneem word, aangesien die stilistiese norme vir die skryf van die begin, middel en einde van 'n teks verskil.

Daar is verskeie funksies wat met 'n korpus verrig kan word. Jones (2015:8) verduidelik byvoorbeeld dat 'n korpus gebruik kan word om patrone in taalgebruik raak te sien wat die menslike intuïsie kan miskyk. Dit laat die navorser toe om meer

akkurate en duidelike beskrywings van taalgebruik te lewer, wat moontlik kan lei tot nuwe insigte oor taal (Jones & Waller, 2015:9).

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat 'n korpus wel beperkinge het. Die korpus is slegs 'n steekproef van die taal – dit is onmoontlik om 'n taal as geheel in 'n korpus vas te vang (Jones & Waller, 2015:15). Verder kan 'n korpus nie self verduidelikings gee vir die patrone wat in die korpus waargeneem word nie. Jones en Waller (2015:15) lê daarom klem op die feit dat navorsers self die data moet interpreteer, en waarsku dat die mens se interpretasies nie altyd korrek is nie. Laastens noem Biber en Reppen (1998:5) dat kwantitatiewe data nie genoeg is in 'n studie nie – dit is belangrik dat navorsers ook kwalitatief na voorbeelde uit die korpus kyk.

3.3 Diachroniese korpuslinguistiek

In 'n sinchroniese studie kan korpuslinguistiek gebruik word om afleidings te maak oor die taalgebruik van 'n gemeenskap op 'n spesifieke tydstip deur een of meer korpusse saam te stel met tekste uit dieselfde tyd. In 'n diachroniese studie maak korpuslinguistiek dit moontlik om taalverandering waar te neem. Twee of meer korpora wat elk bestaan uit tekste van 'n sekere tydperk, word saamgestel en met mekaar vergelyk om vas te stel hoe 'n gegewe taalelement oor 'n tydperk verander het (Weiser, 2016:175). Dit is belangrik dat die korpora vergelykbaar is, wat beteken dat die korpora in alle opsigte dieselfde moet wees, behalwe in terme van die veranderlike wat getoets word (Leech *et al.*, 2009:28). In 'n diachroniese studie beteken dit dat die korpora dieselfde moet wees wat alle aspekte behalwe die tyd wat die korpus dek, betref. Die samestelling van die korpora moet so ver moontlik eenders wees, maar hulle moet tekste bevat uit verskillende tydperke.

Met diachroniese korpuslinguistiek kan 'n sekere patroon oor 'n gegewe tydperk waargeneem word om vas te stel of die patroon verandering ondergaan het, sowel as die manier waarop en mate waartoe die verandering plaasgevind het. Diachroniese korpuslinguistiek kan ook help om vas te stel wanneer 'n sekere

verandering in 'n taal plaasgevind het, en hoe vinnig die verandering versprei het. Hierdie tipe verandering word weerspieël in die frekwensie van die patroon in die korpora, en volgens Leech *et al.* (2009:50) is frekwensie in diachroniese korpuslinguistiek veel belangriker as wat voorheen aangeneem is. Leech *et al.* (2009:8) verduidelik dat dit soms makliker is om verandering raak te sien wanneer daar na statistiese data gekyk word: 'n konstruksie kan meer of minder frekvent word oor 'n sekere tydperk of in 'n sekere konteks. Die verandering vind geleidelik plaas en daarom is dit maklik om dit mis te kyk. Frekwensie help egter om verandering in die gebruik van 'n konstruksie uit te lig en akkuraat te beskryf.

3.4 Korpuslinguistiek en diachroniese konstruksiegrammatika

Hilpert (2013:462) noem dat frekwensie 'n algemene beginpunt is wanneer daar met diachroniese konstruksiegrammatika gewerk word. Nuwe konstruksies ontstaan en bestaande konstruksies ontwikkel, en hierdie veranderinge kan in die frekwensie van die konstruksie waargeneem word. Mair (2004) ondersoek byvoorbeeld die ontwikkeling van die Engelse konstruksie *be going to* met 'n fokus op frekwensie, en bevind dat die frekwensie geleidelik toegeneem het nadat die konstruksie ontstaan het, en eers heelwat later 'n merkwaardige toename in frekwensie toon.

Hilpert (2013:463) verduidelik egter dat veranderinge in konstruksies meer gereeld in frekwensieverhoudings manifesteer as in teksfrekwensie, dit wil sê, 'n verandering kan in sommige gevalle raakgesien word wanneer frekwensies oor verskillende tekste of verskillende leksikale elemente met mekaar vergelyk word, eerder as om na frekwensies in isolasie te kyk. In sekere gevalle kan die frekwensieverandering van 'n konstruksie, wanneer dit in isolasie beskou word, onbelangrik voorkom, maar wanneer dit met die frekwensieverandering van 'n ander konstruksie vergelyk word, kan 'n ander prentjie na vore kom. Wanneer 'n woord as beide 'n leksikale element en 'n grammatikale element gebruik word, kan die frekwensie van die leksikale en grammatikale gebruike byvoorbeeld van

mekaar verskil. Dit is byvoorbeeld moontlik dat die frekwensieverandering van *af* as voorsetsel verskil van die frekwensieverandering van *af* as 'n deeltjie.

Verandering in die verspreiding van 'n konstruksie kan ook in 'n korpus waargeneem word wanneer die frekwensie van die konstruksie in ander variëteite of kontekste begin toeneem of afneem (Hilpert, 2013:465). Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer 'n konstruksie in 'n informele konteks ontstaan en later in formele kontekste ook gebruik word. Verder kan betekenisverandering van 'n konstruksie ook in 'n korpus waargeneem word, aangesien konstruksies binne die konteks waarin dit gebruik word, bekyk kan word. Ander veranderinge wat in 'n korpus waargeneem kan word, sluit in verandering in die struktuur en kollokasies.

3.5 Die korpora in hierdie studie

In hierdie studie word 'n stel korpora gebruik wat deur Kirsten (2019) saamgestel is. Die korpora dek saam 'n eeu en is opgedeel in vier intervale: 1911 tot 1920 (korpus 1), 1941 tot 1950 (korpus 2), 1971 tot 1980 (korpus 3) en 2001 tot 2010 (korpus 4). Elke korpus bestaan uit tekste van verskillende genres, wat verseker dat verskeie genrekonvensies verteenwoordig word. Die grootte van elke kategorie in die onderskeie subkorpora lyk rofweg soos volg:

- Fiksie (ongeveer 60 000 woorde)
- Nie fiksie:
 - Biografiese tekste (ongeveer 20 000 woorde)
 - Verslaggewing (ongeveer 20 000 woorde)
 - Informatiewe tekste (ongeveer 60 000 woorde)
 - Religieuse tekste (ongeveer 20 000 woorde)
- Akademiese tekste:
 - Geesteswetenskaplike tekste (ongeveer 30 000 woorde)
 - Natuurwetenskaplike tekste (ongeveer 30 000 woorde)
- Manuskripte (ongeveer 21 000 woorde)

Daar is slegs ongeveer 2 000 woorde per teks in elke subkorpus ingesluit en elke teks in individuele kategorieë is, sover moontlik, deur 'n ander outeur geskryf. Die totale grootte van elke korpus lyk soos volg:

- Korpus 1: 242 686 lopende woorde
- Korpus 2: 263 838 lopende woorde
- Korpus 3: 262 386 lopende woorde
- Korpus 4: 263 270 lopende woorde

Omdat korpus 1 kleiner is as die ander drie korpora word die data uit hierdie korpus genormaliseer om vergelykbaar met die ander korpora te wees. Korpus 2, 3 en 4 is 'n gemiddeld van 108% so groot as korpus 1. Daarom word die tekenfrekwensies van korpus 1 met 108% gemaal. Wanneer die log-waarskynlikheidstoets (sien bespreking in afdeling 3.6) gedoen word, word daar egter met die ongenormaliseerde tekenfrekwensies gewerk, aangesien die waarskynlikheidstoets voorsiening maak vir korpora van verskillende groottes.

3.6 Korpusanalise

Die Afrikaanse woordeskat bevat 'n menigte deeltjiewerkwoorde: *opdra*, *uitvat*, *doodmaak*, *terugdeins*, *omval* – om net 'n paar te noem. Dit is onmoontlik om in een studie die ontwikkeling van alle deeltjiewerkwoorde na te gaan, daarom moet die studie afgebaken word. Om die studie te begrens, moet deeltjiewerkwoorde gegroepeer word en 'n gepaste groep gekies word om in die studie te gebruik. Hierdie groepering kan op twee maniere gedoen word. Eerstens kan die werkwoordelike element gebruik word as soekterm, sodat woorde soos *uitvee*, *opvee* en *doodvee* saam gegroepeer word. Tweedens kan die deeltjies gebruik word as leiding sodat woorde soos *afbreek*, *afval* en *aftree* saam gegroepeer word. In hierdie studie word beide die deeltjies en die werkwoorde gebruik om deeltjiewerkwoorde te groepeer. Vir 'n groep om gepas te wees vir hierdie studie, moet die tipe- en tekenfrekwensies hoog genoeg wees. Deeltjiewerkwoorde met *raak* as deeltjie het byvoorbeeld 'n tipefrekwensie van 4 en 'n tekenfrekwensie van

27. Deeltjiewerkwoorde met 'n te lae frekwensie kan nie genoeg gebruiksvoorbeelde verskaf om verandering waar te neem nie.

Ses groepe deeltjiewerkwoorde is vir analise geselekteer. Vier van die groepe word gekies volgens die werkwoordelike element (*kry, val, neem* en *maak*) en twee groepe volgens die deeltjie (*oor* en *aan*). Daar moet in ag geneem word dat die gebruiksfrekwensie van deeltjiewerkwoorde wat dieselfde deeltjie bevat veel hoër is as deeltjiewerkwoorde wat dieselfde werkwoorde het. Deeltjiewerkwoorde wat dieselfde deeltjie bevat het 'n gemiddelde tipefrekwensie van 45 en 'n gemiddelde tekenfrekwensie van 116, terwyl deeltjiewerkwoorde met dieselfde werkwoord 'n gemiddelde tipefrekwensie van 10 en 'n gemiddelde tekenfrekwensie van 28 in die korpus van hierdie studie toon. Die rede hiervoor is dat daar 28 tipes deeltjies is wat in deeltjiewerkwoorde gebruik word, en 91 tipes werkwoorde wat in deeltjiewerkwoorde gebruik word. Dit is om hierdie rede dat vier groepe volgens werkwoord geselekteer word en slegs twee volgens deeltjie, sodat daar 'n balans gehandhaaf kan word tussen verskillende groepe deeltjiewerkwoorde.

'n Woordelys is in WordSmith6 (Scott, 2012) saamgestel en al die deeltjiewerkwoorde in die korpus is handmatig geïdentifiseer. Dit is onprakties om op so 'n vroeë stadium te probeer onderskei tussen byvoorbeeld gevalle waar 'n werkwoord selfstandig gebruik word en gevalle waar dit deel is van 'n geskeide deeltjiewerkwoord – daarom is daar slegs na saamgestelde deeltjiewerkwoorde gekyk. Twee lysse is saamgestel, een waar die deeltjiewerkwoorde volgens deeltjies gegroepeer is, en een waar dit volgens werkwoorde gegroepeer is. Al die saamgestelde deeltjiewerkwoorde wat tot dieselfde groep behoort, is dan saamgetel, en die lys is gerangskik sodat die deeltjiewerkwoorde met die hoogste gebruiksfrekwensies bo aan die lys is, en dié met die minste, onderaan.

Konstruksies met hoë en lae gebruiksfrekwensies toon nie altyd dieselfde gebruikspatrone nie, en daarom is dit belangrik om beide na konstruksies met hoë en konstruksies met lae gebruiksfrekwensies te kyk. Daarom is die deeltjiewerkwoord-lys in vier gedeeltes sodat die gebruiksfrekwensies in porsies van

25% opgedeel is. Die groep met die minste gebruiksfrekwensies en die groep met die tweede meeste gebruiksfrekwensies is uitgegooi. Die groep met die laagste gebruiksfrekwensies bevat te min gebruiksvoorbeelde om verandering te kan waarneem.

Aan-, *neem-* en *maak-*deeltjiewerkwoorde is gekies omdat hulle 'n hoë gebruiksfrekwensie het, terwyl *oor*, *kry* en *val* gekies is omdat die gebruiksfrekwensie veel laer is. Deur verskeie groepe deeltjiewerkwoorde te bestudeer, kan daar moontlik gesien word of die taalverandering slegs individuele of groepe deeltjiewerkwoorde beïnvloed, en of die verandering die konstruksie self beïnvloed.

Die program WordSmith6 is gebruik om die konkordansies van die deeltjiewerkwoordgroepe wat vir analise gekies is, uit die korpus te onttrek. Nadat die groepe onttrek is, is die deeltjiewerkwoorde met die hand geëtiketteer, om te verseker dat woorde soos *afval*, wat in sekere kontekste 'n naamwoord is, nie in die analyses ingesluit word nie. Ook is die gevalle waar die deeltjies en die werkwoorde geskei is, geïdentifiseer. Om dit te doen, is die deeltjie in WordSmith6 opgesoek en alle voorkomste daarvan is onttrek. Die gevalle waar die woord as deeltjie gebruik word, is dan geskei van die gevalle waar dit nie deel van 'n deeltjiewerkwoord is nie. Al die relevante data is dan in Excel gestoor en die frekwensies vir elke deeltjiewerkwoord is in tabelvorm opgeneem.

Elke deeltjiewerkwoordgroep is dan nagegaan om vas te stel of daar frekwensieverandering voorkom al dan nie. Om die statistiese beduidendheid van frekwensieverandering te bepaal, is 'n log-waarskynlikheidspakket wat deur Rayson (2017) ontwikkel is, gebruik. Hierdie pakket is spesifiek vir korpusdata ontwikkel en bepaal hoe waarskynlik dit is dat die verandering in frekwensie toevallig of betekenisvol is. Die gebruiksfrekwensies word in 'n Excel-werkkaart ingevoer wat dan 'n berekening uitvoer. Indien die resultaat minder is as 3.84, is die verandering onbeduidend, terwyl 'n verandering tussen 3.84 en 6.63 lae vlakke

van beduidendheid aandui en 'n resultaat hoër as 6.63 beduidend is (Rayson, 2017).

3.7 Samevatting

Korpuslinguistiek bestudeer werklike taalgebruik, wat dit 'n gepaste metode maak om 'n diachroniese konstruksiegrammatikastudie uit te voer. Nadat 'n taalelement uit 'n korpus onttrek word, kan die beginsels van diachroniese konstruksiegrammatika daarop toegepas word om sodoende vas te stel of daar enigsins verandering in die konstruksie waargeneem kan word. Om te verseker dat die beduidendheid van die verandering nie oorskat of onderskat word nie, is dit nodig om statistiese berekeninge uit te voer.

HOOFSTUK 4

Analise

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die data wat uit die korpora verkry is, geanaliseer en geïnterpreteer om sodoende vas te stel of daar wel verandering in skematisiteit, produktiwiteit en vorm van deeltjiewerkwoorde oor 'n tydperk van 100 jaar plaasvind. Daar word eers gefokus op individuele deeltjiewerkwoordgroepe, en dan op al die deeltjiewerkwoorde wat in hierdie studie bekyk is, gesamentlik.

4.2 Verandering in die konstruksie

Wanneer verandering in konstruksies oorweeg word, is dit dikwels die skematisiteit en produktiwiteit van die konstruksie wat ondersoek word (Traugott & Trousdale, 2013:13). Om verandering in hierdie areas raak te sien, is dit nodig om op die tipe- en tekenfrekwensie van die konstruksies te let. Tabel 1 bevat die tipe- en tekenfrekwensies van die ses verskillende deeltjiewerkwoordgroepe (DWG):

Tabel 1: Tipe- en tekenfrekwensies van deeltjiewerkwoordgroepe

DWG	Frekwensie	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
<i>Aan</i>	Tipe	95	95	92	95
	Teken	612	801	757	718
<i>Oor</i>	Tipe	24	28	32	28
	Teken	97	123	139	136
<i>Kry</i>	Tipe	4	9	12	16
	Teken	5	20	34	48
<i>Maak</i>	Tipe	30	30	30	39
	Teken	155	116	174	217
<i>Neem</i>	Tipe	16	17	14	14
	Teken	214	226	223	180
<i>Val</i>	Tipe	8	11	12	16
	Teken	17	37	30	60
Totaal	Tipe	177	190	192	208
	Teken	1 100	1 323	1 357	1 359

Deeltjiewerkwoorde met *aan*, *oor* en *maak* toon 'n redelik onveranderende tipefrekwensie en 'n wisselvallige tekenfrekwensie terwyl deeltjiewerkwoorde met *kry* en *val* 'n toename in beide tipe- en tekenfrekwensie toon. Die tipe- en tekenfrekwensies van deeltjiewerkwoorde met *val* neem egter af. Hierdie frekwensies wys egter nie die volle prentjie van verandering in die deeltjiewerkwoordkonstruksie nie. Daarom is dit belangrik om na elke deeltjiewerkwoordgroep individueel te kyk.

4.3 Deeltjiewerkwoorde met *aan* as deeltjie

In die vier korpora wat in hierdie studie gebruik word is daar 'n totaal van 132 werkwoordelike elemente wat met die deeltjie *aan* heg om deeltjiewerkwoorde te vorm. In totaal is daar 2 888 deeltjiewerkwoorde met *aan* as deeltjie. Daar is 'n totaal van 23 deeltjiewerkwoorde wat slegs een keer in al 4 korpora voorkom. Die volgende tabel gee 'n opsomming van deeltjiewerkwoorde met *aan* soos dit in die 4 korpora voorkom:

Tabel 2: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met *aan* as deeltjie

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Tipefrekwensie	95	95	92	95
Tekenfrekwensie	612	801	757	718
Tipes wat bykom	-	18	9	10
Hapaxe	6	5	5	7

Daar is 'n groot verskeidenheid werkwoorde wat in deeltjiewerkwoorde met *aan* voorkom:

- (4.1) *Ons sou dan in ons gewone klere gaan en dan sal die ou nie vlug nie, want hij sal ons vir Boere aansien, en dan sal ons die ou en sijn twee dogters vang en inbreng.* (Fiksie, 1911-1920)

(4.2) *Hulle kan dit sien en hoor, en tog voel die menigte die verleentheid van die persoon aan.* (Religieus, 1941-1950)

(4.3) *Dis belangrik dat u in hierdie projek die rubber- of plastiekskraper gebruik om die voegbry aan te wend en nie die hand nie.* (Informatief, 1971-1980)

(4.4) *Egiptiese tekste verwys onder andere na Apar-mense (Habiru) wat in die tyd van Ramses II "stene aangery het om die stad Rameses te bou"* (Geesteswetenskappe, 2001-2010)

Deeltjiewerkwoorde het die vermoë om woorde te preserveer. Volgens die EWA (2003) is die Nederlandse woord *aanhitsen* 'n versterking van die woord *hitsen*, wat beteken dat iemand 'n ander persoon of dier aanspoor om 'n mens of dier aan te val. In Afrikaans kan die woord *hits* egter nie selfstandig gebruik word nie, maar kom nog voor in deeltjiewerkwoorde:

(4.5) *Die regering, aangehits deur die Sendelinge en hierin getrek deur eie voordeel teen die Afrikaner Volk, het die burgers bijna helemal ontwapen [...]* (Informatief, 1911-1920)

(4.6) *En dit blyk dat sy die slawe tot moord aangehits het.* (Fiksie, 2001-2010)

4.3.1 Skematisiteit

'n Toename in skematisiteit behels die uitbreiding van 'n konstruksie se betekenis. Hierdie uitbreiding kan gesien word in die konstruksie se tipefrekwensie sowel as 'n toename in die betekenis wat deur die konstruksie uitgedruk word. Die skematisiteit van deeltjiewerkwoorde met *aan* blyk in ewewig te wees aangesien daar is geen werklike verandering in tipefrekwensie nie. Ook die betekenis van deeltjiewerkwoorde met *aan* toon nie werklik verandering nie. Daar is 'n groot verskeidenheid betekenis wat deur *aan*-deeltjiewerkwoorde uitgedruk kan word.

Om te beweeg of beweging te veroorsaak:

(4.7) *Dan was daar die geliefde oubaas wat elke oggend met sy worshondjie aangedrentel gekom het en nie in die klas ingekom het voor vyf minute oortyd nie.* (Fiksie, 2001-2010)

(4.8) *Ons is mos net goed genoeg om water aan te dra en hout te maak, hier te hardloop en daar te hardloop en getrap te word.* (Biografies, 1971-1980)

Om teenaan iets te kom:

(4.9) *Sy wend dit aan voor sy haar gesig was.* (Informatief, 1971-1980)

Om iets beskikbaar te stel, bekend te maak of uit te wys:

(4.10) *Ondernemings van hierdie aard word dan, wanneer die tyd daartoe ryp is, vir die volksgenote aangebied.* (informatief, 1941-1950)

(4.11) *Wat is krities aan te merk op die metode of methodes van ondersoek na die ontstaan van die Afrikaanse Taal?* (Geesteswetenskappe, 1911-1920)

Om iets te begin of voort te sit:

(4.12) *Vervolgens skakel Istvan 'n bandspeler aan.* (Fiksie, 2001-2010)

(4.13) *Ek het nie geweet waar presies dit is nie en het net aanhou sê dit móét iewers in die motor wees.* (Verslaggewing, 2001-2010)

Om 'n verandering van opinie of aksie te veroorsaak:

(4.14) *Dit vra 'n man om die moed te hê om die volk op sij slapende toestand aandagtig te maak, om op te staan as leier en om aan te spoor tot selfbewussijn* (Informatief, 1911-1920)

Om uit te brei:

(4.15) *“Ons kan hier 'n kamer aanbou, Krisjan,” gooi sy ma wal. (Fiksie, 1971-1980)*

Om iets te verkry:

(4.16) *Skaf 'n elektriese of petrolaangedrewe heiningskêr aan as jy heelwat groot heinings het.. (Informatief, 2001-2010)*

Al hierdie betekenisse word in al die korpora gevind. Die enigste merkwaardige verandering wat plaasvind, geskied slegs in 'n enkele deeltjiewerkwoord. In die 1911-1920 korpus word die deeltjiewerkwoord *aankom* gebruik om dieselfde betekenis as *neerkom* uit te druk:

(4.17) *En juis in daardie nagtelike en ijhoofdige brood-dronkenheid, waar die ouers ook al nie meer bij is nie, daar kom dit op gekeurde, vertrouwbare, geesverwante geselskap aan, wat bijna altijd ontbreek. (Informatief, 1911-1920)*

(4.18) *Waar dit op aankom is dat ons sal besef dat sulke vraë, en ander vraë, van belang is en dat antwoorde daarop, so presies en volledig als molik, vereis word vir die grondige studie van ons onderwerp. (Geesteswetenskappe, 1911-1920)*

Daar is 7 sulke voorbeelde in die 1911-1920 korpus, maar daar kom geen sulke voorbeelde in die ander drie korpora voor nie. Hierdie verandering is egter slegs in een deeltjiewerkwoord, wat nie 'n invloed het op die skematisiteit van die konstruksie nie. Ten spyte van die feit dat die tipefrekwensie nie toeneem nie en daar geen nuwe betekenisse aan die subskema [[aan]+[V]] geheg word nie, kom daar steeds nuwe tipes deeltjiewerkwoorde met *aan* in elke korpus voor. Min of meer 10% van die tipes deeltjiewerkwoorde wat in elke korpus voorkom is deeltjiewerkwoorde wat nie in die vorige korpora verskyn het nie. Skematisiteit neem dus wel toe, al is dit teen 'n stadige pas.

4.3.2 Produktiwiteit

Produktiwiteit het te make met die skeppingsvermoë van 'n konstruksie. Wanneer 'n konstruksie produktief is, word die konstruksie al meer gebruik en word die betekenis van die konstruksie uitgebrei. Daar is verskeie maniere om produktiwiteit te meet. Anshen en Aronoff (1989) meet produktiwiteit deur te tel hoeveel nuwe gebruike van 'n sekere taalelement in 'n diachroniese korpus bykom. Die tekenfrekwensie van deeltjiewerkwoorde met *aan* neem toe tussen korpus 1 en 2, maar daarna is daar 'n daling. Die volgende tabel gee 'n opsomming van 'n log-waarskynlikheidstoets vir die tekenfrekwensies van *aan*-deeltjiewerkwoorde:

Tabel 3: Log-waarskynlikheidstoets vir *aan*-deeltjiewerkwoorde

	Algemeen	Korpus 1 en 2	Korpus 2 en 3	Korpus 3 en 4
Log-toets	25.26	23.06	1.01	1.17

Dit is slegs die verandering tussen korpus 1 en 2 wat beduidend is. In korpus 3 en 4 is daar 'n afname in tekenfrekwensie, maar hierdie afname is onbeduidend. Baayen en Lieber (1991) bereken produktiwiteit as 'n verhouding tussen die aantal hapaxe en die tekenfrekwensie van 'n konstruksie. Dit is egter belangrik om uit te wys dat die korpus vir hierdie studie beperk is, wat kan veroorsaak dat Baayen en Lieber (1991) se toets nie altyd akkuraat sal wees nie. Die resultate van die toets wat Baayen en Lieber (1991) gebruik om produktiwiteit te meet, word in die volgende tabel weergegee:

Tabel 4: P-waardes van *aan*-deeltjiewerkwoorde

Korpus	P-waarde
1	0.0098
2	0.0062
3	0.0066
4	0.0097

Die P-waardes toon dat die produktiwiteit van *aan-deeltjiewerkwoorde* afneem na korpus 1, maar dan weer dieselfde vlak bereik teen korpus 4. Daar is dus geen merkbare toename in die produktiwiteit van *aan-deeltjiewerkwoorde* nie. *Aan-deeltjiewerkwoorde* word nie meer skematies nie, maar word ook nie minder skematies nie. Barðdal (2008:45) maak melding van die verband tussen skematisiteit en produktiwiteit. Aangesien die skematisiteit van *aan-deeltjiewerkwoorde* dieselfde bly, is daar nie die geleentheid vir produktiwiteit om toe te neem nie.

4.4 Deeltjiewerkwoorde met oor as deeltjie

In die 4 korpora wat in hierdie studie gebruik word, kom daar 'n totaal van 51 tipes deeltjiewerkwoorde voor waar *oor* as deeltjie optree. Deeltjiewerkwoorde met *oor* word in totaal 495 keer gebruik en daar kom 'n totaal van 21 hapaxe voor. Die volgende tabel gee 'n opsomming van die *oor*-deeltjiewerkwoorde soos dit in die 4 korpora voorkom:

Tabel 5: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met *oor* as deeltjie

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Tipefrekwensie	24	28	32	28
Tekenfrekwensie	97	123	139	136
Tipes wat bykom	-	13	8	6
Hapaxe	4	4	5	5

Die volgende is voorbeelde van deeltjiewerkwoorde met *oor* as deeltjie:

(4.19) Toe gee die Engelse die land oor (die Vrijstaat), en ons kies Andries Pretorius se seun, Marthinus Wessel Pretorius, as president. (Biografies, 1911-1920)

(4.20) *Veertien dae voor die parstyd, en niemand om die werk oor te neem nie!* (Verslaggewing, 1941-1950)

(4.21) *Nogtans blyk dit wel dat sommige erdwurmsoorte van gebiede oorgedra kan word na nuwe omgewings en dat die diere floreer indien die vogtoestande gunstig gemaak word.*
(Natuurwetenskap, 1971-1980)

(4.22) *Mense en motors beweeg soos skimme in die digte mis en toe ek en my weldoenster die straat na mekaar toe oorsteek, is dit vir my of ek oor 'n bevrore rivier stap.* (Fiksie, 2001-2010)

'n Interessante opmerking hier is dat daar verskeie werkwoorde is, soos *oorbluf*, *oordeel* en *ooreet* wat vormlik soos 'n deeltjiewerkwoord lyk, maar wat nie deeltjiewerkwoorde is nie. Verder is daar ook deeltjiewerkwoorde soos *oorkom* wat in sommige kontekste 'n deeltjiewerkwoord is en in ander kontekste 'n gewone werkwoord:

(4.23) *Jou oë moenie iets oorkom nie* (Fiksie, 2001-2010)

(4.24) *Die doelstellings van die indiensopleiding is, onder andere, om probleme wat individueel deur inrigtingsassistente met kinders ondervind word [...] te oorkom* (Informatief, 1971-1980)

Wanneer dit as 'n deeltjiewerkwoord gebruik word, val die klem op die deeltjie (óórkom), maar wanneer dit as 'n gewone werkwoord gebruik word, val die klem op die laaste deel van die woord (oorkóm).

4.4.1 Skematisiteit

Die tipefrekwensie van deeltjiewerkwoorde met *oor* neem toe tussen korpus 1 en 3, maar neem dan af tussen korpus 3 en 4, wat aandui dat die betekenis van *oor*-deeltjiewerkwoorde nie merkwaardig uitbrei nie. Oor die 4 korpora heen is daar hoofsaaklik drie soorte betekenis wat deur *oor*-deeltjiewerkwoorde uitgedruk word:

Beweging (letterlik en figuurlik):

(4.25) *Laat ons dit maar uit die pad kry, dink sy toe sy oorstap.* (Fiksie, 2001-2010)

(4.26) *Met 'n werkersvergadering aan die Rand in Mei het Kommunistiese elemente daelank oorgekook van woede.* (Informatief, 1941-1950)

Herhaling:

(4.27) *Oom sijn kennis is nie al te groot nie, partijmaal moet hij 'n woord oorlees, eer hij dit reg krij, maar daar is niemand, wat daar oor lag nie* (Fiksie, 1911-1920)

(4.28) *Ek sê altyd vir ouers dis baie beter om 'n kind eerder in graad R terug te hou as wat hulle graad een moet oordoën* (Informatief, 2001-2010)

Ekstra:

(4.29) *Die bedraggie wat hy oorgehou het, was net genoeg om die kariatjie aanmekaar te timmer.* (Fiksie, 1941-1950)

(4.30) *Daar bly nog egter baie probleme in hierdie verband oor wat 'n vrugbare veld vir verdere skeikundige ontleding bied.* (Natuurwetenskappe, 1941-1950)

Daar vind egter geen uitbreiding van betekenis plaas nie. Die tipefrekwensie is wisselvallig en toon geen werklike toename nie, maar daar is wel nuwe tipes wat in elke korpus voorkom. Meer as 20% van die tipes deeltjiewerkwoorde wat in elke korpus voorkom, is tipes wat bykom. Die subskema [[oor]+[V]] toon dus 'n mate van toename in die skematisiteit.

4.4.2 Produktiwiteit

Alhoewel daar 'n toename is in tekenfrekwensie van *oor*-deeltjiewerkwoorde tussen korpus 1 en 4, vind die grootste deel van die toename plaas tussen korpus 1 en 2. Oor die algemeen is die toename beduidend, maar die toename tussen elke individuele korpus is klein:

Tabel 6: Log-waarskynlikheidstoet vir *oor*-deeltjiewerkwoorde

	Algemeen	Korpus 1 en 2	Korpus 2 en 3	Korpus 3 en 4
Log-toets	9.65	2.46	1.61	0.04

Daar is 'n effense afname in die P-waardes van *oor*-deeltjiewerkwoorde in die tweede korpus, maar oor die algemeen bly die P-waardes redelik konstant:

Tabel 7: P-waardes van *oor*-deeltjiewerkwoorde

Korpus	P-waarde
1	0.0412
2	0.0325
3	0.0359
4	0.0367

Die produktiwiteit van *oor*-deeltjiewerkwoorde is dus redelik konstant met verloop van tyd. Alhoewel die tekenfrekwensie nie merkwaardig toeneem nie, is daar steeds hapaxe in elke korpus. Nuwe deeltjiewerkwoorde met *oor* word geskep, maar die tempo waarteen dit geskep word, neem nie toe nie.

4.5 Deeltjiewerkwoorde met *kry* as werkwoord

Daar is 21 verskillende tipes deeltjiewerkwoorde met *kry* wat in die 4 korpora gebruik word. In totaal is daar 107 deeltjiewerkwoorde met *kry*, waarvan 7

deeltjiewerkwoorde slegs een keer in die 4 korpora gebruik word. Die volgende tabel illustreer hoeveel *kry*-deeltjiewerkwoorde in elke korpus voorkom:

Tabel 8: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met *kry* as deeltjie

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Tipefrekwensie	4	9	12	16
Tekenfrekwensie	5	20	34	48
Tipes wat bykom	-	5	4	7
Hapaxe	0	0	1	6

Die volgende *kry*-deeltjiewerkwoorde kom in die korpora voor:

(4.31) *Die broers het Vrydag die oogst afgekry, gister het hulle hoop gedra, ik denk van morgen af zal hulle begin gerwe rij* (Persoonlike brief, 1911-1920)

(4.32) *Dit is dus duidelik dat selfs teen die hoë heersende rentekoerse die eienaar wel sy geld teruggekry het met rente boonop en dan het hy nog 'n wins ook gemaak.* (Geesteswetenskappe, 1941-1950)

(4.33) *Baie boere sit egter met slagvee wat hulle weens 'n tekort aan laai-kwotas nie van die plaas kan wegkry nie.* (Verslaggewing, 1971-1980)

(4.34) *“Hoe kry jy reg om hierdie arme diere so maklik agter jou te laat aanloop en dit nogal slagplek toe?” vra hy.* (Religieus, 2001-2010)

In hierdie deeltjiewerkwoordgroep kom daar weereens 'n voorbeeld voor van 'n Nederlandse woord wat in Afrikaans nie buite die konteks van 'n deeltjiewerkwoord gebruik word nie:

(4.35) [...] want as 'n storie hom eers beetskry, soos Donker Spore, Skaduwees van Nasaret, kon hy die nag deur skryf, aan die gang gehou deur swart koffie. (Biografies, 1971-1980)

(4.36) Hy kry hom aan 'n horing beet, krink sy lyf en dwing hom op sy knieë. (Fiksie, 2001-2010)

Volgens die EWA (Etimologiewoordeboek van Afrikaans: 2003) vind *beetskry* 'n bestaan uit die Nederlandse woord *beetskrijgen*, wat ontwikkel het uit die uitdrukking *in de beet krijgen*, waar *beet* beteken om iets te byt. *Beetskrijgen* is in Nederlands ook 'n deeltjiewerkwoord, en word in 'n letterlike konteks gebruik en verwys na die fisiese aksie van iets in die greep kry. Nadat die deeltjiewerkwoord as *beetskry* in Afrikaans begin gebruik word het, het dit 'n meer figuurlike betekenis bygekry, naamlik om iets meer metafories beet te kry, soos in voorbeeld 4.35.

4.5.1 Skematisiteit

Die tipefrekwensie van deeltjiewerkwoorde met *kry* neem geleidelik toe. Daar is ook 'n verandering in die betekenis wat deur hierdie deeltjiewerkwoorde uitgedruk word. Daar is veral 'n merkbare toename in die aantal bywoorde en adjektiewe wat in hierdie groep voorkom. *Bykry*, *stilkry* en *loskry* is voorbeelde van deeltjiewerkwoorde wat vir die eerste keer in korpus 4 voorkom. Die betekenis van die meerderheid *kry*-deeltjiewerkwoorde wat in korpus 1 voorkom impliseer dat iets ontvang word:

(4.37) Dan drink hy haastig syn bier uit en bestel nog 'n glas, net om haar weer terug te kry en met die geselsery voort te gaan. (Biografies, 1911-1920)

Die betekenis brei uit sodat daar teen korpus 4 'n ander betekenis bykom, naamlik 'n verandering in toestand:

(4.38) Ek het hom gegryp en sommer onder die kombers ingedruk net om hom te probeer stilkry. (Religieus, 2001-2010)

Daar is 'n toename in die tipefrekwensie van *kry*-deeltjiewerkwoorde en 'n nuwe betekenis wat deur die deeltjiewerkwoord uitgedruk kan word. Die subskema [[deeltjie]+[kry]] toon dus 'n toename in skematisiteit, wat beaam word deur die feit dat daar nuwe tipes in elke korpus voorkom.

4.5.2 Produktiwiteit

Daar is 'n beduidende toename in die tekenfrekwensie van *kry*-deeltjiewerkwoorde, maar weereens vind die grootste verandering tussen korpus 1 en 2 plaas. Daarna is die verandering onbeduidend, soos uitgebeeld in die volgende tabel:

Tabel 9: Log-waarskynlikheidstoet vir *kry*-deeltjiewerkwoorde

	Algemeen	Korpus 1 en 2	Korpus 2 en 3	Korpus 3 en 4
Log-toets	40.7	8.43	3.75	2.36

In kontras met wat die log-waarskynlikheidstoets aantoon, wys die P-waarde van *kry*-deeltjiewerkwoorde 'n toename in produktiwiteit in korpus 3 en 4. Omdat daar so min gebruiksvoorbeelde van *kry*-deeltjiewerkwoorde is, is dit moeilik egter om produktiwiteit met die P-waarde te meet.

Tabel 10: P-waardes van *kry*-deeltjiewerkwoorde

Korpus	P-waarde
1	0
2	0
3	0.0294
4	0.125

Deeltjiewerkwoorde met *kry* as werkwoord is wel produktief tydens die tydperk wat ondersoek is. Tussen die eerste twee korpora is daar 'n merkwaardige toename in

die aantal *kry*-deeltjiewerkwoorde wat gebruik word, en in die laaste twee korpora begin daar hapaxe voorkom.

4.6 Deeltjiewerkwoorde met *maak* as werkwoord

Daar is 47 tipes deeltjiewerkwoorde met *maak* in die 4 korpora. Deeltjiewerkwoorde met *maak* word in totaal 662 keer gebruik, en 8 deeltjiewerkwoorde word net een keer in die korpora gebruik. Die volgende tabel gee 'n opsomming van die frekwensies van *maak*-deeltjiewerkwoorde in die 4 korpora:

Tabel 11: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met *maak* as deeltjie

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Tipefrekwensie	30	30	30	39
Tekenfrekwensie	155	116	174	217
Tipes wat bykom	-	7	4	6
Hapaxe	2	1	1	4

Die volgende is voorbeelde van deeltjiewerkwoorde met *maak* as werkwoord:

(4.39) *En bo op in die lug verhewe, vasgemaak aan 'n plat plank sit 'n aap.* (Fiksie, 1911-1920)

(4.40) *Geesdrif kannie opmaak vir gebrek aan gesonde oordeel ten opsigte van ons plaasbestuur nie.* (Verslaggewing, 1941-1950)

(4.41) *Alles wat is, maak vir die mens deel van die lewe uit, omdat die mens alles wat is, in sy lewe betrek.* (Religieus, 1971-1980)

(4.42) *Dit word spesifiek uit die vakliteratuur duidelik dat teksversorgers baie meer doen as om bloot tik- en spelfoute reg te maak of om betekenis duideliker te maak.* (Geesteswetenskappe, 2001-2010)

4.6.1 Skematisiteit

Die tipefrekwensie van deeltjiewerkwoorde met *maak* bly konstant tot korpus 3, maar neem effens toe tussen korpus 3 en 4. Dieselfde toename kan in die betekenis van hierdie deeltjiewerkwoorde gesien word. Tot korpus 3 is daar grotendeels twee betekenisse wat deur *maak* deeltjiewerkwoorde uitgedruk word:

'n Verandering in toestand:

(4.43) *Hulle het wel ook die higiëniese rol van die roofdier vervul deur baie van die ou en siek diere dood te maak.* (Informatief, 1971-1980)

(4.44) *Alle sade is vooraf eers goed schoongemaak deur alle aanhangsels daarvan te verwyder.* (Natuurwetenskappe, 1941-1950)

Beweging:

(4.45) *Ik wil volstaan met 'n paar aanhalings van mense, wat die Trek meegemaak het en van Engelse skrywers oor die toestand ten tijde van die Trek* (Informatief, 1911-1920)

(4.46) *Die volgende môre voordag maak Pa my wakker en ons saal op om te gaan donkies bymeekaarmaak.* (Biografies, 1971-1980)

In korpus 4 kom daar egter 'n derde betekenis by, naamlik om iets te skep:

(4.47) *Tokkie het saans kom kuier en kosmaak.* (Biografies, 2001-2010)

(4.48) *Dit lyk na 'n swerm voëls wat hier in die groot bome voor die venster kom nesmaak het* (Biografies, 2001-2010)

Die enigste verandering in tipefrekwensie van *maak*-deeltjiewerkwoorde word waargeneem in korpus 4, en daar word ook 'n nuwe betekenis in hierdie korpus uitgedruk. Daar kom nuwe tipes in elke korpus by, en ongeveer 15% van die tipes wat in elke korpus voorkom, is tipes wat nie voorheen in die korpora gebruik is nie.

Die skematisiteit van die subskema [[deeltjie]+[maak]] bly redelik konstant, met 'n klein toename in korpus 4.

4.6.2 Produktiwiteit

Na 'n aanvanklike afname in tekenfrekwensie, toon korpus 3 en 4 'n toename in tekenfrekwensie:

Tabel 12: Log-waarskynlikheidstoet vir *maak-deeltjiewerkwoorde*

	Algemeen	Korpus 1 en 2	Korpus 2 en 3	Korpus 3 en 4
Log-toets	32.32	5.81	12	4.59

Net soos die geval is vir *aan-deeltjiewerkwoorde*, toon die P-waarde van *maak-deeltjiewerkwoorde* 'n afname na korpus 1, maar neem weer toe in korpus 4:

Tabel 13: P-waardes van *maak-deeltjiewerkwoorde*

Korpus	P-waarde
1	0.0129
2	0.0086
3	0.0057
4	0.0184

Die produktiwiteit van die subskema [[deeltjie]+[kry]] is wisselvallig oor die 4 korpora heen. Volgens die P-waardes neem die produktiwiteit af tot korpus 3, maar neem dan weer toe in korpus 4. Alhoewel die produktiwiteit wisselvallig is, is die subskema wel produktief en neem die tekenfrekwensie teen korpus 4 met 40% toe.

4.7 Deeltjiewerkwoorde met *neem* as werkwoord

Daar kom 18 tipes deeltjiewerkwoorde met *neem* in die korpora voor. Van die 348 *neem*-deeltjiewerkwoorde wat in die korpora voorkom, is daar 2 wat slegs een keer gebruik word. Die volgende tabel bevat die frekwensies vir elke korpus:

Tabel 14: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met *neem* as deeltjie

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Tipefrekwensie	16	17	14	14
Tekenfrekwensie	214	226	223	180
Tipes wat bykom	-	3	0	0
Hapaxe	1	1	0	0

(4.49) *Dit word verder ook duidelik dat 'n plant uit die lug lewe as ons waarneem hoe 'n plant, wat in 'n blik geplant is, gedurig swaarder word sonder dat die gewig van die grond in die blik ligter word.* (Informatief, 1911-1920)

(4.50) *Vir die oomblik lê die grond derhalwe onontwikkeld, maar sy waarde neem elke jaar toe.* (Verslaggewing, 1941-1950)

(4.51) *Behoort hy nie sy noodbottel saam te neem nie?* (Fiksie, 1971-1980)

(4.52) *Ek het ook aan 'n huissport deelgeneem en het 2de gekom in die 400m en 800m en 3de in spiesgooi én my span het gewen met 5 punte [...]* (Persoonlike brief, 2001-2010)

4.7.1 Skematisiteit

Die tipefrekwensie van deeltjiewerkwoorde met *neem* verminder effens met verloop van tyd. Daar is drie tipes betekenisse wat deur *neem* deeltjiewerkwoorde uitgedruk word:

'n Aksie of beweging:

(4.53) *Kinders begin later bly om in massakore te oefen of aan spesiale liggaamsoefening-onderrig deel te neem. (Informatief, 1971-1980)*

(4.54) *Vader se perde neem hulle ook almaal weg, en die volgende dag sien ons hulle resies ja daarmee bij Doringkop. (Biografies, 1911-1920)*

'n Mentale proses:

(4.55) *“Ek sal die liewe ou man sowaar red,” het ek my voorgeneem en al gesien hoe ek dit doen en dat die wêreld van my heldedaad sal weet. (Fiksie, 2001-2010)*

(4.56) *Maar aangesien sy naam nooit weer genoem word nie, moet ons aanneem dat hy vroeg oorlede is. (Religieus, 1940-1950)*

'n Verandering in kwantiteit:

(4.57) *Hy kon moorde in Kingston binne 'n jaar met 30% laat afneem. (Verslaggewing, 2001-2010)*

(4.58) *Waar veld-agteruitgang voorkom, neem spesies soos *Eragrostis chloromelas* (Krulblaar) en *Microchloa caffra* (Elsgras) toe. (Natuurwetenskappe, 1971-1980)*

Hierdie betekenisse kom in al 4 korpora voor. Die afname in tipefrekwensie en die feit dat geen nuwe tipes na korpus 2 voorkom nie, dui daarop dat daar nie toename in die skematisiteit van *neem*-deeltjiewerkwoorde is nie. Mufwene (2008:20) maak melding van 'n kompetisie tussen variante in 'n taal. Die afname in deeltjiewerkwoorde met *neem* gaan byvoorbeeld gepaard met 'n toename in tipe- en tekenfrekwensies van deeltjiewerkwoorde met *vat*. Die tekenfrekwensie van *saamneem* neem byvoorbeeld af van 8 na 6 tussen korpus 1 en 4, terwyl die frekwensie van *saamvat* toeneem van 1 na 6. In totaal is die frekwensies van *vat* deeltjiewerkwoorde egter veel minder as deeltjiewerkwoorde met *neem*, maar talle

ander sinonieme, soos *sit* teenoor *plaasneem*, *gryp* en *beetkry* teenoor *beetneem*, en (weg)vat teenoor *wegneem* neem toe terwyl die *neem*-sinoniem afneem.

4.7.2 Produktiwiteit

Deeltjiewerkwoorde met *neem* toon 'n afname in tekenfrekwensie. Alhoewel die totale afname beduidend is, toon die verandering tussen individuele korpora onbeduidend:

Tabel 15: Log-waarskynlikheidstoet vir *neem*-deeltjiewerkwoorde

	Algemeen	Korpus 1 en 2	Korpus 2 en 3	Korpus 3 en 4
Log-toets	6.59	0.25	0.01	4.74

Reeds in korpus 1 is daar byna geen hapaxe in die *neem*-deeltjiewerkwoordgroep nie, en teen korpus 3 is daar geen hapaxe nie. Die P-waarde toon 'n afname in produktiwiteit:

Tabel 16: P-waardes van *neem*-deeltjiewerkwoorde

Korpus	P-waarde
1	0.0046
2	0.0044
3	0
4	0

Daar is 'n afname in die produktiwiteit van die subskema [[deeltjie]+[neem]], soos waargeneem kan word in die afname in tekenfrekwensie sowel as P-waarde.

4.8 Deeltjiewerkwoorde met *val* as werkwoord

Daar is in totaal 17 deeltjiewerkwoorde wat *val* as werkwoord het. Daar kom 144 deeltjiewerkwoorde met *val* in die 4 korpora voor, maar daar is slegs een geval van 'n deeltjiewerkwoord wat net een keer voorkom. Die frekwensies van *val*-deeltjiewerkwoorde in die korpora word in die volgende tabel voorgestel:

Tabel 17: Frekwensies van deeltjiewerkwoorde met *val* as deeltjie

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Tipefrekwensie	8	11	12	16
Tekenfrekwensie	17	37	30	60
Tipes wat bykom	-	4	3	2
Hapaxe	0	0	0	1

Die volgende voorbeelde kom in die 4 korpora voor:

(4.59) *Maar terwyl ek besig was daarmee val dit mij bij, dat 'n buurvrouw mij eenmaal vertel het van 'n mieliesemel-matras.*
(Informatief, 1911-1920)

(4.60) *Die kan met melk op die tafel moet omgeval het, maar hoe?*
(Fiksie, 1941-1950)

(4.61) *Moontlik sal u vind dat saad afval waar u dit nie wil hê nie.*
(Informatief, 1971-1980)

(4.62) *In die lig daarvan kan die vraag wéér gestel word of De Wet se beslissing om Dewetsdorp aan te val wel wys was.*
(Geesteswetenskappe, 2001-2010)

4.8.1 Skematisiteit

Daar is 'n effense toename in die tipefrekwensie van deeltjiewerkwoorde met *val*, maar die betekenis wat deur die deeltjiewerkwoord uitgedruk word, verander nie

met verloop van tyd nie. Twee tipes betekenis word deur deeltjiewerkwoorde met *val* uitgedruk:

'n Aksie of beweging:

(4.63) *"Voorbaat se jeugkoor," het Noël opdrag gegee en die koor het ingeval asof dit so aangespreek en geoefen was, maar sag, stadig, byna slepend, asof ook hulle wag dat iets moes gebeur.*
(Informatief, 1971-1980)

(4.64) *Nog nooit het enige van die ander speelgoed by die venster uitgeval nie.* (Fiksie, 2001-2010)

'n Mentale proses:

(4.65) *Dit val tant Sarie meteens weer op hóé baie hy na sy stoetbul lyk* (Fiksie, 1971-1980)

(4.66) *Maar 'n deel van die gesprek het my later weer bygeval.*
(Biografies, 1911-1920)

Die tipefrekwensie van deeltjiewerkwoorde met *val* verdubbel teen korpus 4, maar daar is nie 'n uitbreiding van die tipe betekenis wat deur die deeltjiewerkwoorde uitgedruk word nie. Daar is wel 'n effense toename in skematisiteit, aangesien die tipefrekwensie toeneem en daar nuwe tipes in elke korpus bykom.

4.8.2 Produktiwiteit

Die tekenfrekwensie van deeltjiewerkwoorde met *val* toon 'n beduidende toename tussen korpus 1 en 2 en, na 'n onbeduidende afname tussen korpus 2 en 3, neem dit weer beduidend toe tussen korpus 3 en 4.

Tabel 18: Log-waarskynlikheidstoet vir *val*-deeltjiewerkwoorde

	Algemeen	Korpus 1 en 2	Korpus 2 en 3	Korpus 3 en 4
Log-toets	22.45	6.89	0.69	8.43

Omdat daar slegs 'n handvol voorbeelde van *val*-deeltjiewerkwoorde in die korpus voorkom, kom daar nie genoeg hapaxe voor om 'n akkurate P-waarde te kry nie:

Tabel 19: P-waardes van *val*-deeltjiewerkwoorde

Korpus	P-waarde
1	0
2	0
3	0
4	0.0166

Die beduidende toename in tekenfrekwensie gekoppel met die toename in skematisiteit dui daarop dat die subskema [[deeltjie]+[val]] wel produktief is, maar daar is nie genoeg data om te bepaal of hierdie produktiwiteit aan die toeneem is al dan nie.

4.9 Deeltjiewerkwoorde, samevattend

Veranderinge wat in die subskemas van die deeltjiewerkwoordkonstruksie plaasvind, beïnvloed verandering in die konstruksie as 'n geheel. In hierdie afdeling word daar gekyk na die veranderinge wat in die deeltjiewerkwoordkonstruksie waargeneem kan word deur te fokus op die skematisiteit, produktiwiteit en vorm van deeltjiewerkwoorde.

4.9.1 Skematisiteit

Die konstruksie [[deeltjie][V]] is hoogs skematies aangesien daar 'n groot verskeidenheid opsies beskikbaar is wat as deeltjie of werkwoord kan funksioneer. Werkwoorde, setsels, bywoorde, naamwoorde en adjektiewe het almal die potensiaal om in 'n deeltjiewerkwoord gebruik te word. Maar wanneer een van die

posisies in die konstruksie gevul word, word daar meer beperkinge geplaas op wat die tweede element in die deeltjiewerkwoord kan wees. Hierdie beperking is grotendeels semanties van aard.

Indien *aan* byvoorbeeld in die konstruksie gebruik word as die subskema $[[aan]+[V]]$, plaas dit 'n beperking op die aantal werkwoorde wat in die konstruksie kan optree aangesien die deeltjie en die werkwoord mekaar moet komplementeer. Dus is deeltjiewerkwoorde soos *oorborrel* en *oorkook* aanvaarbaar, maar **aanborrel* en **aankook* is nie aanvaarbaar nie. Die rede hiervoor lê in die feit dat konstruksies self betekenis dra. $[[aan]+[V]]$ het 'n beperkte aantal betekenis wat uitgedruk kan word en indien die werkwoord nie by daardie betekenis inpas nie, kan dit nie in die konstruksie gebruik word nie.

Die konstruksie $[[aan]+[V]]$ kan 7 tipes betekenis uitdruk. 5 van hierdie betekenis, om teenaan iets anders te kom, om iets beskikbaar te stel, om 'n verandering in opinie of aksie te veroorsaak, om uit te brei en om iets te verkry, kan onmoontlik nie deur die werkwoorde *borrel* en *kook* uitgedruk word nie. Die konstruksie kan ook die betekenis *beweeg of veroorsaak dat iets beweeg* uitdruk. **Aanborrel* en **aankook* kan moontlik beweging uitdruk, maar dit is nie die tipe beweging wat deur die $[[aan]+[V]]$ konstruksie uitgedruk word nie. Die tipe beweging wat in *aan*-deeltjiewerkwoorde beskryf word, is beweging wat verplasing impliseer: daar word beweeg van punt A na punt B (*aanloop*, *aanvlieg*, *aansweef*, *aandra*). Die beweging in *borrel* en *kook* is staties.

Laastens kan die konstruksie beteken dat iets begin of voortgesit word. **Aanborrel* en *aankook* is nie 'n aksie wat iets begin nie. Alhoewel **aanborrel* en **aankook* potensieel 'n aksie kan wees wat voortgesit word, pas dit steeds nie in die konstruksie $[[aan]+[V]]$ nie. Slegs aksies wat nie met die deeltjiewerkwoord *aanhou* kan kombineer nie, word in die deeltjiewerkwoord gebruik om voortsetting aan te dui:

(4.45) *Die ketel wat aanhou kook*

(4.46) **Die ketel wat aankook*

(4.47) *Die ligte wat aangelaat word*

(4.48) **Die ligte wat aanhou gelaat word*

Die beperking wat dus op die uitbreiding van deeltjiewerkwoorde geplaas word, is dat die nuwe element wat in die konstruksie gebruik word, hetsy deeltjie of werkwoord, moet inpas by die konvensionele betekenis wat deur die betrokke konstruksie uitgedruk word. Konvensies kan egter verbreek word, soos Mufwene (2008:64) uitwys, en soos wat gesien kan word in 'n konstruksie soos [[deeltjie]+[kry]] wat teen korpus 4 'n nuwe tipe betekenis bykry.

Die skematisiteit van 'n konstruksie neem toe wanneer nuwe betekenis aan die konstruksie gekoppel word. 'n Toename in skematisiteit word gesien in 'n toename in tipefrekwensie en 'n uitbreiding van die tipe betekenis wat deur die konstruksie uitgedruk kan word. Dit is egter meer waarskynlik vir die deeltjiewerkwoordkonstruksie om in tipefrekwensie uit te brei meer as om uit te brei in die tipe betekenis wat uitgedruk word, aangesien die konstruksie semantiese beperkinge het: dit is makliker om byvoorbeeld 'n nuwe deeltjie te gebruik wat dieselfde tipe betekenis as ander deeltjies uitdruk in die konstruksie [[deeltjie]+[kry]] as wat dit is om 'n deeltjie te gebruik wat die betekenis van die konstruksie as 'n geheel gaan verander. Die volgende tabel gee die totale tipefrekwensie en aantal tipes wat bykom vir die deeltjiewerkwoordgroepe wat in hierdie studie ondersoek is:

Tabel 20: Tipefrekwensie van deeltjiewerkwoorde

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Tipefrekwensie	177	190	192	208
Tipes wat bykom	-	50	28	31

Die tipefrekwensie van deeltjiewerkwoorde neem wel toe, maar die toename is te klein om op sigself werklik 'n verskil aan skematisiteit te maak. In elke korpus kom daar nuwe tipes by. Daar is veral in korpus 2 'n groot aantal tipes wat bykom, maar daar kom voortdurend in korpus 3 en 4 ook nuwe tipes by.

Die skema [[deeltjie][V]] word met verloop van tyd meer skematies, alhoewel dit nie teen 'n vinnige koers plaasvind nie. Hierdie toename word nie altyd in die subskemas gereflekteer nie, aangesien die korpus in hierdie studie redelik klein is. In korpus 2 is 'n kwart van die tipes deeltjiewerkwoorde wat voorkom, deeltjiewerkwoorde wat nie in korpus 1 gebruik is nie. In korpus 3 en 4 onderskeidelik is 15% van die tipes deeltjiewerkwoorde wat gebruik word, tipes wat nie in die vorige korpora gebruik is nie.

4.9.2 Produktiwiteit

Die subskemas van die konstruksie [[deeltjie][V]] toon wisselvallige tekenfrekwensies. Die resultate van 'n log-waarskynlikheidstoets word in die volgende tabel gegee (gevalle waar 'n afname plaasvind word in hakies aangedui):

Tabel 21: Log-waarskynlikheidstoet vir deeltjiewerkwoorde

	Algemeen	Korpus 1 en 2	Korpus 2 en 3	Korpus 3 en 4
Aan	25.26	23.06	(1.01)	(1.17)
Oor	9.65	2.46	1.61	(0.04)
Kry	40.7	8.43	3.75	2.36
Maak	32.32	(5.81)	12	4.59
Neem	6.59	0.25	(0.01)	(4.74)
Val	22.45	6.89	(0.69)	8.43
Totaal	33.58	17.84	0.77	0.02

Die verandering in tekenfrekwensie is oor die algemeen slegs beduidend tussen korpus 1 en 2. Die meeste tekste in korpus 1 is geskryf voordat standaardisering plaasgevind het. Omdat daar nie 'n standaardtaal was om as voorbeeld vir taalgebruik te dien nie, kon taalverandering makliker plaasvind. Teen korpus 2 het standaardisering egter plaasgevind en verandering het begin stabiliseer. Die konvensies wat deur standaardtaal daargestel is, begin verandering teenwerk en teen korpus 3, waar die standaardtaal redelik gevestig is, begin verandering afneem.

Die toets wat Baayen en Lieber (1991) voorstel kan gebruik word om produktiwiteit te meet. Die resultate word in die volgende tabel saamgevat:

Tabel 22: P-waardes van deeltjiewerkwoorde

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Aan	0.0098	0.0062	0.0066	0.0097
Oor	0.0412	0.0325	0.0359	0.0367
Kry	0	0	0.0294	0.125
Maak	0.0129	0.0086	0.0057	0.0184
Neem	0.0046	0.0044	0	0
Val	0	0	0	0.0166
Totaal	0.0118	0.0083	0.0088	0.0161

Die korpus in hierdie studie is egter klein, wat beteken dat die resultate van Baayen en Lieber (1991) se toets nie altyd akkuraat is nie, veral vir subskemas soos [[deeltjie]+[kry]] en [[deeltjie]+[val]]. Wanneer die P-waarde vir al die subskemas saam oorweeg word, word dit duidelik dat die deeltjiewerkwoordkonstruksie in korpus 2 en 3 afneem in produktiwiteit, maar weer toeneem in korpus 4.

Die deeltjiewerkwoordkonstruksie is produktief, alhoewel hierdie produktiwiteit nie aan die toeneem is nie. Nuwe deeltjiewerkwoorde word steeds geskep, maar individuele deeltjiewerkwoorde word nie noodwendig met 'n toenemende frekwensie gebruik nie. Om hierdie rede is daar 'n ietwat konstante P-waarde terwyl die beduidendheid van die verandering in tekenfrekwensie afneem.

4.9.3 Verandering in vorm

In die vier korpora verskyn daar verskeie voorbeelde van deeltjiewerkwoorde wat geskei word in 'n konteks waar dit gewoonlik in die nie-geskeide vorm gebruik word:

(4.49) *Maar nou het ons dit baie goed laat reg maak en hoop dit sal altyd so bly.* (Persoonlike brief, 1911-1920)

(4.50) *En al maak 'n mens nou nuwes die ouwes se plek kan hulle tog nie in neem.* (Persoonlike brief, 1911-1920)

In korpus 1 kom daar 31 sulke deeltjiewerkwoorde voor, 10 in korpus 2 en 8 in korpus 4. Daar is geen sulke deeltjiewerkwoorde in korpus 3 nie.

Wanneer 'n verandering in vorm oorweeg word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat 'n groot deel van korpus 1 uit tekste bestaan wat voor standaardisering geskryf is, wat beteken dat daar groter variasie in die taal was aangesien daar nie 'n standaard was wat spelling gelei het nie. Dit is dus nie moontlik om in hierdie studie vas te stel of die variasie in vorm wat in korpus 1 waargeneem word, slegs ortografies van aard is, en of dit dui op 'n vormverandering nie.

Mufwene (2008) beskryf kenmerke van taalverandering en verduidelik dat taal variasie bevat. Hierdie variasie kan tot taalverandering lei. Volgens Mufwene (2008:67) versprei verandering nie oombliklik deur 'n taal nie, en sommige veranderinge versprei vinniger as ander. Dit beteken dat daar 'n tydperk is wanneer beide variante in taal gebruik word, iets wat in die volgende voorbeeld plaasvind:

(4.45) *As ons dit kon reg kry-as ons dit wou regkry-om tenvolle gebruik te maak van ons regte, soos die omskrywe is in die Taalordonnansie [...] (Geesteswetenskappe, 1911-1920)*

Ná korpus 1 is dit slegs enkele *maak*-deeltjiewerkwoorde wat aangrensend geskei word. Dit is moontlik dat 'n verandering soos dié wat Blom (2005:252) in Nederlands waarneem, plaasgevind het, waar 'n frase tot 'n deeltjiewerkwoord ontwikkel het. Dit is moontlik dat hierdie proses steeds aan die gang is. Verskeie woorde word in korpus 3 en 4 as deeltjiewerkwoorde gebruik terwyl hierdie woorde nie saamgestel in die HAT (2013) verskyn nie:

(4.46) *In studie vyf (WGO) is gebruikgemaak van 'n enkele verdunningsreeks met deelvolumes van sputum in duplikaat geplaas. (Natuurwetenskappe, 2001-2010)*

Daar is agt sulke woorde in die korpora, insluitend *saakmaak*, *aanspuit* en *saamkry*. Alhoewel die saamvoeging van hierdie woorde ortografies is, spreek dit tog van 'n groeiende eenheidstatus.

Die werkwoord *oorheers* is 'n voorbeeld van 'n werkwoord wat soos 'n deeltjiewerkwoord lyk, maar nie soos een optree nie. Wat *oorheers* egter onderskei van ander werkwoorde wat soos deeltjiewerkwoorde lyk, is die feit dat *oor* en *heers* dikwels saam in 'n sin gebruik word:

(4.47) Dit is dus nie waar as daar beweer word dat Calvyn 'n soort teokrasie in Genève wou stig en die kerk oor die staat wou laat heers nie. (Religieus, 1941-1950)

Dit is moontlik dat *oorheers* 'n voorbeeld is van 'n deeltjiewerkwoord wat verder gegrammatikaliseer het en onskeibaar geword het, 'n proses wat deur Blom (2005:280) in Nederlands waargeneem word. Dit is egter nie moontlik om dit met die korpora van hierdie studie na te gaan nie.

HOOFSTUK 5

Gevolgtrekking

5.1 Inleiding

In hierdie studie is daar navorsing gedoen om vanuit 'n diachroniese-konstruksiegrammatikaperspektief vas te stel of die deeltjiewerkwoordkonstruksie verandering toon in skematisiteit, produktiwiteit en vorm. Hierdie hoofstuk word daaraan gewy om die bevindinge van die studie te bespreek.

5.2 Navorsingsvrae beantwoord

1.1) Is daar verandering in die skematisiteit van deeltjiewerkwoordkonstruksies?

Die deeltjiewerkwoordkonstruksie is reeds hoogs skematies. Die enigste twee beperkinge op die konstruksie [[deeltjie][V]] is dat die deeltjie en die werkwoord mekaar moet komplementeer, en dat slegs werkwoorde, setsels, naamwoorde, adjektiewe en bywoorde in die konstruksie gebruik kan word. Wanneer 'n deeltjie of werkwoord egter in die konstruksie geplaas word, is daar veel meer beperkinge wat op die konstruksie geplaas word. Subskemas is dus minder insluitend en dus minder skematies. Elke subskema, soos byvoorbeeld [[oor]+[v]], het 'n spesifieke groep betekenis wat deur daardie skema uitgedruk kan word. Die werkwoord moet dan daardie betekenis komplementeer om in die konstruksie in te pas.

Dit is minimaal dat 'n subskema 'n nuwe tipe betekenis uitdruk. Van die ses subskemas wat ondersoek is, toon slegs [[deeltjie]+[kry]] en [[deeltjie]+[maak]] 'n uitbreiding van die tipes betekenis wat uitgedruk kan word. Daar is wel nuwe tipes deeltjiewerkwoorde wat in elke korpus bykom. Dit is slegs [[deeltjie]+[neem]] wat werklik geen uitbreiding toon nie en, intendeel, minder skematies word. Die skematisiteit van die deeltjiewerkwoordkonstruksie neem toe, alhoewel die toename nie teen 'n vinnige pas plaasvind nie.

1.2) Is daar verandering in die produktiwiteit van deeltjiewerkwoordkonstruksies?

Die produktiwiteit van die deeltjiewerkwoordkonstruksie neem nie toe nie. Die konstruksie is steeds produktief aangesien nuwe tipes deeltjiewerkwoorde wel gebruik word. Die feit dat produktiwiteit nie toeneem nie kan moontlik toegeskryf word aan die beperkinge wat op subskemas geplaas word: wanneer daar byvoorbeeld 'n nuwe werkwoord in 'n bestaande subskema soos [[aan]+[V]] gebruik word, moet die werkwoord inpas by die betekenisse wat reeds deur die subskema uitgedruk word. Dit beteken dat die groep werkwoorde wat in die subskema kan inpas, beperk is. Indien die subskema [[aan]+[V]] byvoorbeeld 'n nuwe betekenis bykry, sou die aantal werkwoorde wat in die konstruksie gebruik kan word, toeneem.

1.3) Toon die vorm van deeltjiewerkwoorde enige verandering?

In veral korpus 1 kom daar deeltjiewerkwoorde voor wat in 'n geskeide vorm gebruik word in 'n konteks waar dit vandag in die nie-geskeide vorm gebruik sal word. Omdat standaardisering nog nie in korpus 1 plaasgevind het nie, is dit moeilik om vas te stel of hierdie voorbeelde bloot ortografies is, en of dit werklik op 'n verandering in vorm dui:

(5.1) *As ons dit kon reg kry-as ons dit wou regkry-om tenvolle gebruik te maak van ons regte, soos die omskrywe is in die Taalordonnansie [...]* (Geesteswetenskappe, 1911-1920)

Die Nederlandse woord vir *regkry* is *bereikt*, wat nie 'n deeltjiewerkwoord is nie. Dit is dus moontlik dat *regkry* eers in Afrikaans ontwikkel het. Verder is daar voorbeelde van deeltjiewerkwoorde wat besig is om te ontwikkel.

(5.2) *Hier word nou van die kind verlang dat hy sal evalueer, nadink en gebruikmaak van sy voorraad kennis, ten einde met 'n*

sinvolle antwoord op die vraag na vore te kom.
(Geesteswetenskappe, 1971-1980)

Alhoewel hierdie 'n ortografiese kwessie is, dui dit tog op 'n toenemende eenheidsstatus vir die frase *gebruik maak*.

5.3 Gevolgtrekking

Die deeltjiewerkwoordkonstruksie in Afrikaans toon geen uitbreiding in die tipes betekenisse wat uitgedruk word nie. Omdat daar 'n semantiese beperking op die subskemas geplaas word, ontwikkel nuwe betekenisse nie maklik nie. Daar is wel nuwe tipes deeltjiewerkwoorde wat gebruik word, solank die nuwe deeltjie of werkwoord versoenbaar is met die betekenis wat reeds deur die subskema uitgedruk word.

Dit is egter belangrik om te noem dat die studie wel beperkinge het. Die korpora is beperk, wat veroorsaak dat daar nie altyd genoegsame gebruiksvoorbeelde in die korpus voorkom nie, wat die resultate kan beïnvloed.

BRONNELYS

Anshen, F. & Aronoff, M. 1989. Morphological productivity, word frequency and the Oxford English Dictionary. In: Fasold, R. W. & Schiffrin, D., eds. *Language Change and Variation*, Philadelphia: John Benjamins. pp. 197-202.

Baayen, H. & Lieber, R. 1991. Productivity and English derivation: A corpus based study. *Linguistics* 29: 801–44.

Baker, P. 2010. Corpus methods in linguistics. In: Litosseliti, L., ed. *Research methods in linguistics*. London/New York: Continuum International Publishing Group. pp. 93-113.

Barðdal, J. 2008. *Productivity: Evidence from Case and Argument Structure in Icelandic*. Philadelphia: John Benjamins.

Biber, D., Conrad, S. & Reppen, R. 1998. *Corpus linguistics: Investigating language structure and use*. Cambridge, Cambridge university press.

Blom, C. 2005. *Complex particles in Dutch: Synchrony and diachrony*. Utrecht: LOT.

Blom, C. & Booij, G. 2003. The diachrony of complex predicates in Dutch: A case study in grammaticalization. *Acta Linguistica Hungarica*, 50(1-2):61-91.

Bloomfield, L. 1935. *Language*. London: George Allen & Unwin.

Booij, G. 2015. The nominalization of Dutch particle verbs: Schema unification and second order schemas. *Nederlandse Taalkunde*, 20(3):285-314.

Bosman, N. 1999. Deeltjewerkwoorde met *om* en die motiveringsteorie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 17(4): 219-233.

Botha, J. P. & Van Aardt, J. M. H. 1987. *Afrikaans vir die praktyk*. Johannesburg: Lexicon.

Breed, A. 2012. *Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n Semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD.)

Carstens, W. A. M. 2011. *Norme vir Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

Cloete, A. E., Jordaan, A., Liebenberg, H. C. & Lubbe, H. J., eds. Etimologiewoordeboek van Afrikaans. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Croft, W. 2000. *Explaining language change: An evolutionary approach*. Eneland: Longman.

Dehé, N. 2002. *Particle Verbs in English: Syntax, information structure and intonation*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.

Dehé, N. 2015. Particle verbs in Germanic. In: Müller, P. O., Ohnheiser, I., Olsen, S. & Rainer, S. eds. *Word formation: An international handbook of the languages of Europe*. Berlin: de Gruyter. p 611-626).

Du Plessis, H. G. W. 1972. *Die deeltjiewerkwoord in Afrikaans*. Pretoria: UNISA. (Proefskrif – M.A).

Elenbaas, M. 2007. *The synchronic and diachronic syntax of the English verb-particle combination*. Nijmegen: Radboud Universiteit. (Proefskrif – PhD.)

Elenbaas, M. 2013. Motivations for particle verb word order in Middle and Early Modern English. *English language & linguistics*, 17:489-511.

Evans, V. & Green, M. 2006. *Cognitive linguistics: An introduction*. Edinburgh: Edinburgh university press.

Fischer, O. 2011. Grammaticalization as analogically driven change? In: Narrog, H. & Heine, B., eds. *The Oxford handbook of grammaticalization*. Oxford: Oxford University Press. pp. 31-42.

Fried, M. 2013. Principles of constructional change. In: Hoffmann, T. & Trousdale, G., eds. *The Oxford handbook of construction grammar*. New York: Oxford university press. pp. 288-301.

Geeraerts, D. & Cuyckens, H. 2007. Introducing cognitive linguistics. In: Geeraerts, D. & Cuyckens, H., eds. *The Oxford handbook of cognitive linguistics*. New York: Oxford university press. pp. 3-21.

Geeraerts, D. 2006. A rough guide to cognitive linguistics. In: Geeraerts, G., Dirven, R. & Taylor, J. R., eds. *Cognitive linguistics: Basic readings*. New York: Mouton de Gruyter.

Goldberg, A. E. 1995. *Constructions: A construction grammar approach to argument structure*. London: The university of Chicago press.

Goldberg, A. E. 2003. Constructions: A new theoretical approach to language. *Trends in cognitive sciences*, 7(5):219-224.

Goldberg, A. E. 2013. Constructionist approaches. In: Hoffman, T. & Trousdale, G. Eds. *The Oxford handbook of construction grammar*. Oxford: Oxford university press. pp. 19-31.

Hilpert, M. 2013. *Constructional change in English: Developments in allomorphy, word formation and syntax*. Cambridge: Cambridge University Press.

Hilpert, M. 2014. *Construction grammar and its application to English*. Edinburgh: Edinburgh university press.

Jones, C. & Waller, D. 2015. *Corpus linguistics for grammar: A guide for research*. New York: Routledge.

Kempen, W. 1969. *Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerkunksionaliteit in Afrikaans*. Kaapstad, Nasou.

Kirsten, J. 2019. *Written Afrikaans since standardization: A century of change*. London: Lexington.

Labov, W. 1994. *Principles of linguistic change: Internal factors*. Oxford, Oxfordshire: Blackwell.

Leech, G., Hundt, M., Mair, C. & Smith, N. 2009. *Change in contemporary English: A grammatical study*. Cambridge: Cambridge university press.

Mair, C. Corpus linguistics and grammaticalisation theory: Statistics, frequencies and beyond. In: Lindquist, H. & Mair, C., eds. *Corpus approaches to grammaticalisation in English*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 121-150.

Mufwene, S. S. 2008. *Language evolution: Contact, competition and change*. London: Continuum international publishing group.

Norde, M. 2011. A few notes on the history of Swedish particle verbs. *Amsterdamer Beiträge zur älteren Germanistik* 67:185-209.

- Perek, F. Productivity and schematicity in constructional change. In: Sommerer, L. & Smirnova, E., eds. *Nodes and networks in diachronic construction grammar*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 141-166.
- Ponelis, F. A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Ponelis, F. A. 1989. Leksikale elemente. In: Botha, T. J. R., ed. *Leksikografie en leksikologie*. Pretoria: Serva. pp 45-51.
- Ponelis, F. A. 1993. *The development of Afrikaans*. New York: P. Lang.
- Prinsloo, D. J. Die verifiëring, verfyning en toepassing van leksikografiese liniale vir Afrikaans. *Lexikos* 20:390-409.
- Rayson, P. 2020. Log-likelihood and effect size calculator. ucrel.lancs.ac.uk/llwizard.html Datum van gebruik: 27 Jan 2020.
- Scott, M. 2012. Wordsmith Tools 6. Liverpool: Lexical Analysis Software
- Sommerer, L. *Article emergence in Old English: A constructionalist perspective*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Tomasello, M. 2006. Usage-based linguistics. In: Geeraerts, G., Dirven, R. & Taylor, J. R., eds. *Cognitive linguistics: Basic readings*. New York: Mouton de Gruyter.
- Traugott, E. & Trousdale, G. 2013. *Constructionalization and constructional changes*. Oxford: Oxford university press.
- Weiser, M. 2016. *Practical corpus linguistics: An introduction to corpus-based language analysis*. Blackwell: Wiley.

Wasserscheidt, P. 2019. Construction Grammar: Basic Principles and Concepts. *Ukrainian Linguistics* 49: 94-116.

ADDENDUM 1

Deeltjewerkwoorden met *aan* as deeltjie in hierdie studie

	1911-1920			1941-1950			1971-1980			2001-2010		
	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal
beveel	9	6	15	16	4	20	21	2	23	10	5	15
beweeg											1	1
bied	10	6	16	21	11	32	28	6	34	22	9	31
blaas	1		1									
bly	2		2		1	1	1		1	3		3
bou	2	1	3				4	1	5			
brand							1		1			
breek	2	3	5	13	2	15	11	2	13	3	1	4
bring	7	3	10	11	3	14	11	5	16	7		7
doen	11	3	14	10	3	13	6	2	8	4	1	5
dra	4	2	6	3		3		2	2	2		2
draai	4	2	6	1		1	1		1			
draf				1		1	1		1	1		1
drentel										1		1
dring	1	2	3	5	5	10	9	2	11	6	3	9
druk							1		1			
dryf	1		1					2	2	2		2
dui	5	2	7	37	11	48	41	9	50	27	11	38
durf	1		1	3	1	4	3	2	5	3		3
fladder		1	1									
gaan	14	3	17	14	4	18	13	6	19	22	10	32
gee	9	4	13	10	2	12	10	1	11	4	4	8
gord	1	1	2									
groei	2		2	2		2	2	1	3	2		2
gryp	1	2	3	3	1	4	4	1	5	4		4
haak	1		1					1	1			
haal	13	10	23	13	5	18	5	3	8	12	3	15
hang							1	1	2	1		1
hardloop										3		3
hef	1		1	1	2	3	1	1	2			
heg		1	1	2	1	3		2	2	9	2	11
het	1	2	3		1	1	4	5	9	2	1	3

help					1	1				1	1	2
hits	1		1							1		1
hoor	3	1	4	2		2	3	1	4	3	2	5
hou	13	6	19	15	4	19	21	6	27	18	8	26
huppel										1		1
jaag	1		1	1	1	2	1		1	2	1	3
keer	2		2	2	1	3	1	2	3	1		1
kla	1		1	2	1	3	4	1	5	1		1
klam				1		1	1		1			
klee		1	1	1		1						
kleef				2		2						
klop	4		4	1		1	2		2	1		1
knoop	2	3	5	3	2	5	1	2	3			
kom	36	21	57	37	15	52	28	15	43	27	3	30
kondig	2	4	6	3	1	4	12	3	15	5	5	10
koop	3		3	5	5	10	11	3	14	6	5	11
kruip		1	1							1		1
kweek	4	2	6	3	1	4		1	1	1	1	2
kyk	5	4	9	2	14	16	2	5	7	1	3	4
land	5		5	1		1	2		2	2		2
lê	1		1	6	2	8	13		13	10		10
leer	3	1	4	1	2	3	3	1	4	4	2	6
leun		1	1	1		1						
lok	1	2	3				1		1			
loop	2		2	1		1		1	1	6	3	9
maak	1	3	4	1		1		1	1	3		3
meld	3		3	2		2	4	2	6	4		4
merk	2	1	3	2	1	3						
moedig	8		8	12	5	17	8	9	17	6	9	15
neem	33	6	39	45	13	58	22	6	28	10	6	16
pak	7	3	10	20	3	23	6	7	13	10	4	14
pas	3	1	4	6	1	7	8	6	14	18	9	27
plak											1	1
plant				2	1	3	4		4	8	2	10
por		1	1								1	1
prys	1		1	1		1	2		2	1		1
raai	2	3	5				5		5			
raak	3	3	6	3		3	3	2	5	3	4	7
rand										10	2	12
rig	1		1	1		1	2		2	2	2	4
roep	1		1	1		1						
roer	4	2	6	1	1	2	4	1	5	1		1
rol				1		1				1		1
ruk				2		2						

ry	1	1	2	5		5	2	1	3	5	1	6
sê	1		1	4	2	6	2	1	3	2	1	3
sien	3	3	6	2	2	4	2		2	1		1
sit	2	1	3				2	4	6	6	3	9
skaf	1		1	3	1	4	3		3	2	3	5
skakel				1		1	3	1	4	7	2	9
skroef							1		1			
skryf				1		1						
slaan	1	1	2	4	1	5	1		1	2	1	3
sluit	8	3	11	21	12	33	9	9	18	23	8	31
smeer							1		1		2	2
soek	1		1									
spoor	3	1	4	3	2	5	2	1	3	3		3
spreek	2	2	4	8		8	6	2	8	11	2	13
spuit										1		1
staan	1		1	2		2						
staar				4	1	5	1	2	3		2	2
stap	3		3	6	4	10	5	1	6	6		6
steek	4		4	1	3	4	2	1	3	6		6
stel	18	3	21	13	3	16	11	2	13	11	2	13
stip		1	1	1	2	3	3		3			
stoot		1	1	1		1						
storm				2		2						
streep	1		1									
sterk								1	1		1	1
stryk							2		2	1	1	2
stuur		1	1	2		2				1	2	3
sukkel				1		1						
sweef										1		1
tas	1		1	11	1	12	6		6	1		1
teel	1		1				1		1		1	1
teken	2	3	5	4	4	8	12		12	5	1	6
toon	12	12	24	19	22	41	21	7	28	11	7	18
tou											1	1
tree					1	1						
tref	11	2	13	36	5	41	28	2	30	21		21
trek	14	6	20	3	4	7	11	14	25	9	4	13
val	3		3	12	4	16	6	2	8	13	7	20
vang	3		3	6		6	1	1	2	5	1	6
vat											2	2
vlieg				1		1						
voel				1	2	3	1	1	2	2	2	4
voer	4	2	6	13	1	14	4	2	6	7		7
voor					1	1		1	1			

vra				2	3	5	3		3	5	2	7
vul	1	1	2	12	5	17	11	4	15	5	3	8
vuur	2	1	3							1		1
waai	1		1									
waggel				1		1						
wakker		1	1	2	2	4				1		1
was	1		1									
wend	9	3	12	5	2	7	32	4	36	17	5	22
werf	2		2									
werk								1	1			
wieg							1		1			
wys	10	6	16	7	3	10	11		11	14	1	15
Teken	388	179	567	576	225	801	560	197	757	525	193	718
Tipe	85	60	95	89	62	94	82	64	92	86	60	95

ADDENDUM 2

Deeltjiewerkwoorde met *oor* as deeltjie in hierdie studie

	1911-1920			1941-1950			1971-1980			2001-2010		
	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal
betaal										1		1
bly	7	5	12	8	4	12	8	5	13	3	2	5
borrel								1	1			
bring	2	1	3	3	1	4	2		2			
dek	1		1									
doen										1		1
dra	2		2	4	3	7	12	4	16	20	8	28
flikker					1	1	9		9			
gaan	10	2	12	19	9	28		2	2	6	5	11
gee	5	3	8	3	1	4	4		4	6	3	9
gly											1	1
haal	1	1	2	3		3	7	2	9			
handig				11		11	12		12	11		11
het	1		1									
hou				2		2		2	2			
klim	1		1	1	1	2		1	1	1	1	2
kom	6	2	8	4		4	4		4	4		4
kook	1		1	1		1	2	1	3			
laai					7	7	7		7	1		1
laat	13	3	16	10		10		2	2	7	4	11
lees	1		1									
lei	1		1									
leun							1		1	1		1
lewer	1		1	1		1	2		2	1	1	2
loop		1	1				1		1		1	1
maak	1	1	2									
neem	3	3	6	1	3	4	17	1	18	17	5	22
plaas	1	1	2	1		1	9		9	6	2	8
plant				1		1	1		1			
pleister				1		1						
ry		1	1		1	1		1	1			
sien				2	1	3					1	1

skakel							2		2		1	1
skiet					1	1						
skryf				1		1				1		1
skuif							1	1	2			
slaan	2		2	5		5	1		1	1	1	2
slaap							1		1			
spring		2	2									
staan							1		1			
stap				4		4	1		1	2		2
steek				1	1	2	7		7	3	1	4
strek											1	1
stuur				1		1						
tel				1		1						
tree	1		1							1		1
trek	2	1	3				2		2			
vat										1		1
vertel								1	1			
was							1		1			
wip											2	2
Teken	63	27	90	89	34	123	115	25	139	100	41	136
Tipe	21	14	24	24	13	28	25	14	32	22	18	28

ADDENDUM 3

Deeltjiewerkwoorde met *kry* as werkwoord in hierdie studie

	1911-1920			1941-1950			1971-1980			2001-2010		
	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal
af	1		1		1	1						
beet				1		1	2	1	3	1	3	4
by										1		1
bymekaar					1	1		2	2		1	1
dood				1		1		2	2			
in							1	1	2	1		1
klaar							1	2	3	2		2
lief	1		1				1		1	1	2	3
los											1	1
om					1	1	1		1			
onder										1		1
op										1		1
reg	2		2	5		5	2	3	5	12	5	17
saam										1		1
seer										3		3
skoon							1		1			
stil										1		1
swaar				1		1				3		3
terug		1	1	3	2	5	4		4	1	2	3
uit				4		4	2	6	8	4	1	5
weg							2		2			
Teken	4	1	5	15	5	20	17	17	34	33	15	48
Tipe	3	1	4	6	4	9	10	7	12	14	7	16

ADDENDUM 4

Deeltjiewerkwoorde met *maak* as werkwoord in hierdie studie

	1911-1920			1941-1950			1971-1980			2001-2010		
	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal
aan	1	3	4	1		1		1	1	3		3
af	1	1	2	1		1	1		1	3	1	4
bang				1		1					1	1
bekend		1	1	1	1	2		1	1	6	5	11
buit	2		2	1		1	1		1	1		1
bymekaar	2	3	5	1	2	3	1	1	2	3	5	8
deur	9	1	10	3	1	4	1		1			
dood	4	3	7	2	3	5	9	5	14	9	3	12
droog				1	1	2		1	1	1		1
fyn					1	1		1	1	1		1
gaar	1	3	4				4		4	2		2
gebruik							1		1	2		2
groot	3		3	1		1	3	2	5	8	4	12
keelskoon										1		1
kennis				1		1						
klaar	7	5	12		5	5	1	13	14	3	3	6
kos										1		1
kwaad										1		1
leeg							1	1	2			
los	4	3	7	1		1	10	8	18	4	1	5
mak	1	1	2									
mee	3		3	1		1	2	1	3	2	1	3
na	1		1								1	1
nat					1	1	3	1	4	2	2	4
nes										2		2
oop	2	5	7	4	7	11	12	13	25	11	16	27
oor	1	1	2									
op	10	1	11	1		1	2		2	4		4
plek		3	3	2	2	4					1	1
reg	5		5	5		5	6	6	12	6	4	10

saak				3	3	6		6	6	3	6	9
seer	4	2	6	4		4	1	1	2	11	7	18
skerp								1	1			
skoon	1	5	6	4	1	5	9	8	17	3	6	9
skrik	1		1									
staan										4		4
staat	1		1	11	3	14	3		3	2	1	3
stil					3	3				1		1
toe	2	5	7	6	1	7	7	3	10	11	5	16
tuis										1		1
uit	17		17	17	1	18	11	6	17	14	8	22
vas	8	1	9	4		4	2		2	3		3
vet							1		1		1	1
vol	2	1	3	1		1		2	2	2	1	3
vry		1	1							1	1	2
weg	1		1									
wys	1		1	2		2				1		1
Teken	95	49	144	80	36	116	92	82	174	133	84	217
Tipe	27	20	30	26	16	30	23	21	30	35	23	39

ADDENDUM 5

Deeltjiewerkwoorde met *neem* as werkwoord in hierdie studie

	1911-1920			1941-1950			1971-1980			2001-2010		
	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal
aan	33	6	39	45	13	58	22	6	28	10	6	16
af	14	6	20	9	1	10	20	5	25	7	4	11
beet	1		1									
by				1		1						
deel	5	9	14	20	4	24	13	3	16	8	10	18
deur					1	1					1	1
in	18	5	23	16	5	21	13	5	18	22	8	30
mee	1	2	3	3		3	1		1			
oor	3	3	6	1	3	4	17	1	18	17	5	22
op	10	12	22	22	4	26	22	4	26	19	5	24
plaas	1	1	2	1		1	1		1	2		2
saam	4	4	8	3	2	5	4	6	10	4	2	6
terug	1		1		1	1		1	1	3		3
toe	32	4	36	17	6	23	28	10	38	13	7	20
uit	1	1	2		1	1	1		1			
voor	1	1	2	2	2	4				2		2
waar	5	1	6	28	5	33	27	5	32	11	3	14
weg	6	7	13	3	7	10	7	1	8	7	4	11
Teken	136	62	198	171	55	226	176	47	223	125	55	180
Tipe	16	14	16	14	14	17	13	11	14	13	11	14

ADDENDUM 6

Deeltjiewerkwoorde met *val* as werkwoord in hierdie studie

	1911-1920			1941-1950			1971-1980			2001-2010		
	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal	Nie-geskei	Geskei	Totaal
aan	3		3	12	4	16	6	2	8	13	7	20
af		1	1	1	2	3	3	2	5	3	1	4
binne							1		1		1	1
by	1	2	3	1	1	2		1	1		1	1
dood										1		1
in	2	1	3	2	1	3	1	3	4	4	1	5
neer		2	2	2	1	3						
om				1		1	1		1	3		3
op		1	1	3	1	4		3	3		1	1
rond							1		1	1		1
saam										1	2	3
terug				1		1				3		3
toe				1		1	1		1	4	3	7
uit	1		1	2		2		1	1	3		3
vas							2		2	1		1
voor	2		2								2	2
weg					1	1	2		2	1	3	4
Teken	9	7	16	26	11	37	18	12	30	38	22	60
Tipe	5	5	8	10	7	11	9	6	12	12	10	16